# DIE BETROUBAARHEID EN GELDIGHEID VAN DIE PERSOONLIKE ORIËNTASIEVRAELYS VIR UNIVERSITEITSTUDENTE

**Wilhelmina Johanna Fouché, B.Com. Honns.**

Skripsie voorgelê vir die gedeeltelike nakoming van die graad Magister Commercii in die Departement Bedryf- en Personeelsielkunde aan die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys.

Studieleier: Dr. S. Rothmann

Potchefstroom

1998

# KENNISGEWING

- Die Harvardstyl vir bibliografiese verwysings, soos voorgestel deur die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys, word in hierdie skripsie nagevolg:

  POTCHEFSTROOMSE UNIVERSITEIT VIR CHRISTELIKE HOËR ONDERWYS. 1998. Handleiding vir bibliografiese styl. Potchefstroom. (D226/97).

- Die manlike persoonsvoornaam word telkens in die skripsie gebruik, maar die betekenis daarvan moet vertolk word om ook die vroulike persoonsvoornaam in te sluit. Hy beteken dus telkens hy/sy.

- Die terme swart en blank word telkens in die skripsie gebruik, maar die betekenis daarvan moet vertolk word as 'n onderskeiding tussen kultuurgroepe in Suid-Afrika en nie ten opsigte van diskriminasie tussen kleur en ras nie.

# VOORWOORD

## AL DIE LOF EN EER AAN MY HEMELSE VADER

Hiermee my opregte dank en waardering aan die volgende persone vir hul betrokkenheid met die afhandeling van hierdie skripsie:

- Dr. Ian Rothmann vir sy professionele leiding en volgehoue ondersteuning.
- Prof. Pieter Scholtz vir sy belangstelling en ondersteuning.
- Prof. George Sieberhagen en Me. Neelje Theron vir hul hulp en bydrae tydens die afneem van die toetsmateriaal.
- My ouers, broers en suster vir hul bemoediging en bystand.
- My familie en vriende vir hul belangstelling en aanmoediging
- Mev. C. van der Walt vir die taalversorging
- Prof. H.S. Steyn en sy kollegas vir die statistiese verwerkings

# INHOUDSOPGAWE


| | | Bladsy |
|---|---|---|
| Lys van figure | | ix |
| Lys van tabelle | | x |
| Opsomming | | xii |
| Abstract | | xiv |
| **HOOFSTUK 1 : INLEIDING** | | **1** |
| 1.1 | Probleemstelling | 1 |
| 1.2 | Navorsingsdoelstellings | 5 |
| 1.2.1 | Algemene doelstelling | 6 |
| 1.2.2 | Spesifieke doelstellings | 6 |
| 1.3 | Die paradigmatiese perspektief van die navorsing | 6 |
| 1.3.1 | Die intellektuele klimaat | 6 |
| 1.3.1.1 | Dissiplinêre verband van die navorsing | 7 |
| 1.3.1.2 | Metateoretiese aannames | 8 |
| 1.3.2 | Die mark van intellektuele hulpbronne | 9 |
| 1.3.2.1 | Teoretiese oortuigings | 10 |
| 1.3.2.2 | Metodologiese oortuigings | 11 |
| 1.4 | Navorsingsmetode | 13 |
| 1.4.1 | Literatuurstudie | 13 |
| 1.4.2 | Empiriese ondersoek | 13 |
| 1.4.2.1 | Navorsingsontwerp | 13 |

# INHOUDSOPGAWE (Vervolg)


| | | Bladsy |
|---|---|---|
| 1.4.2.2 | Ondersoekgroep | 14 |
| 1.4.2.3 | Meetinstrumente | 14 |
| 1.4.2.4 | Statistiese verwerkings | 15 |
| 1.5 | Hoofstukindeling | 15 |
| 1.6 | Hoofstuksamevatting | 15 |
| **HOOFSTUK 2 : PSIGOLOGIESE OPTIMALITEIT** | | **16** |
| 2.1 | Begripomskrywing | 16 |
| 2.1.1 | Klemverskuiwing van abnormale na optimale gedrag | 16 |
| 2.1.2 | Omskrywing van psigologiese optimaliteit | 17 |
| 2.2 | Teorieë oor psigologiese optimaliteit | 18 |
| 2.2.1 | Gordon Allport | 18 |
| 2.2.1.1 | Aannames | 18 |
| 2.2.1.2 | Doel | 19 |
| 2.2.1.3 | Parameters | 20 |
| 2.2.1.4 | Siening van optimaliteit | 20 |
| 2.2.1.5 | Metodiek | 22 |
| 2.2.1.6 | Toepassingsmoontlikhede | 22 |
| 2.2.1.7 | Beperkinge | 23 |
| 2.2.2 | Carl Rogers | 23 |
| 2.2.2.1 | Aannames | 23 |

# INHOUDSOPGAWE (Vervolg)

| | | Bladsy |
|---|---|---|
| 2.2.2.2 | Doel | 24 |
| 2.2.2.3 | Parameters | 24 |
| 2.2.2.4 | Siening van optimaliteit | 26 |
| 2.2.2.5 | Metodiek | 28 |
| 2.2.2.6 | Toepassingsmoontlikhede | 28 |
| 2.2.2.7 | Beperkinge | 29 |
| 2.2.3 | Abraham Maslow | 29 |
| 2.2.3.1 | Aannames | 29 |
| 2.2.3.2 | Doel | 30 |
| 2.2.3.3 | Parameters | 30 |
| 2.2.3.4 | Siening van optimaliteit | 32 |
| 2.2.3.5 | Metodiek | 34 |
| 2.2.3.6 | Toepassingsmoontlikhede | 34 |
| 2.2.3.7 | Beperkinge | 34 |
| 2.2.4 | Victor Frankl | 35 |
| 2.2.4.1 | Aannames | 35 |
| 2.2.4.2 | Doel | 35 |
| 2.2.4.3 | Parameters | 35 |
| 2.2.4.4 | Siening van optimaliteit | 37 |
| 2.2.4.5 | Metodiek | 38 |
| 2.2.4.6 | Toepassingsmoontlikhede | 38 |

# INHOUDSOPGAWE (Vervolg)


| | | Bladsy |
|---|---|---|
| 2.2.4.7 | Beperkinge | 38 |
| 2.2.5 | Everett L. Shostrom | 38 |
| 2.2.5.1 | Aannames | 39 |
| 2.2.5.2 | Doel | 39 |
| 2.2.5.3 | Parameters | 40 |
| 2.2.5.4 | Siening van optimaliteit | 40 |
| 2.2.5.5 | Metodiek | 42 |
| 2.2.5.6 | Toepassingsmoontlikhede | 42 |
| 2.2.5.7 | Beperkinge | 42 |
| 2.2.6 | Samevatting en bespreking | 43 |
| 2.3 | Hoofstuksamevatting | 45 |
| **HOOFSTUK 3 : EMPIRIESE ONDERSOEK** | | **46** |
| 3.1 | Doel van die empiriese ondersoek | 46 |
| 3.2 | Ondersoekgroep | 46 |
| 3.3 | Die metingsbattery | 47 |
| 3.3.1 | Die Persoonlike Oriëntasievraelys (POI) | 48 |
| 3.3.1.1 | Ontwikkeling en rasionaal van die POI | 48 |
| 3.3.1.2 | Beskrywing van die POI | 48 |
| 3.3.1.3 | Afneem en nasien van die POI | 51 |
| 3.3.1.4 | Interpretasie van die POI | 51 |

# INHOUDSOPGAWE (Vervolg)


| | | Bladsy |
|---|---|---|
| 3.3.1.5 | Betroubaarheid van die POI | 52 |
| 3.3.1.6 | Geldigheid van die POI | 53 |
| 3.3.1.7 | Motivering vir die gebruik van die POI | 54 |
| 3.3.2 | Die Sestien-Persoonlikheidsfaktorvraelys (16 PF) | 54 |
| 3.3.2.1 | Ontwikkeling en rasionaal van die 16 PF | 55 |
| 3.3.2.2 | Beskrywing van die 16 PF | 55 |
| 3.3.2.3 | Afneem en nasien van die 16 PF | 57 |
| 3.3.2.4 | Interpretasie van die 16 PF | 58 |
| 3.3.2.5 | Betroubaarheid van die 16 PF | 59 |
| 3.3.2.6 | Geldigheid van die 16 PF | 60 |
| 3.3.2.7 | Motivering vir die gebruik van die 16 PF | 60 |
| 3.3.3 | Die Lokus van Beheer-vraelys (LVB) | 60 |
| 3.3.3.1 | Ontwikkeling en rasionaal van die LVB | 61 |
| 3.3.3.2 | Beskrywing van die LVB | 62 |
| 3.3.3.3 | Afneem en nasien van die LVB | 62 |
| 3.3.3.4 | Interpretasie van die LVB | 64 |
| 3.3.3.5 | Betroubaarheid van die LVB | 65 |
| 3.3.3.6 | Geldigheid van die LVB | 66 |
| 3.3.3.7 | Motivering vir die gebruik van die LVB | 67 |
| 3.4 | Navorsingsmetode | 68 |
| 3.5 | Statistiese ontledings | 68 |

# INHOUDSOPGAWE (Vervolg)


| | | Bladsy |
|---|---|---|
| 3.6 | Hipoteseformulering | 70 |
| 3.6.1 | Navorsingshipoteses | 70 |
| 3.7 | Hoofstuksamevatting | 70 |
| **HOOFSTUK 4 : RESULTATE VAN DIE EMPIRIESE ONDERSOEK** | | **71** |
| 4.1 | Beskrywende statistiek van die meetinstrumente | 71 |
| 4.2 | Die betroubaarheid van die POI | 74 |
| 4.3 | Die geldigheid van die POI | 80 |
| 4.3.1 | Korrelasies tussen die POI en die 16 PF | 80 |
| 4.3.2 | Korrelasies tussen die POI en die LVB | 90 |
| 4.4 | Hoofstuksamevatting | 94 |
| **HOOFSTUK 5 : GEVOLGTREKKINGS EN AANBEVELINGS** | | **95** |
| 5.1 | Gevolgtrekkings | 95 |
| 5.2 | Leemtes in die navorsing | 96 |
| 5.3 | Aanbevelings | 97 |
| **BIBLIOGRAFIE** | | **99** |

# LYS VAN FIGURE


| Figuur | | Bladsy |
|---|---|---|
| 2.1 : | Fokusverskuiwing in die sielkunde | 16 |
| 2.2 : | Die hiërargie van behoeftes | 31 |
| 2.3 : | Die proses van aktualisering | 41 |

# LYS VAN TABELLE

**Tabel** **Bladsy**


| Tabel | | Bladsy |
|---|---|---|
| 3.1 : | Grootte van die ondersoekgroep ten opsigte van geslag | 47 |
| 3.2 : | Grootte van die ondersoekgroep ten opsigte van ras | 47 |
| 3.3 : | Die toets-hertoetsbetroubaarheid van die POI in Suid-Afrika | 52 |
| 3.4 : | Halfverdelingsbetroubaarheidsindekse vir die 16 PF | 59 |
| 3.5 : | Die onderskeid tussen persone met 'n interne lokus van beheer en dié met 'n eksterne lokus van beheer | 65 |
| 4.1 : | Beskrywende statistiek ten opsigte van die POI (N = 225) | 72 |
| 4.2 : | Beskrywende statistiek ten opsigte van die LVB (N = 225) | 73 |
| 4.3 : | Beskrywende statistiek ten opsigte van die 16 PF (N = 225) | 74 |
| 4.4 : | Die betroubaarheid van die POI (N = 225) | 75 |
| 4.5 : | Betroubaarheid van die POI ten opsigte van blanke toets-kandidate (N = 177) | 78 |
| 4.6 : | Betroubaarheid van die POI ten opsigte van swart toets-kandidate (N = 48) | 79 |
| 4.7 : | Korrelasies tussen die POI en die 16 PF by die totale groep (N = 225) | 81 |
| 4.8 : | Opsomming van die korrelasies tussen die POI en die 16 PF | 82 |
| 4.9 : | Korrelasies tussen die POI en die 16 PF by die blanke toets-kandidate (N = 177) | 86 |

# LYS VAN TABELLE (Vervolg)

**Tabel** **Bladsy**

4.10 : Korrelasies tussen die POI en die 16 PF by die swart toets-kandidate (N = 48) 88

4.11 : Korrelasies tussen die POI en die LVB by die totale groep (N = 225) 90

4.12 : Korrelasies tussen die POI en die LVB by die blanke toets-kandidate (N = 177) 92

4.13 : Korrelasies tussen die POI en die LVB by die swart toets-kandidate (N = 48) 93

# OPSOMMING

**Onderwerp : Die betroubaarheid en geldigheid van die Persoonlike Oriëntasievraelys vir universiteitstudente.**

**Sleutelterme :** psigologiese optimaliteit, selfaktualisering, lokus van evaluering, betroubaarheid, geldigheid

Die mens as individu is voortdurend met 'n proses van groei besig waardeur hy poog om sy potensiaal te optimaliseer. Dié proses van psigologiese optimaliteit verwys na die transendering van 'n persoon tot 'n unieke eenheidsbelewing ten opsigte van sy werk, sy interpersoonlike relasies en sy religieuse verhouding. Die psigometriese toets wat in die bedryf gebruik word om psigologiese optimaliteit te meet is die Persoonlike Oriëntasievraelys (POI).

Oorsese ondersoeke rakende die betroubaarheid en geldigheid van die POI het positiewe resultate opgelewer. Benewens navorsing in 1994, is daar geen verdere betroubaarheids- of geldigheidsondersoeke aangaande die gebruik van die POI in Suid-Afrika opgespoor nie. Gevolglik bestaan daar onsekerheid oor die gebruik van die POI as meetinstrument van psigologiese optimaliteit in Suid-Afrikaanse toestande.

Die doelstelling van hierdie navorsing was om psigologiese optimaliteit soos dit deur die humaniste omskryf word, vanuit die literatuur te konseptualiseer en persoonlikheidskenmerke van 'n psigologies optimaal funksionerende persoon teoreties te omlyn.

Die korrelasionele ontwerp is as navorsingsontwerp gebruik. Die ondersoek-groep is deur middel van 'n beskikbaarheidsteekproef verkry en het bestaan uit universiteitstudente. Die meetinstrumente van toepassing op hierdie navorsing was die POI, die Sestien Persoonlikheidsfaktorvraelys (16 PF) en die Lokus van Beheer-vraelys (LVB).

Die empiriese ondersoek was daarop gerig gewees om die betroubaarheid en geldigheid van die POI vir die gebruik op universiteitstudente te bepaal. Die betroubaarheid van die POI is deur middel van interne konsekwentheid bepaal waartydens betroubaarheidskoëffisiënte van tussen 0,24 en 0,75 verkry is. Uit die resultate blyk dit dat die POI slegs ten opsigte van sekere skale as betroubaar aanvaar kan word.

Wat die geldigheid van die POI betref is Pearson se produkmomentkorrelasies uiteengesit. Uit die resultate blyk dit dat die POI oor 'n redelike mate van geldigheid beskik.

Aanbevelings vir toekomstige navorsing is ten slotte aan die hand gedoen.

# ABSTRACT

**Subject: The reliability and validity of the Personal Orientation Inventory for university students.**

**Key terms:** psychological optimality, self-actualization, locus of evaluation, reliability, validity

Man as an individual is in a constant process of growth by means of which he strives to optimalize his potential. This process of psychological optimality refers to a person's transcending to a unique unity of experience regarding his work, his interpersonal relations and his religious attitude. The psychometric test used in the industry to measure psychological optimality is the Personal Orientation Inventory (POI).

Investigations overseas concerning the reliability and validity of the POI yielded positive results. Apart from research in 1994, no further reliability and validity investigations regarding the use of the POI in South Africa could be identified. Consequently there is uncertainty about the use of the POI as a measuring instrument for psychological optimality under South African conditions.

The aim of this research was to conceptualize from the literature, psychological optimality as defined by the humanists and to describe theoretically, the personality traits of a psychologically optimal functioning person.

The correlational design was used as model for the research. The experimental group was selected by means of an availability sample and consisted of university students. The measuring instruments applied for this research were the POI, the Sixteen Personality Factor Questionnaire and the Locus of Control Questionnaire.

The empirical investigation was aimed at establishing the reliability and validity of the POI for use on university students. The reliability of the POI was established by means of internal consistency during which reliability coefficients of between 0,24 and 0,75 were attained. From the results it is evident that the POI can only be accepted as reliable concerning certain scales.

Regarding the validity of the POI, Pearson's product moment correlations were explained. From the results it is evident that the POI has a reasonable degree of validity.

Finally suggestions for future research were made.

# HOOFSTUK 1

# INLEIDING

Hierdie skripsie handel oor die betroubaarheid en die geldigheid van die Persoonlike Oriëntasievraelys vir universiteitstudente.

In Hoofstuk 1 word eerstens die motivering vir die navorsing aan die hand van die probleemstelling en doel daarvan aangebied. Daarna word die paradigmatiese perspektief van die navorsing, die navorsingsontwerp, die navorsingsmetode en die hoofstukindeling bespreek.

## 1.1 PROBLEEMSTELLING

Die mens word in sy daaglikse bestaan voortdurend gekonfronteer met behoeftes, hetsy om biologies te kan voortbestaan of om optimaal te kan funksioneer. Uit 'n humanistiese oogpunt word die mens as 'n verantwoordelike individu beskou wat voortdurend met 'n proses van groei besig is waardeur hy poog om sy potensiaal te verwesenlik en waarlik homself te wees (Meyer *et al.*, 1994:338). Die humanistiese paradigma beklemtoon selfaktualisering, persoonlike groei, psigologiese gesondheid en optimale funksionering en is gekant teen die siening dat die mens se gedrag daarop gerig is om spanning te verminder (Rothmann, 1996:8).

'n Psigologies gesonde persoon is iemand wat daarna streef om selfaktualiserend op te tree. Selfaktualisering is 'n begeerte om alles te wees waartoe 'n mens in staat is, dit wil sê om ten volle gebruik te maak van vermoëns, talente en potensiaal (Meyer *et al.*, 1994:381). Dit is dus 'n voortdurende groeiproses waardeur gepoog word om 'n mens se volle potensiaal te verwesenlik (Shostrom, 1976:1). Rogers beweer dat hierdie selfaktualisering 'n motiveringsmag is wat in alle mense teenwoordig is (Cilliers, 1985:22).

Die individu se mensheid en sy potensiaal vir 'n bevredigende lewe (psigologiese optimaliteit) word dus deur die humaniste erken. Psigologiese optimaliteit verwys na 'n

natuurlike, dinamiese en kreatiewe groeiproses waarin die individu met 'n toenemende besef van sy verantwoordelikheid deur selfdefiniëring en die optimalisering van fisieke, psigiese en geestelike potensiaal tot 'n unieke eenheidsbelewing ontwikkel en homself in sy werk, in sy interpersoonlike relasies en in sy religieuse verhouding transendeer (Cilliers, 1985:27). Die gevolg hiervan is 'n geheelwording van die psige, 'n interne lokus van evaluering en die optimalisering van potensiaal (Rothmann, 1996:85).

Binne die werksituasie, en meer spesifiek bestuursontwikkeling, word dikwels gefokus op die meting en stimulering van psigologiese optimaliteit. Psigologiese optimaliteit word in hierdie verband as sinoniem met selfaktualisering (selfontwikkeling) beskou. Die psigometriese toets wat in die meeste studies, asook in die bedryf, gebruik word om selfaktualisering te meet, is die Persoonlike Oriëntasievraelys (POI) (vgl. Cilliers & Wissing, 1993; Jorgensen, 1996; Rothmann, 1996).

Maslow (1971:28) noem dat die POI selfaktualisering meet soos dit operasioneel gedefinieer is. Die POI is saamgestel vir die meting van waardes en gedrag wat tipies is van 'n selfaktualiserende individu (Wissing & Van Eeden, 1997:13). Hierdie selfevalueringsinstrument is op grond van die humanisties-eksistensiële persoonlikheidsteorieë van Maslow, Rogers, Shostrom en Perls ontwikkel (Rothmann, 1997:35). Die POI poog om 'n beeld van die respondent se selfaktualisering te gee. Die 150 items van die vraelys word in twaalf skale ingedeel wat weer in die volgende afdelings gegroepeer is: Tydratio, Ondersteuningsratio, Waardes, Gevoelens, Selfpersepsie, Sinergistiese bewustheid en Interpersoonlike sensitiwiteit (Rothmann, 1997:36-38). Die POI-tellings evalueer die respondent se vlak van positiewe geestesgesondheid (Cilliers, 1984:233).

Navorsing met behulp van die POI het tot op hede veral gefokus op die evaluering van die selfaktualisering (psigologiese optimaliteit) van bestuurders (Cilliers & Wissing, 1993) en fasiliteerders (Culbert *et al.*, 1968; Knapp & Shostrom, 1976; Jorgensen, 1996; Rothmann, 1996), sowel as op die veranderinge wat na afloop van groeigroepe plaasvind. Verdere navorsing sedert die ontwikkeling van die POI het gefokus op die interpersoonlike effektiwiteit van beraders (Duncan *et al.*, 1990; Foulds, 1969; Payne, 1981; Schwab & Harris, 1981), en die invloed wat kennis aangaande selfaktualisering op die resultate van die POI het (Goldman & Olczak, 1981; Rizzo & Vinacke, 1975).

Alvorens enige navorsing met behulp van 'n psigometriese toets gedoen kan word, moet dit aan sekere basiese vereistes voldoen om betekenisvolle metingsresultate te verkry (Smit, 1991:25). Van hierdie vereistes behels dat 'n toets betroubaar en geldig moet wees.

Sielkundige meting is primêr 'n kwantitatiewe meting van gedrag maar kan ook tot kwalitatiewe oordele lei. Om van enige praktiese waarde ten opsigte van gedragsbeskrywing te wees, moet hierdie beoordelings op grond van betroubare gegewens gemaak word (Smit, 1991:31). In die wydste betekenis wys toetsbetroubaarheid op die konstantheid van toetsprestasie van dieselfde individu by verskillende geleenthede (Murphy & Davidschofer, 1998:73; Smit, 1991:31).

'n Psigometriese toets moet egter nie alleen by herhaalde toepassings konstante resultate lewer nie, maar dit moet ook meet waarvoor dit gebruik word (Smit, 1991:53). Geldigheid is dus 'n belangrike vereiste omdat dit 'n aanduiding gee van die mate waarin die toets daarin slaag om die eienskap te meet wat dit veronderstel is om te meet (De Klerk, 1995:6; Murphy & Davidschofer, 1998:74)

Ondersoeke rakende die betroubaarheid en die geldigheid van die POI in die Verenigde State van Amerika het positiewe resultate opgelewer (Rothmann, 1997:39). So dui Oakland *et al.* (1978:80) daarop dat die volgende toets-hertoets-betroubaarheidskoëffisiënte onder andere in Amerika verkry is:

- 0,91 vir tydratio (TC) en 0,93 vir ondersteuningsratio (I) (skoolsielkundiges),
- 0,52 vir aanvaarding van aggressie (A) tot 0,82 vir eksistensialiteit (Ex) (studente), en
- 0,40 vir sinergie (Sy) tot 0,74 vir eksistensialiteit (Ex) (verpleegstudente).

Die POI beskik oor konstrukgeldigheid en onderskei duidelik tussen selfgeaktualiseerde en nie-selfgeaktualiseerde persone in die terapeutiese situasie (Shostrom & Knapp, 1966:193-202).

Benewens navorsing deur Schulz (1994) kon geen verdere Suid-Afrikaanse betroubaarheids- of geldigheidsondersoeke aangaande die POI opgespoor word nie. In 'n Suid-Afrikaanse toets-hertoetsbetroubaarheidsondersoek vind Schulz dat die betroubaarheid van die meeste POI-skale aanvaarbaar is, met korrelasies tussen 0,41 en 0,82 (Schulz, 1994:111).

Schulz (1994:112) voer die volgende redes vir die lae betroubaarheid van sommige skale van die POI aan:

- Respondente het dikwels probleme ervaar om van die items op die Mensbeskouing (Nc)-skaal te beantwoord.

- Die aantal items op sommige subskale was te min.

- Eksterne faktore soos leer, oefening, ontwikkeling, vermoeidheid en motivering kon 'n sistematiese verandering in die responspatrone van verskeie individue meegebring het.

Schulz (1994:119) bevind dat die POI wel oor konstrukgeldigheid beskik. Hy bevind dat die Tydratio (Tc) en die Ondersteuningsratio (I) positief korreleer met emosionele stabiliteit, ekstroversie, selfgelding en entoesiasme (soos gemeet deur die Sestien-Persoonlikheidsfaktorvraelys). Negatiewe korrelasies is tussen die genoemde skale en angs, agterdog en depressie (wat die teenoorgestelde van selfaktualisering is) gevind. Soortgelyke bevindings is ten opsigte van die ander POI-skale verkry (Schulz, 1994:119).

Ten spyte van Schulz se resultate bestaan daar steeds onsekerheid oor die betroubaarheid en die geldigheid van die POI in Suid-Afrikaanse toestande. Hierdie onsekerheid word versterk deur resultate waar die POI as 'n meetinstrument gebruik is.

Alhoewel Cilliers (1994:99) vind dat die POI oor hoë betroubaarheid en geldigheid beskik, bevind Wissing en Van Eeden (1997:31) in hul studie ten opsigte van psigologiese gesondheid die POI 'n teleurstellende meetinstrument met lae betroubaarheid - veral in die geval van swart respondente. Dit is dus van kardinale

belang dat die betroubaarheid en geldigheid van die POI ook ten opsigte van hierdie groep, en meer spesifiek universiteitstudente, bepaal moet word.

Volgens die Sentrale Statistiek Diens (1995) maak die aantal gegradueerdes in Suid-Afrika minder as 1,5% van die totale populasie uit. Dit is 'n aanduiding dat die meeste gegradueerdes in bestuursposisies sal inbeweeg wanneer hulle die arbeidsmark betree. In hierdie verband noem Herbst (1998) dat namate daar nader aan die volgende millenium beweeg word, Suid-Afrika al meer individue in bestuur sal benodig wat suksesvol met talle veranderinge en eksterne kragte sal moet kan cope. Psigologiese optimaliteit sal ten opsigte van die bestuurskwessie 'n rol speel, aangesien 'n interne lokus van evaluering en die optimalisering van potensiaal daartoe kan bydra om doeltreffend in 'n dinamiese omgewing op te tree. 'n Studie ten opsigte van die betroubaarheid en geldigheid van die POI ten opsigte van hierdie groep (universiteitstudente) word hierdeur geregverdig.

Die volgende navorsingsvrae ontstaan op grond van bogenoemde uiteensetting van die navorsingsprobleem:

- Wat word bedoel met psigologiese optimaliteit?
- Wat is die verband tussen psigologiese optimaliteit en persoonlikheidsfunksionering?
- Wat is die betroubaarheid van die Persoonlike Oriëntasievraelys vir universiteit-studente?
- Wat is die geldigheid van die Persoonlike Oriëntasievraelys vir universiteit-studente?
- Watter aanbevelings kan ten opsigte van die gebruik van die POI by universiteit-studente aan die hand gedoen word?

## 1.2 NAVORSINGSDOELSTELLINGS

Die navorsingsdoelstellings omvat 'n algemene doelstelling en ook spesifieke doelstellings.

### 1.2.1 Algemene doelstelling

Die algemene doel van hierdie navorsing is om vas te stel hoe psigologiese optimaliteit in die literatuur gekonseptualiseer word en om die betroubaarheid en geldigheid van die Persoonlike Oriëntasievraelys vir universiteitstudente te bepaal.

### 1.2.2 Spesifieke doelstellings

Die spesifieke doelstellings van die navorsing is soos volg:

- Om vanuit die literatuur te bepaal wat met psigologiese optimaliteit bedoel word.
- Om vanuit die literatuur te bepaal wat die verband tussen psigologiese optimaliteit en persoonlikheidsfunksionering is.
- Om die betroubaarheid van die Persoonlike Oriëntasievraelys vir universiteit-studente te bepaal.
- Om die geldigheid van die Persoonlike Oriëntasievraelys vir universiteitstudente te bepaal.
- Om aanbevelings ten opsigte van die gebruik van die POI by universiteitstudente aan die hand te doen.

## 1.3 DIE PARADIGMATIESE PERSPEKTIEF VAN DIE NAVORSING

Die navorsing word gerig deur 'n bepaalde paradigmatiese perspektief wat die intellektuele klimaat en die mark van intellektuele hulpbronne insluit (Mouton & Marais, 1992:21).

### 1.3.1 Die intellektuele klimaat

Die intellektuele klimaat verwys na die verskeidenheid nie-epistemiese oortuigings wat in 'n gegewe periode in 'n dissipline onderskryf word. Dit is oortuigings, waardes en aannames wat nie regstreeks te make het met die epistemiese oogmerke van die wetenskaplike navorsingspraktyk nie (Mouton & Marais, 1992:21). Hierdie oortuigings is dikwels nie toetsbaar nie, of is nie bedoel om toetsbaar te wees nie. Dit is postulate wat onderliggend is aan toetsbare resultate.

Ten einde die intellektuele klimaat van die navorsing te bepaal, word die dissiplinêre verband en die metateoretiese paradigmas van die navorsing vervolgens bespreek.

#### 1.3.1.1 Dissiplinêre verband van die navorsing

Hierdie navorsing val binne die grense van die gedragwetenskappe. 'n Dissipline in die gedragwetenskappe is die bedryfsielkunde. Daar word in hierdie navorsing primêr op die bedryfsielkunde gefokus. Bedryfsielkunde word omskryf as : "... dié afdeling van die toegepaste sielkunde wat te make het met werk in die organisasie. Dit sluit onder meer in die keuring en plasing van personeel, opleiding, taakontleding, poswaardering, motivering van personeel, prestasiebeoordeling, die bestudering van moreel en vermoeidheid, ergonomika, organisasiesielkunde, mark- en verbruikersielkunde en industriële veiligheid" (Plug *et al.*, 1997:36).

Subdissiplines ten opsigte van die veld van die bedryfsielkunde waarop in hierdie navorsing gefokus word, is psigometrika en personeelsielkunde.

**a. Psigometrika**

Psigometrika as veld van die bedryfsielkunde behels die wetenskaplike (sielkundige) meting van gedrag, insluitende die opstelling en standaardisering van sielkundige toetse (Plug *et al.*, 1997:301). Die basiese aanname grondliggend aan sielkundige meting is dat die mens individuele verskille ten opsigte van fisiese sowel as psigiese eienskappe manifesteer. In die wetenskaplike studie van gedrag is dit noodsaaklik dat die manier waarop waarnemings gemaak word en die omstandighede waaronder dit gedoen word, duidelik omskryf en gestandaardiseer word, waarnemings sover moontlik in syfers uitgedruk word, waarnemings van baie proefpersone verkry word, met ander woorde dat waarnemings van 'n verteenwoordigende steekproef uit die populasie gebruik moet word om tot gevolgtrekkings te kom.

Dit kom daarop neer dat meetinstrumente of skale gebruik moet word om die waarnemings so akkuraat moontlik te maak, die resultate van 'n eksperiment of metingsproses verkry, volgens vasgestelde metodes en reëls hanteer moet word sodat die resultate so betekenisvol moontlik gestel kan word en geldige en betroubare gevolgtrekkings op grond daarvan gemaak kan word (Smit, 1991).

### b. Personeelsielkunde

Personeelsielkunde as veld van die bedryfsielkunde het te make met die psigologiese eienskappe van werknemers in verhouding tot hulle beroepstake en hulle verhoudings met ander werknemers (Plug *et al.*, 1997:278). In die personeelsielkunde word onder meer aandag gegee aan die indiensneming, opleiding en ontwikkeling en instandhouding van personeel (Louw & Edwards, 1993:848). Dit behels verder ook die meting van die kennis, vaardighede en kenmerke van werknemers.

### 1.3.1.2 Metateoretiese aannames

Drie paradigmas is van toepassing op hierdie navorsing. Eerstens word die literatuurstudie vanuit die humanistiese paradigma aangebied en tweedens is die positivistiese en funksionalistiese paradigmas ook van toepassing ten opsigte van die empiriese ondersoek.

### a. Literatuurstudie

Die ***humanistiese*** paradigma beklemtoon selfaktualisering, persoonlike groei, psigologiese gesondheid en optimale funksionering en is gekant teen die siening dat die mens se gedrag slegs daarop gerig is om spanning te verminder (Plug *et al.*, 1997:150).

Die basiese temas van hierdie paradigma is soos volg (Lundin, 1991:350; Schultz & Schultz, 1996:435):

- Die mens in sy totaliteit is meer as die som van sy dele.
- Die mens is bewus. Ongeag hoeveel van die menslike bewussyn ontoeganklik is, die beskikbare bewustheid is 'n lewenskenmerk en die basis van begrip ten opsigte van sy ervaring.
- Die mens het of maak keuses. Die mens is 'n unieke wese wat 'n vrye wil het en wat nie willoos uitgelewer is aan magte buite sy beheer nie. In plaas daarvan om 'n

passiewe toeskouer te wees, kan die mens sy lewenswyse op 'n aktiewe wyse verander. Onderliggend hieraan is die behoefte om sy potensiaal te aktualiseer.

- Die mens bestaan in 'n menslike konteks.

Volgens die humanisme het die behaviorisme en die psigo-analise 'n beperkte siening van die aard van die mens. Die behavioriste beskou die mens as 'n masjien wat passief respondeer op eksterne stimuli. Die psigo-analiste fokus slegs op die siek sy van die mens en beskou hom as 'n slagoffer van biologiese kragte en konflik in die kinderjare (Schultz, 1977:2). Alhoewel die humaniste nie die teenwoordigheid van eksterne stimuli, instinkte en konflikte ontken nie, glo hulle nie dat die mens 'n statiese slagoffer van hierdie omstandighede is nie.

**b. Empiriese ondersoek**

Die ***positivistiese*** paradigma gaan van die veronderstelling uit dat kennis slegs betrekking het op waarneembare verskynsels en dat meta-fisiese ondersoeke na die aard van die uiteindelike realiteit onnodig en onwetenskaplik is (Plug *et al.*, 1997:285). Dit gaan dus hier slegs om verskynsels wat waarneembaar is en enigiets van 'n spekulatiewe, afleibare of bonatuurlike aard word as denkbeeldig beskou en dus verwerp (Schultz & Schultz, 1996:34).

Die ***funksionalistiese*** paradigma beklemtoon dat groot, sinvolle eenhede van psigiese verskynsels in hulle funksionele verband bestudeer word deur te vra na wat die betekenis daarvan vir die mens se voortbestaan is (Lundin, 1991:126-127). In hierdie navorsing is dié paradigma van toepassing ten opsigte van die navorser se onpartydigheid teenoor die gedrag wat bestudeer word en objektiewe en streng wetenskaplike metodes en tegnieke wat gebruik word.

**1.3.2 Die mark van intellektuele hulpbronne**

Die mark van intellektuele hulpbronne dui op die oortuigings met die epistemiese status van wetenskaplike stellings, dit wil sê met hul status as kennisaansprake (Mouton & Marais, 1992:22). Dit word in teoretiese oortuigings en metodologiese oortuigings onderverdeel.

#### 1.3.2.1 Teoretiese oortuigings

Teoretiese oortuigings kan omskryf word as alle oortuigings wat toetsbare uitsprake oor sosiale verskynsels lewer (Mouton & Marais,1992:22). Die volgende teoretiese stellings dien as vertrekpunt van bespreking in hierdie navorsing en word in konseptuele omskrywings en modelle en teorieë verdeel.

**a. Konseptuele omskrywings**

Die konseptuele omskrywings wat in die navorsing geld, word vervolgens gegee.

*Psigologiese optimale funksionering* word gedefinieer as 'n positiewe en dinamiese ontwikkelingsproses waartydens individue duideliker selfkonsepte bekom deur terugvoer van die omgewing, hulself positief aanslaan, terwyl selfobjektiwiteit steeds moontlik is, en meer effektiewe interaksie met die wêreld om hulle kan hê (terwyl destruktiewe interaksie beperk en selfs uitgeskakel word). Die gevolg hiervan is 'n geheelwording van die psige, 'n interne lokus van beheer en die optimalisering van potensiaal (Schultz, 1977:143-144).

*Psigiese gesondheid (geestesgesondheid)* word gedefinieer as 'n toestand van relatief goeie aanpassing wat gepaard gaan met 'n gevoel van tevredenheid, 'n lus vir die lewe en die aktualisering van potensiaal en vaardighede asook die afwesigheid van psigopatologiese toestande (Plug *et al.*, 1997:117).

*Selfaktualisering* word gedefinieer as: (Plug *et al.*, 1997:326):

1. Die proses waardeur individue ooreenkomstig hul selfkonsep handel en ontwikkel.
2. Die individu se optimale verwesenliking van sy of haar talente, vermoëns en potensiaal. Dit geskied by 'n persoon wat die vlak van groeimotivering bereik het.

*Onvoorwaardelike positiewe aanvaarding* kan gedefinieer word as die aanvaarding (bv. deur 'n terapeut of ouer) van 'n ander persoon sonder dat voorwaardes vir aanvaarbare gedrag gestel of geïmpliseer word. Die veronderstelling is dat só 'n houding bevorderlik is vir die ander persoon se selfbegripontwikkeling (Plug *et al.*, 1997:253).

### b. Modelle en teorieë

'n Model is gerig op die vereenvoudigde uitbeelding van verhoudinge tussen die hoofelemente van 'n proses. Dit klassifiseer nie net verskynsels nie maar poog ook om verbande daartussen te sistematiseer (Mouton & Marais, 1992:143). Vanweë die aard en doelstelling van hierdie navorsing is die model van psigologiese groei (Schultz, 1977) van belang.

'n Teorie word soos volg gedefinieer: "...a set of interrelated constructs or concepts, definitions, and propositions that present a systematic view of phenomena by specifying relations among variables, with the purpose of explaining and predicting the phenomena." (Kerlinger, 1986:9) Teorieë wat as relevant vir hierdie navorsing beskou word, sluit in die psigologiese groeiteorie en die psigometriese teorie.

Die teorieë van Allport (1956; 1961; 1970), Rogers (1951; 1961; 1973; 1975), Maslow (1954; 1970; 1971), Frankl (1969; 1978) en Shostrom (1976) wat elemente van psigologiese groei omskryf, is relevant ten opsigte van hierdie navorsing. Hierdie teorieë volg 'n denkskool wat klem lê op psigologiese gesondheid en groei, optimale ontwikkeling en selfaktualisering. Volgens laasgenoemde teorieë kan die groei van normale tot optimale gedrag aangehelp en gefasiliteer word (Schulz, 1994:11).

Die psigometriese teorie bestaan eerstens uit die meting van die konsep selfaktualisering met die gebruik van 'n persoonlikheidstoets, naamlik die POI en tweedens, die bepaling van die geldigheid en betroubaarheid van die POI deur middel van aanvaarbare psigometriese standaarde. Die statistiese prosedure ter sprake is korrelasie wat gedefinieer word as die bepaling van die verhouding tussen verskillende tipes data (Leedy, 1993).

### 1.3.2.2 Metodologiese oortuigings

Metodologiese oortuigings kan omskryf word as "...oortuigings wat uitsprake maak oor die aard en struktuur van wetenskap en wetenskaplike navorsing" (Mouton & Marais, 1992:24.) Dit sluit wetenskapsfilosofiese tradisies en die belangrikste metodologiese modelle (kwalitatief en kwantitatief) in.

Vir die doeleindes van hierdie navorsing, kan die kwantitatiewe benadering breedweg beskryf word as daardie benadering in geesteswetenskaplike navorsing wat meer geformaliseerd, sowel as eksplisiet gekontroleerd is, met 'n reikwydte wat meer presies afgebaken is en relatief na aan benaderings van die natuurwetenskappe geleë is (Mouton & Marais, 1992:159).

Die tipe meting wat hier relevant is, is nominale meting. Nominale meting behels dat proefpersone ten opsigte van die eienskap wat gemeet word in verskillende, onderling uitsluitende en alomvattende kategorieë geplaas word (Huysamen, 1993:115). Die data wat gemeet en op hierdie navorsing van toepassing is, is die konsep van psigologiese optimaliteit. Die metingsinstrument, geklassifiseer as 'n persoonlikheidstoets, wat gebruik word, is die Persoonlike Oriëntasievraelys (POI), ontwikkel deur Shostrom (1966).

Alvorens enige meting plaasvind, is dit nodig dat die meetinstrument aan die konsepte betroubaarheid en geldigheid voldoen.

**a. Betroubaarheid**

Betroubaarheid is dié eienskap van 'n meetinstrument (bv. 'n sielkundige toets), meetprosedure of stel waarnemings wat dit moontlik maak om soortgelyke resultate te verkry as die metings op identiese wyse herhaal sou word (Plug *et al.*, 1997:43). Daar is verskeie metodes om die betroubaarheid van 'n toets vas te stel soos onder andere die toets-hertoetsmetode, ekwivalente-vormemetode, halveermetode en interne konsekwentheidsmetode. Vir die doeleindes van hierdie navorsing sal gebruik gemaak word van die interne konsekwentheidsmetode om die betroubaarheid van die POI vas te stel.

Die interne konsekwentheidsmetode bepaal die betroubaarheid van 'n toets deur te fokus op die aantal items in die toets en die interitemkorrelasie tussen hierdie toetsitems (Murphy & Davidshofer, 1998:119). Hier word meer spesifiek verwys na inhoudsbetroubaarheid wat betrekking het op die homogeniteit van items. Metings van homogeniteit is 'n aanduiding van die toets se interne konsekwentheid. Die ideale toets sou so homogeen moontlik wees, want dan is sy ander vorme van betroubaarheid ook hoog (Smit, 1991:39). Die interne konsekwentheid is maksimaal indien die

interitemkorrelasies hoog is, die itemvariansie groot is en die moeilikheidswaarde van die items gelyk is.

**b. Geldigheid**

Geldigheid is die mate waarin 'n meetinstrument (bv. 'n sielkundige toets) meet wat dit veronderstel is om te meet (Louw & Edwards, 1993:357; Murphy & Davidshofer, 1998:74; Plug *et al.*, 1997:120). Die mate van geldigheid van 'n toets is 'n belangrike eienskap vir die praktiese bruikbaarheid daarvan. Daar bestaan verskillende soorte geldigheid soos inhoudsgeldigheid, voorspellingsgeldigheid, saamvallende geldigheid en konstrukgeldigheid.

## 1.4 NAVORSINGSMETODE

Die navorsingsmetode bestaan uit 'n literatuurstudie en 'n empiriese ondersoek.

### 1.4.1 Literatuurstudie

In die literatuurstudie word gefokus op psigologiese optimaliteit en die vraag of die POI 'n betroubare en geldige meetinstrument daarvan is.

### 1.4.2 Empiriese ondersoek

Die volgende aspekte ten opsigte van die empiriese ondersoek word uitgelig:

#### 1.4.2.1 Navorsingsontwerp

Die navorsingsontwerp kan geklassifiseer word as 'n opname-ontwerp (korrelasionele ontwerp) (Huysamen, 1993:102). In hierdie ontwerp word 'n enkele groep proefpersone (verkieslik) ewekansig verkry en elke individu in die groep word op twee of meer veranderlikes op ongeveer dieselfde tydstip getoets en die verbande tussen hierdie verkreë metings word ontleed. Dit gaan dus hier om die verbande tussen veranderlikes wat nie noodwendig 'n oorsaaklikheid tussen die veranderlikes impliseer nie (Huysamen, 1993:8).

#### 1.4.2.2 Ondersoekgroep

Die ondersoekgroep bestaan uit universiteitstudente verbonde aan die Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe aan die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys, wat Bedryf- en Personeelsielkunde of Bedryfsosiologie (Menseverhoudinge) as 'n vak by hul kursus ingesluit het. Die ondersoekgroep is deur middel van 'n beskikbaarheidsteekproef verkry (N=677). Hierdie groep is dan in vier strata (Mans, Vrouens, Blank, Swart) verdeel.

#### 1.4.2.3 Meetinstrumente

Die volgende meetinstrumente is vir die doel van hierdie navorsing gebruik:

- Die **Persoonlike Oriëntasievraelys** (POI) (Shostrom & Knapp, 1966) vir die meting van psigologiese optimaliteit. Die betroubaarheid van die POI wissel tussen 0,41 en 0,82 (Schulz, 1994:10). Die POI beskik oor konstrukgeldigheid, soos blyk uit beduidende korrelasies met die Sestien-Persoonlikheidsfaktorvraelys (16 PF). Die Ondersteuningsratio korreleer positief met emosionele stabiliteit, selfgelding en entoesiasme (soos gemeet deur die 16 PF).

- Die **Lokus van Beheervraelys** (Schepers, 1995) vir die meting van lokus van beheer. Die drie skale van hierdie meetinstrument is aan 'n itemontleding onderwerp en die betroubaarheid daarvan is hoër as 0,80. Betekenisvolle korrelasies met die volgende meetinstrumente bevestig die konstrukgeldigheid van die vraelys: die Algemene Skolastiese Aanlegtoets, die Senior Aanlegtoets en Matriekpunte; die Sestien-Persoonlikheidsfaktorvraelys; die Jung-Persoonlikheids-vraelys; die Persoonlike, Huislike, Sosiale en Formele Verhoudingsvraelys; die Opname van Studiegewoontes en -houdings; die Loopbaanontwikkelingsvraelys en die 19 Veld-belangstellingsvraelys. Wat kriteriumverwante geldigheid betref, is bevind dat die vraelys met 'n saamgestelde kriterium van werksukses (r = 0,62) korreleer.

- Die **Sestien-Persoonlikheidsfaktorvraelys** (16 PF) vir die meting van verskeie persoonlikheidsfaktore. Die betroubaarheid van die huidige 16 PF (Vorm SA 92) is baie hoër as die vorige vorms van die 16 PF (RGN Toetskatalogus, 1994/5:4). Catell *et al.* (1970 soos aangehaal deur Schulz, 1994:103) rapporteer ook ten

opsigte van die 16 PF koëffisiënte (met 'n tydsverloop van ongeveer twee maande) 'n toets-hertoetsbetroubaarheidskorrelasie wat wissel tussen 0,55 en 0,88. Die bewyse vir geldigheid van die 16 PF lê in die faktoranalitiese konstruksie van die toets. Baie van die faktore kom ooreen met dié wat verkry is uit skale en eksperimentele data, wat geldigheid ondersteun.

#### 1.4.2.4 Statistiese verwerkings

Beskrywende statistiek (rekenkundige gemiddeldes, standaardafwykings, minimum en maksimum waardes) sal gebruik word. Verder sal Cronbach se Alpha-koëffisiënte bepaal word om die betroubaarheid van die POI vas te stel en Pearson se produkmomentkorrelasies sal uiteengesit word (Anastasi, 1988).

## 1.5 HOOFSTUKINDELING

Die hoofstukke word in hierdie navorsing soos volg aangebied:

Hoofstuk 2 - Psigologiese optimaliteit
Hoofstuk 3 - Empiriese ondersoek
Hoofstuk 4 - Resultate van die empiriese ondersoek
Hoofstuk 5 - Gevolgtrekkings, leemtes en aanbevelings

## 1.6 HOOFSTUKSAMEVATTING

In Hoofstuk 1 is die motivering ten opsigte van die navorsing bespreek, waarna die probleemstelling omskryf is. Hierna is die algemene en spesifieke doelstellings geformuleer. Vervolgens is die paradigmatiese perspektief van die navorsing uitgeklaar. Die navorsingsontwerp en -metode is bespreek, waarna die hoofstuk-indeling gebied is.

In Hoofstuk 2 word aandag gegee aan persoonlikheid in die humanistiese paradigma, met besondere aandag aan die konsep van psigologiese optimaliteit.

# HOOFSTUK 2

# PSIGOLOGIESE OPTIMALITEIT

In hierdie hoofstuk word psigologiese optimaliteit bespreek. Verskillende humanistiese persoonlikheidsteorieë word behandel ten einde te bepaal hoe psigologiese optimaliteit gekonseptualiseer word, en om vas te stel wat die verband tussen persoonlikheidskenmerke en optimaliteit is.

## 2.1 BEGRIPOMSKRYWING

Ten einde 'n definisie van psigologiese optimaliteit saam te stel, sal eerstens gefokus word op die klemverskuiwing van abnormale verby die normale na optimale gedrag, wat binne die sielkunde plaasgevind het.

### 2.1.1 Klemverskuiwing van abnormale na optimale gedrag

Die bestudering van die menslike potensiaal ten opsigte van groei is lank binne die sielkunde geïgnoreer, deurdat primêr op psigiese afwykings gefokus is eerder as op psigologiese gesondheid. Die afgelope twee dekades het sielkundiges, byvoorbeeld Maslow en Rogers, toenemend die potensiaal vir menslike groei herken en het 'n proses in die sielkunde plaasgevind waar weg beweeg is van die negatiewe, abnormale gedrag na die bestudering van positiewe, optimale gedrag. Die fokus het dus verskuif van abnormale gedrag, verby net blote normale of gemiddelde gedrag na positiewe of optimale gedrag (Schultz, 1977:1).

Hierdie verskuiwing kan skematies soos volg voorgestel word (Cilliers, 1988:15):

| | | |
|---|---|---|
| Negatief<br>abnormaal<br>ongesond | Gemiddeld<br>normaal<br>gesond | Positief<br>optimaal<br>fiks |

[ - - - - - - - - - - - - - - - - - - > - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - > - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - ]

Figuur 2.1 : Fokusverskuiwing in die sielkunde

Die proses van psigologies optimale funksionering neig om die mens op die hoogste vlak van menslike behoeftebevrediging te laat funksioneer en is die unieke, menslike groeiproses tot die verwesenliking van talente en potensiaal. Dit is duidelik dat psigologiese optimaliteit meer behels as net die afwesigheid van patologie (Schultz, 1977:2).

Volgens Cilliers (1984:82) moet die individu oor psigologies optimaal-funksionerende kenmerke beskik om effektief te kan funksioneer. Hierdie kenmerke kan onderverdeel word in intrapersoonlike en interpersoonlike kenmerke. Die intrapersoonlike kenmerke van psigologiese optimaliteit word as voorvereiste vir die interpersoonlike kenmerke daarvan beskou.

Daar sal vervolgens aandag gegee word aan die omskrywing van die begrip psigologiese optimaliteit.

### 2.1.2 Omskrywing van psigologiese optimaliteit

Psigologiese optimaliteit kan beskou word as 'n verhewe welstand en totaliteit in die psige. Dit is 'n natuurlike, dinamiese en kreatiewe groeiproses, waarin die individu met 'n toenemende besef van sy verantwoordelikheid deur selfdefiniëring en die optimalisering van fisiese, psigiese en geestelike potensiaal tot 'n unieke eenheidsbelewing ontwikkel en homself in sy werk, sy interpersoonlike relasies en sy verhouding tot God transendeer (Cilliers, 1988:16 ; 1994:97).

Vir die doeleindes van hierdie navorsing word psigologiese optimaliteit gedefinieer as 'n positiewe, dinamiese behoefte en ontwikkelingsproses waartydens individue duideliker selfkonsepte bekom (deur terugvoer van die omgewing), hulself as positief aanslaan terwyl selfobjektiwiteit steeds moontlik is, en meer effektiewe interaksie met die wêreld om hulle kan hê (terwyl destruktiewe interaksie geminimaliseer of selfs geneutraliseer word). Die gevolg is 'n geheelwording van die psige, 'n interne lokus van evaluering en optimalisering van psigiese potensiaal (Schultz, 1977:143-144).

'n Persoon wat psigologies optimaal funksioneer, word beskou as iemand wat bewus is van sy sterk- en swakpunte en in die hier-en-nou funksioneer. Hy is in staat tot onvoorwaardelike liefde vir homself en ander wat hom omring. Psigologiese optimaliteit

word beskou as 'n voortdurende groeiproses om, soos Loubris *et al.* (1995:12) dit stel, alles te word waartoe 'n mens in staat is.

Vervolgens word die teorieë van psigologiese optimaliteit in oënskou geneem.

## 2.2 TEORIEË OOR PSIGOLOGIESE OPTIMALITEIT

Die kenmerke van psigologiese optimaliteit en die verband daarvan met persoonlikheidsfunksionering word vervolgens vanuit die oogpunte van die humanistiese persoonlikheidsteorieë van Gordon Allport (1956, 1961, 1970), Carl Rogers (1951, 1961, 1973, 1975), Abraham Maslow (1954, 1970, 1971), Victor Frankl (1969, 1978) en Everett L. Shostrom (1976) bespreek. Die bespreking van die teorieë geskied telkens aan die hand van die volgende struktuur:

1. Aannames oor die mens
2. Doel
3. Parameters
4. Siening van psigologiese optimaliteit
5. Metodiek
6. Toepassingsmoontlikhede vir hierdie navorsing
7. Beperkinge van die teorie.

### 2.2.1 Gordon Allport

Allport se holistiese teorie sal vervolgens bespreek word.

#### 2.2.1.1 Aannames

Allport (1956, 1961) bied 'n positiewe en komplementêre beeld van die mens. Alhoewel onbewuste kragte 'n invloed op die gedrag van neurotiese volwassenes het, glo Allport dat die mens nie daardeur beheer word nie. Die individu is 'n komplekse wese en sy gedrag word deur 'n groot verskeidenheid faktore bepaal. Hy beskik oor wilsvryheid, sodat sy gedrag nie ten volle voorspelbaar is nie (Meyer *et al.*, 1994:345).

Hierdie kompleksiteit van die mens kan verder verduidelik word deur aandag te gee aan drie spesifieke aspekte van Allport se mensbeskouing, naamlik sy beklemtoning van die uniekheid van die individu, sy holistiese uitgangspunt en sy onderskeiding van twee vlakke van funksionering, naamlik die opportunistiese vlak en die propriale vlak (Meyer *et al.*, 1994:345-346).

- **Die uniekheid van die individu.** Allport meen dat elke mens 'n unieke genetiese samestelling en 'n unieke lewensgeskiedenis het, wat meebring dat hy gedragsneigings soos gewoontes, houdings en persoonlikheidstrekke ontwikkel wat hom van alle ander persone onderskei. Die vermoë wat elke mens het om vrye wilsbesluite te neem beklemtoon nog verder die uniekheid van elke individu.

- **Die holistiese uitgangspunt.** Allport beklemtoon die standpunt dat die mens as 'n geheel funksioneer en slegs as 'n totaliteit bestudeer kan word. Dit beteken dat geen van sy eienskappe in isolasie van ander gesien moet word nie, want die funksionering van elke eienskap van die persoon word deur al die ander beïnvloed.

- **Die onderskeiding tussen twee vlakke van menslike funksionering.** Allport maak 'n duidelike onderskeid tussen twee vlakke van menslike funksionering.

  - Opportunistiese funksionering: Dit handel oor die neiging tot biologiese voortbestaan. Dit sluit alle gedrag in wat daarop gerig is om die individu se drange te bevredig en sy voortbestaan te verseker.

  - Propriale funksionering: Dit behels die neiging en die vermoë van die mens om in ooreenstemming met sy eie waardes op te tree en om besluite te neem wat nie deur die biologiese drange en die omgewing gedikteer is nie. Dit beteken dat die mens se wilsvryheid as gevolg van opportunistiese funksionering deur propriale funksionering oorheers kan word.

#### 2.2.1.2 Doel

Allport het geglo dat die belangrikste probleem vir die navorser wat persoonlikhede bestudeer, die verduideliking van motivering is. Wanneer die sentrale aspek van die mens se persoonlikheid bestudeer word, word sy hoop, verwagtings en drome daaruit

duidelik. Dit motiveer die volwasse persoon en bied begrip vir sy gedrag (Allport, 1956:51).

#### 2.2.1.3 Parameters

Allport se teorie is op die volgende basiese uitgangspunte gegrond (Allport, 1961):

- Die mens is 'n oop sisteem wat in interaksie met sy omgewing (fisies en sosiaal) verkeer;
- Die mens se gedrag word nie net deur omgewingsinvloede bepaal nie;
- Die mens se gedrag word ook nie net deur sy eie drange en sy verlede bepaal nie. Hy funksioneer op twee vlakke, naamlik opportunisties (alle gedrag wat gerig is op die mens se drange wat sy voortbestaan bevredig) en propriaal (die neiging van die mens om in ooreenstemming met sy eie waardes op te tree - die element van wilsvryheid is dus sterk hierin geleë);
- Die mens se gedrag word in 'n groot mate deur sy toekomsplanne, doelstellings en toekomsverwagtings bepaal;
- Elke mens is uniek en moet in totaliteit bestudeer word.

Allport (1961:360) sien die persoonlikheid van die mens as geheel en al uniek aan homself. Persoonlikheid is volgens hom die dinamiese organisasie binne die individu van daardie psigofisiese sisteme (wat beide 'n psigiese en liggaamlike aspek het) wat sy kenmerkende gedrag en denke bepaal (Meyer *et al.*, 1994:347). Dit kan nie gedupliseer word nie en is 'n netwerk van organisasies wat uit subsisteme bestaan.

#### 2.2.1.4 Siening van optimaliteit

Allport (1961:276) gebruik die term "**volwassenheid**" om die psigologies optimaal-funksionerende persoon te beskryf. Hierdie "volwassenheid" omskryf hy as 'n positiewe persoonlikheidsontwikkeling of 'n rypwording van inherente gedragstendense (Cilliers, 1984:53). Volwasse persone word gelei en rigting gegee deur die huidige situasie en deur hul intensies ten opsigte van en verwagtinge van die toekoms (Schultz, 1977:8).

Die volwasse persoon is in staat om warmte, meegevoel en liefde aan ander te toon. Hy waak daarteen om ander te oordeel en te veroordeel deur menslike swakhede te

aanvaar. Hy tree rasioneel op en beskou die werklikheid in 'n objektiewe lig (Allport, 1961).

Allport stel die volgende kriteria vir optimale funksionering (Allport, 1961:275-304):

- **'n Hoë mate van selfuitbreiding:** 'n Aktiwiteit soos die beoefening van 'n stokperdjie word uitgevoer ter wille van die aktiwiteit self en nie om 'n eksterne rede nie. Die uitvoering van die aktiwiteit is belangriker en is meer as net die bevrediging van biologiese behoeftes. Vir die ryp volwassene sentreer sy lewe nie net om hom nie, maar is hy ook intensief en persoonlik betrokke by sake buite homself soos vriende, stokperdjies, idees en sy beroep (Meyer *et al.*, 1994:365).

- **Warm verhoudings met ander mense:** Die volwasse persoon handhaaf intieme verhoudings met 'n paar ander persone, maar is terselfdertyd in staat om 'n afstand te bewaar, sodat hy nie oormatig indring of besitlik is nie. Hy is nie behep met mense of afhanklik van hulle nie en toon empatie met hulle.

- **Emosionele sekuriteit en selfaanvaarding:** Die volwasse persoon is in staat om sy emosies te beheer en op 'n gebalanseerde wyse uit te leef. So 'n persoon aanvaar homself ten volle met al sy swak- en sterkpunte (Schultz, 1977:18).

- **Realistiese waarneming:** Die volwasse persoon besit die vermoë om homself, ander en die omgewing in die algemeen realisties waar te neem. Realistiese doelwitte word dus in ooreenstemming met sy vermoëns gestel deurdat hy sy eie vermoëns ken.

- **Selfinsig en humor:** Die volwasse persoon verstaan sy eie motiewe en besef sy beperkinge; hy kan vir homself en sy foute lag. Hy besit die vermoë om ander korrek te beoordeel en om hulle saam met hul swakhede te aanvaar.

- **Oorkoepelende lewensfilosofie:** 'n Volwasse persoon leef nie net vir die oomblik nie, maar het 'n oorkoepelende lewensbeskouing. Hy sien dus alles, homself inkluis, in 'n geheelverband. Hy handel volgens riglyne wat hy innerlik en op grond van sy rasionele oorwegings as sy eie aanvaar. Die individu se lewensfilosofie hang saam

met die waardes wat hy nastreef en die wyse waarop hy waardes en etiese reëls belewe.

#### 2.2.1.5 Metodiek

Allport beklemtoon die mens se uniekheid en meen dat die mens in sy totaliteit bestudeer moet word ten einde voorspellings van sy gedrag te kan maak. Volgens Allport (1961:389) is dit belangrik om die geheel te bestudeer en nie net enkele eienskappe nie wanneer die mens se toekomstige gedrag voorspel word.

Allport het verder ook klem geplaas op waardes en meen dat die individu se doelstellings en waardes in die bestudering van persoonlikheid in aanmerking geneem moet word, aangesien dit ook belangrik is by die voorspelling van toekomstige gedrag.

#### 2.2.1.6 Toepassingsmoontlikhede

Die volwasse persoon (psigologies optimaal-funksionerende persoon), volgens Allport, ken homself ten volle en aanvaar homself soos hy is (Meyer *et al.*, 1994:366). Die persoon gebruik sy kognitiewe vermoëns meer optimaal en beskik oor 'n bo-gemiddelde intellektuele vermoë en 'n goeie geheue (Allport, 1951:147-150). Hy het 'n realistiese selfbeeld wat gekenmerk word deur selfaanvaarding, selfesteem, selfrespek, selfliefde, selftevredenheid, selfgelding en positiewe selfagting (Allport, 1970:290). Verder beskik die optimaal-funksionerende persoon oor 'n hoë frustrasietoleransie en is bereid om blaam op homself te neem (Allport, 1961:288). Hy is in staat om meegevoel en warmte te betoon aan andere deur ander op 'n onvoorwaardelike, verdraagsame, nie-veroordelende, respekvolle en bevrydende wyse te behandel.

Die psigologies optimaal-funksionerende persoon ontwikkel belangstellings buite homself en is betrokke daarby. Die welvaart van 'n ander persoon is vir hierdie persoon net so belangrik as sy eie (Allport, 1956:19). Wanneer hy sy oortuigings en gevoelens uitdruk, doen hy dit met konsiderasie vir ander.

Verdere persoonlikheidskenmerke wat Allport as kenmerkend van die psigologies optimaal-funksionerende persoon aandui, is dat die persoon doelgerig is en na

langtermyndoelstellings streef. Hy sal sy aktiwiteite beplan en rig, en probleme sodoende oplos (Allport, 1961:288).

#### 2.2.1.7 Beperkinge

Volgens Meyer *et al.* (1994:370) leen sommige van Allport se sentrale konsepte hulle nie tot empiriese ondersoek nie. Kritiek word uitgespreek dat hy sy teorieverklarings van gedrag aan die hand van onwaarneembare sake soos waardes en doelwitte maak.

### 2.2.2 Carl Rogers

Die persoonsgesentreerde teorie van Rogers word vervolgens bespreek.

#### 2.2.2.1 Aannames

Die mensbeskouing onderliggend aan die teorie van Rogers kan as humanisties-fenomenologies beskryf word. Rogers plaas klem op die bestudering van die individu in sy geheel en op die aktiewe rol wat die persoon self in die verwesenliking van sy inherente potensiaal speel (Meyer *et al.*, 1994:396). Rogers se siening plaas die grootste verantwoordelikheid vir verandering van die persoonlikheid op die individu self (Schultz, 1977:24).

Volgens Rogers (1975:16-17) kom die mens meer in kontak met sy eie gevoel indien hy na homself luister. Wanneer 'n mens homself toelaat om ander te verstaan, word beide hy en die ander persoon daardeur verryk. Die aanvaarding van die ander persoon help die persoon om 'mens' te word. Rogers meen ook dat die mens inherent in 'n positiewe rigting beweeg.

Rogers meen dat daar by die mens die basiese neiging bestaan om na die verwesenliking van sy inherente potensiaal te streef en sodoende te word wat hy kan wees. Die neiging bestaan ook om ooreenkomstig die selfkonsep ('n bepaalde siening van die self) op te tree (Meyer *et al.*, 1994:397). Die grootste ideaal wat Rogers voorhou, is daarom die skep van omstandighede wat die individu sal toelaat om homself te sien presies soos wat hy is sodat hy alle potensiaal ten volle kan verwesenlik.

#### 2.2.2.2 Doel

Die persoonsgesentreerde teorie is fenomenologies van aard en maak hoofsaaklik staat op die konsep van die self as 'n verduidelikbare konstruk. Dit skep 'n beeld van die eindpunt van persoonlikheidsontwikkeling (Raskin & Rogers, 1989:167). Volgens Rogers is die doel van die psigoterapie om konstruktiewe persoonlikheidsverandering teweeg te bring. Sodanige verandering impliseer oppervlakkige sowel as diepgaande verandering en veronderstel groter integrasie, minder interne konflik, die gebruik van energie vir 'n doeltreffende leefwyse en verandering weg van onvolwasse gedrag in die rigting van volwasse gedrag (Rogers, 1951).

Geen aspekte van menslike groei en ontwikkeling funksioneer onafhanklik van die aktualiseringsneiging nie (Schultz, 1977:26). Die doel van die lewe is nie net om 'n homeostatiese balans te handhaaf nie, maar ook om groei en ontwikkeling te bewerkstellig. Daar word gestreef na die doel van verhoogde kompleksiteit van funksionering, sodat die mens werklik kan word wat hy in sy volle kapasiteit behoort te wees.

#### 2.2.2.3 Parameters

Rogers het sekere teorieë wat sy benadering onderlê in negentien stellings weergegee (Rogers, 1973:483-554):

- Elke individu leef in 'n voortdurend veranderende wêreld van ervaring waarvan hyself die middelpunt is.
- Soos die veld waargeneem en ervaar word, só word daarop gereageer. Hierdie waargenome veld is vir die individu die realiteit.
- Die persoon reageer op die fenomeenveld as 'n georganiseerde geheel.
- 'n Gedeelte uit hierdie perseptuele veld is gedifferensieerd om die selfstruktuur uit te maak.
- Deur interaksie met die omgewing vind hierdie differensiasie plaas waaruit die selfstruktuur as 'n georganiseerde, vloeibare, meer konstante patroon van waarnemings van die eienskappe van die "ek" of "my" gevorm word.
- Een basiese neiging en strewe word getoon, naamlik om die ervarende self te aktualiseer, in stand te hou en uit te bou.

- Gedrag word die beste verstaan wanneer dit vanuit die interne verwysingsraamwerk van die individu bestudeer word.
- Gedrag kan beskou word as die doelbewuste poging van die individu om sy behoeftes te bevredig.
- Emosies word deur doelgerigte gedrag begelei en bevorder. Die soort emosie word bepaal deur die soekende of vervullende aard van die gedrag. Die intensiteit van die emosie hou verband met die belangrikheid van die gedrag vir die instandhouding en uitbouing van die individu.
- Die waardes soos deur die individu self ervaar, is die waardes wat aan ervarings gekoppel word, en dié wat deel is van die selfstruktuur, is in ander gevalle geïntegreerde waardes wat van ander oorgeneem is maar in 'n verdraaide vorm, asof hulle direk deur die individu self ervaar word.
- Soos wat ervaringe in die lewe van die individu voorkom, word hulle gesimboliseer, waargeneem en in die een of ander verhouding tot die self georganiseer of geïgnoreer omdat daar geen verwantskap met die selfstruktuur waargeneem word nie. Simbolisering kan geweier of verdraai word, omdat die ervaring nie in ooreenstemming met die selfstruktuur is nie.
- Die grootste gedeelte van die gedrag wat deur die individu aangeneem word, is dié wat in ooreenstemming met die selfkonsep is.
- In sommige gevalle kan gedrag die gevolg wees van organiese ervaringe en behoeftes wat nie gesimboliseer is nie. Sulke gedrag kan inkongruent met die selfstruktuur wees en in sulke gevalle ontken die individu eienaarskap van die gedrag.
- Psigiese aanpassing bestaan wanneer die selfkonsep sodanig is dat alle ervaringe van die individu op 'n simboliese vlak in verhouding met die selfkonsep geassimileer is, of kan word.
- Wanneer die individu belangrike sintuiglike en liggaamlike ervaringe toegang tot die bewussyn weier en wat gevolglik nie gesimboliseer en in die gestalt van die selfstruktuur geïntegreer word nie, vind psigiese wanfunksionering plaas. Wanneer só 'n situasie ontstaan, is daar basiese of potensiële psigiese spanning.
- Enige ervaring wat nie in ooreenstemming met die selfkonsep is nie, kan as 'n bedreiging gesien word, en hoe meer van hierdie bedreigende ervaring voorkom, hoe meer rigied word die selfstruktuur georganiseer en op sigself in stand gehou.
- Onder bepaalde omstandighede waarin die gevoel van bedreiging verminder, kan

ervaringe wat nie in ooreenstemming met die selfkonsep is nie, wel waargeneem en ondersoek word, en die selfkonsep kan hersien word om sodanige ervaringe op te neem.

- Wanneer die individu in staat is om alle ervaringe waargeneem in sy sisteem te integreer, kan hy meer aanvaardend ten opsigte van homself wees asook ten opsigte van individue wat van hom verskil.
- Namate die individu meer kan waarneem en in sy selfkonsep kan aanvaar, vind hy dat sy waardesisteem in die mate waarin dit op introjeksies en verdraaiings gebaseer was, voortdurend kan aanpas by en integreer met die realiteit.

Volgens Meyer *et al.* (1994:400) sien Rogers die mens in die lig van die benodiging van twee behoeftes, naamlik die behoefte ten opsigte van positiewe agting en die behoefte ten opsigte van positiewe selfagting. In die proses van goedkeuring en afkeuring van die persoon, ontwikkel hy 'n bewuste sin van wie hy werklik is, en dit word genoem die self of die selfkonsep. Hiermee saam ontwikkel die mens 'n behoefte aan positiewe agting wat verseker dat die neiging tot selfaktualisering bereik word deur goedgekeurde gedrag wat konsekwent is aan die selfkonsep.

#### 2.2.2.4 Siening van optimaliteit

Rogers verwys na psigologiese optimaliteit as **ten volle funksionering** (Rogers, 1961:185-187). Rogers beklemtoon een gemeenskaplike, basiese motiverende krag by elke mens, naamlik die neiging of strewe om die self te aktualiseer (Schultz, 1977:26). Hoe wyer die spektrum van ervaringe wat die persoon tot sy beskikking het en hoe meer hiervan in sy selfkonsep geïntegreer is, hoe beter sal hy homself ken, sy vermoëns en talente benut en in staat wees om beter konstruktiewe optrede te kies en sy potensiaal ten volle te kan verwesenlik (Rogers, 1961:185-187).

Rogers beskou psigologiese optimaliteit as 'n proses wat afhang van die individu, sowel as van die sosiale omgewing waarbinne die persoon hom bevind. Hierdie sosiale omgewing sluit in 'n verhouding van onvoorwaardelike aanvaarding, egtheid, kongruensie en empatie (Scholtz, 1994:27).

Volgens Rogers beskik die ten volle funksionerende persoon oor die volgende kenmerke (Rogers, 1961:185-195):

- **'n Toenemende ontvanklikheid vir ervaring.** Die ten volle funksionerende persoon beweeg weg van 'n proses van verdediging na toenemende ervaring ten opsigte van die proses van psigiese aanpassing. Dit impliseer 'n toenemende gereedheid om ervaringe te akkommodeer.

- **'n Toenemende vertroue in sy individualiteit.** Die ten volle funksionerende persoon begin toenemend op homself en sy eie natuurlike oordeel vertrou wanneer hy die mees bevredigende gedrag vir 'n bepaalde situasie moet kies. Hy ontdek dat indien hy ontvanklik is vir al sy ervaringe, sy gevoel vir wat reg is 'n betroubare riglyn verskaf en tot bevredigende gedrag lei.

- **Keusevryheid.** Die ten volle funksionerende persoon kan in die lig van sy totale ervaringsveld kies wat hy wil. Hy voel verantwoordelik vir sy keuses en meen dat hy 'n rol in die bepaling van sy gedrag speel.

- **Kreatiwiteit.** Die ten volle funksionerende persoon lewer kreatiewe produkte en leef kreatief. Hy pas relatief maklik en op 'n kreatiewe wyse by veranderende omgewingsomstandighede aan (Meyer *et al.*, 1994:410).

- **Basiese betroubaarheid en konstruktiwiteit.** Die ten volle funksionerende persoon kan vertrou word om positief en konstruktief op te tree. Dit is 'n persoon wat in staat is om sy behoeftes te herken en te aanvaar en 'n realistiese balans ten opsigte daarvan te handhaaf.

- **'n Ryk, vol lewe.** Die lewe van die ten volle funksionerende persoon is ryk, vol en opwindend en hy beleef vreugde en pyn, liefde en leed, vrees en moed intensief. Rogers noem hierdie proses die "goeie lewe" (Meyer *et al.*, 1994:410).

Psigologiese optimaliteit word in 'n terapeutiese situasie gestimuleer wanneer die kliënt veilig voel om sy verdedigingsmeganismes en fasades te laat vaar, hy sy gevoelens aan ander persone in die verhouding kan openbaar en hy homself en sy verhoudinge met ander reg kan verstaan (Day & Matthes, 1992:105-115). Dit geskied die beste in 'n oop, aanvaardende atmosfeer waarin die kliënt waardevolle en betekenisvolle probleme kan ondersoek. Die terapeut skep 'n klimaat van onvoorwaardelike

aanvaarding, empatie en egtheid waarin die kliënt veilig voel om verandering toe te laat en te strewe na kongruensie en die verwesenliking van sy potensiaal.

#### 2.2.2.5 Metodiek

Die persoonsgesentreerde teorie is daarop gerig om die individu (groep) die geleentheid te gee om sy potensiaal uit te brei deur aan hom onvoorwaardelike positiewe aanvaarding te verskaf (Meyer *et al.*, 1994:415). Die klem val dus nie op die metode nie, maar op die kwaliteit van die verhouding tussen persone binne 'n terapeutiese situasie. Die basis van hierdie verhouding is, volgens Rogers, die handhawing van egtheid, onvoorwaardelike positiewe agting en empatie deur die hulpverlener (Raskin & Rogers, 1989:170).

#### 2.2.2.6 Toepassingsmoontlikhede

Rogers dui aan dat die ten volle funksionerende persoon oor bogemiddelde intellektuele vermoë beskik, 'n goeie geheue en 'n gesonde verbeelding (Rogers, 1975:115-124). Só 'n persoon leer om sy eie ervaringe, gevoelens en behoeftes te erken en te ken deur met 'n ondersoekende, eksplorerende oopheid na alle ervaringe in sy eie organisme te luister.

Dié persoon funksioneer vry van angs en tree selfstandig, onafhanklik en selfrigtinggewend op vanuit 'n interne lokus van evaluering (Rogers, 1975:118-196). Hy ervaar dus vryheid van keuse en die vermoë om sy eie gedrag, menslikerwys gesien, te kies, te kontroleer en te beheer, sonder om aan magte buite homself uitgelewer te voel.

As gevolg van die ten volle funsionerende persoon se selfaanvaarding, beskik hy oor interpersoonlike sensitiwiteit vir, en 'n oop en realistiese aanvaarding van ander se gevoel (Rogers, 1975:115-124, 180-196). In aansluiting hierby manifesteer kongruensie (egtheid), onvoorwaardelike positiewe agting en empatiese begrip in 'n groot mate in sy interpersoonlike gedrag.

#### 2.2.2.7 Beperkinge

Rogers fokus hoofsaaklik op die individu by wie verandering moet begin, en nie soseer op die groep nie. Dikwels het die groep 'n nadelige uitwerking op die individu, wat 'n sekere gedrag tot gevolg het en moet daar dus eerder op die groep gelet word as op die individu.

Rogers sien die mens as besonder vry - iemand wat self besluite kan neem en sy eie lewe kan rig. Die probleem hiermee is egter dat mense voortdurend aan voorwaardes van aanvaarding blootgestel is en hul waardes soms op die waardes van ander en nie op hul eie nie, gegrond is, en hulle word verder deur omgewingsfaktore beïnvloed. Die vryheid van die mens word ook beperk deur sy inherente potensiaal (Meyer *et al.*, 1994:417).

Volgens Schultz (1977:36) blyk dit dat daar by Rogers 'n sin vir verantwoordelikheid en duidelike doelstellings ontbreek.

### 2.2.3 Abraham Maslow

Die selfaktualiseringsteorie van Maslow word vervolgens bespreek.

#### 2.2.3.1 Aannames

Maslow huldig 'n optimistiese siening van die mens waarvolgens erkenning verleen word aan die positiewe aard van die mens, sy waardigheid, sy aktiewe wil tot groei, en die feit dat die mens dus as 'n geïntegreerde geheel funksioneer (Meyer *et al.*, 1994:376). Hy bestudeer die mens dus as 'n geïntegreerde geheel, en is in sy mensbeskouing holisties van aard.

Volgens Maslow word die hoogste potensiaal van die mens nog altyd onderskat, en wanneer daar wel 'n groepie is wat hul volle potensiaal ontwikkel het, word hulle as "supermense" beskou (Maslow, 1971:7). Maslow beweer dat selfaktualisering die basiese motief van die mens is.


Inherente basiese behoeftes bestaan by die mens, naamlik die fisiologiese behoeftes en die behoeftes aan veiligheid, liefde en respek. Die potensiaal vir psigologiese groei is reeds met geboorte teenwoordig. Of die potensiaal geaktualiseer word of nie, hang af van die individu en die sosiale magte wat selfaktualisering aanhelp of inhibeer (Schultz, 1977:61).

#### 2.2.3.2 Doel

Maslow se oorhoofse doel was om te bepaal hoeveel potensiaal die mens ten opsigte van volle menslike ontwikkeling en uitdrukking besit. Maslow sien die verwesenliking van die persoon se werklike ideaal as die uiteindelike doel van ontwikkeling. Dit is dus die ideaal wat binne die bereik van elke individu is. 'n Groot deel van die menslike funksionering kan aan die hand van behoeftebevrediging verduidelik word. Volgens Maslow is die mens 'n hunkerende wese wat selde tevrede is; wanneer een behoefte bevredig is, tree die volgende na vore (Maslow, 1971).

#### 2.2.3.3 Parameters

Die behoefte-orde-teorie van Maslow behels dat elke mens basiese behoeftes het wat hy wil bevredig. Die behoeftes omvat die volgende (kyk Figuur 2.2):




Figuur 2.2 : Die hiërargie van behoeftes

- **Fisiologiese behoeftes.** Dit is die mees basiese behoeftes en die essensiële oorlewingsbehoeftes. Dit het te make met die biologiese voortbestaan van die mens en behels onder andere die behoefte aan kos, water, suurstof en slaap (Meyer *et al.*, 1994:378).

- **Veiligheidsbehoeftes** behels die fisiese veiligheidsbehoefte, die beskutting teen wilde diere, gevaar en uiterste temperature, die voorkeur vir bekende eerder as onbekende aspekte en ekonomiese veiligheid soos werksekuriteit en voldoende byvoordele (Maslow, 1954:87-88).

- Die **sosiale behoefte** is die behoefte aan liefde, affeksie en geborgenheid (Maslow, 1954:90). Indien al bogenoemde behoeftes tot 'n redelike mate bevredig is, ontstaan die behoefte aan 'n koppeling van hoë waarde aan die self deur middel van die erkenningsbehoefte. Selfrespek en respek van andere lei tot gevoelens van selfwaarde (Cilliers, 1984:151-160; Maslow, 1954:91).

- Die **selfagtingsbehoefte.** Hierdie behoefte dui op die behoefte aan kennis en begrip by die mens en verwys na aspekte soos nuuskierigheid, analise, soeke na feite, betekenis en metodes om struikelblokke te oorkom en sy menslike potensiaal te ontwikkel (Cilliers, 1984:151-160; Maslow, 1954:91). Wanneer die behoefte aan selfagting bevredig word, voel die persoon selfversekerd, bekwaam, sterk en nuttig en nodig in die wêreld (Meyer *et al.*, 1994:380).

- **Aktualiseringsbehoefte.** Dit behels die behoefte aan selfaktualisering wat Maslow beskryf as die behoefte om alles te wees waartoe 'n mens in staat is, dit wil sê om ten volle gebruik te maak van al jou vermoëns, talente en potensiaal (Maslow, 1954:91; Meyer *et al.*, 1994:381).

Die teorie van Maslow word ook gebruik om motivering te illustreer. Die persoon word gemotiveer deur onderskeidelik gebreksmotivering en groeimotivering. Gebreksmotivering behels die strewe na die doelwitte om sodoende spanning te verminder of te kompenseer. Groeimotivering verwys na die begeerte om die lewe te verryk en verminder nie spanning nie (Maslow, 1971:289).

#### 2.2.3.4 Siening van optimaliteit

Maslow verwys na psigologies optimale funksionering as **selfaktualisering** (Maslow, 1971:150). Hy beskryf dit as 'n dinamiese proses waarin 'n individu sy volle potensiaal en kreatiwiteit gebruik. Selfaktualisering word beskou as 'n seldsame toestand, omdat daar geen volmaakte mens bestaan nie. Volgens Maslow (1971:89) bereik slegs een persent van die totale bevolking volkome selfaktualisering.

Die selfaktualiseringsbehoefte staan aan die toppunt van die leer (kyk Figuur 2.2), en dus ook die einddoel van ontwikkeling. Sodra 'n laer-ordebehoefte bevredig is, vorm daar natuurlike, ander hoër-ordebehoeftes wat bevredig moet word. Die hoër-ordebehoeftes sluit selfaktualisering in (Maslow, 1954:17). Sodra die vlak van selfaktualisering bereik is, kan dit outonoom word en is dit nie meer afhanklik van die bevrediging van laer-ordebehoeftes nie (Maslow, 1954:42).

Maslow het 'n lys bestaande uit vyftien eienskappe opgestel wat 'n beeld van die selfaktualiserende mens voorhou en dit behels kortliks die volgende (Maslow, 1970:153-180; Prinsloo, 1992:434; Meyer *et al.*, 1994:384-387):

- hy kan by die skanse wat mense voorhou, verbykyk en het 'n besonder realistiese persepsie van die werklikheid;
- hy sien die menslike aard soos wat dit is, en nie soos mense dit graag wil sien nie en aanvaar homself, ander en die wêreld;
- hy is spontaan en natuurlik;
- hy is betrokke by die een of ander taak of roeping en het 'n sterk probleem-gesentreerde benadering tot die lewe;
- hy is gemaklik as hy alleen is en stel privaatheid op prys;
- hy funksioneer onafhanklik van die fisiese en sosiale omgewing;
- hy besit die vermoë om die eenvoudige dinge in die lewe te waardeer;
- hy ervaar oomblikke van intense opwinding en hoë spanning en 'n gevoel van vrede en saligheid;
- hy toon besorgdheid oor en empatie met mense;
- hy handhaaf minder maar diep en innige interpersoonlike verhoudinge;
- hy volg 'n demokratiese sienswyse;
- hy onderskei 'n einddoel en 'n manier om dit te bereik;
- hy handhaaf 'n nie-vyandige humor;
- hy openbaar 'n besondere kreatiwiteit en vindingrykheid;
- hy het 'n interne lokus van evaluering (Schulz, 1994:51).

Selfaktualisering ontwikkel wanneer die individu homself leer ken, 'n stel waardes ontwikkel, sy potensiaal ontdek en leer waarheen hy wil groei. Dit vind dus plaas wanneer die beperkinge van die omgewing oorkom is en die volle verantwoordelikheid aanvaar word om volgens die volle potensiaal te funksioneer (Jorgensen, 1996:34). Die individu sal in 'n ontspanne atmosfeer leer wat vir hom belangrik is, sodat hy deur sy eie behoeftes eerder as dié van ander gemotiveer word. Hy benodig egter 'n atmosfeer van veiligheid, liefde en selfrespek om hom te help om insig in sy tekortkominge te kry en sy verdedigings af te breek, sodat hy homself kan herontdek, homself kan wees en sy potensiaal kan aktualiseer (Maslow, 1971:51-53).

Die selfaktualiserende persoon is vry van patologiese versteurings. Hy weet wie hy is en waarheen hy op pad is.

#### 2.2.3.5 Metodiek

Die hulpverlener moet 'n atmosfeer skep waarin die kliënt se basiese behoeftes soos veiligheid, liefde en selfrespek vervul sal word. Hy moet die kliënt tot insig in sy tekortkominge lei en die omstandighede skep waarbinne die kliënt kan groei en ontwikkel (Maslow, 1971:51-53). In Maslow se hulpverlening en navorsing konsentreer hy hoofsaaklik op die individu as geheel. Hy mik op die sinvolle bestudering van die hele individu om sy wesenlike probleme vas te stel (Maslow, 1970:11).

#### 2.2.3.6 Toepassingsmoontlikhede

Maslow sien die psigologies optimaal-funksionerende persoon as iemand wat by die skanse wat mense voorhou, kan verby kyk en wat realisties is. Onvoorwaardelike aanvaarding speel ook 'n groot rol betreffende die self en ander. Hy is spontaan, natuurlik en betrokke by 'n roeping en besonder kreatief en vindingryk. Hy beskik oor 'n objektiewe, filosofiese en 'n intelligente humorsin. (Maslow, 1954:203-228)

Kenmerkend beskik die psigologies optimaal-funksionerende persoon oor aktiewe, kreatiewe, objektiewe, belangstellende en intelligente redenering, verhoogde objektiwiteit en bogemiddelde konsentrasievermoë (Maslow, 1954:206-228). Hy funksioneer vry van eksterne beheer, wat hom in staat stel om sy ware self uit te druk en te vervul (Maslow, 1971:27-29).

Die psigologies optimaal-funksionerende persoon soek werk in areas waarin selfuitdrukking, vervulling, groei en interpersoonlike verhoudings bevorder word (Maslow, 1954:203-228). Sy stabiliteit en selfbewustheid bring mee dat hy genoeg aan ander kan gee sonder om homself in ander of sy werk te verloor.

#### 2.2.3.7 Beperkinge

In Maslow se poging om die goedheid van die mens te beklemtoon, word die negatiewe aspekte onderbeklemtoon (Meyer *et al.*, 1994:391).

### 2.2.4 Victor Frankl

Die eksistensiële teorie van Frankl word vervolgens bespreek.

#### 2.2.4.1 Aannames

Frankl se teorie beklemtoon die bestaan van wilsvryheid en 'n wil tot sin en betekenis by die mens. Volgens Frankl kan die mens steeds oor sy fisiese en geestelike reaksie op gebeure besluit, al word hy aan eksterne toestande blootgestel waaroor hy min beheer het (Frankl, 1984:87). Dit gee aan die mens die vermoë om bo omstandighede en lot uit te styg. Die vryheid om te besluit, bied die moontlikheid dat die mens kan kies wat hy wil wees.

Volgens Frankl strewe die mens na meer as net behoeftebevrediging; hy is daarop ingestel om sin in die lewe te vind en om te lewe vir iets wat hy as sinvol ervaar (Meyer *et al.*, 1994:447). Die besluit om 'n bepaalde houding in te neem, naamlik om die eie wil te volg, is die enigste aspek wat nie van die mens weggeneem kan word nie. Die mens hét 'n keusevryheid van aksie, hoe om op te tree, en hy besit 'n onafhanklikheid van denke (Frankl, 1984:86).

#### 2.2.4.2 Doel

Volgens Frankl wil die mens nie doelloos bestaan nie; hy wil voel dat hy die moeite werd is. Hy wil van waarde wees en iets met sy lewe maak. Hy wil weet waarom hy is; vir wie en wat hy lewe (Meyer *et al.*, 1994:448). Dit gaan nie vir hom om die stryd om te bestaan nie, maar om die stryd ten opsigte van die sin van bestaan. Hy praat van "healing through meaning". Frankl is daarvan oortuig dat waardes die sentrale deel van die mens vorm. Die doel van die hulpverlening wat uit sy teorie voortspruit, is om die kliënt te help om sin in die lewe te vind en homself sodoende te ontdek of te herontdek (Frankl, 1978:19).

#### 2.2.4.3 Parameters

Die teorie van Frankl is op drie pilare gegrond, naamlik die vryheid van keuse, die wil tot

sin en die sin van die lewe. Vervolgens word hierdie drie pilare bespreek (Frankl, 1967; Meyer *et al.*, 1994:450-453).

- **Die vryheid van keuse.** Elke mens kom gedurig voor besluite te staan, en besluite word geneem wat sy lewe beïnvloed. Selfs die besluit om geen besluit te neem nie, beïnvloed die gang van sake. Die mens beskik egter ook oor beperkings waarbinne hy besluite moet neem. Die omgewing stel ook beperkings wat die mens se wilsvryheid beperk.

- **Die wil tot sin.** Die wil tot sin tree na vore onder toestande van ontbering asook wanneer alle behoeftes bevredig is. Die bevrediging van liggaamlike en geestelike behoeftes is nie die doel of eindpunt van menslike strewe nie, maar die manier om die geestelike doelwitte na te streef. Die najaag van plesier bring ontwyking van geestelike doelwitte mee, omdat dit die effek van sinsvervulling is. Wanneer die wil tot plesier of mag die einddoel van die mens se gedrag is, dui dit op frustrasie van die mens se wil tot sin.

- **Die sin van die lewe.** Sin word volgens Frankl gevind en nie geskep nie. Die sin van die lewe word gevind deur drie soorte belewenisse wat as waardes beleef word, naamlik die kreatiewe dinge wat die mens doen, die positiewe dinge wat die mens ervaar en die soort houding wat die mens teenoor swaarkry inneem.

Daar is drie fundamentele waardesisteme wat ooreenstem met die drie maniere om sin aan die lewe te heg, naamlik kreatiewe waardes, ervaringswaardes en houdings-waardes:

- Kreatiewe waardes word gerealiseer in kreatiewe en produktiewe aktiwiteite. Sin word aan die lewe gegee deur die skep van 'n tasbare objek of idee of deur ander te bedien, deurdat dit 'n ekspressie van die individu is (Schultz, 1977:112).

- Ervaringswaardes behels, in teenstelling met kreatiewe waardes, die proses om iets van die wêreld te ontvang. Ervaringswaardes lê opgesluit in wat goed, mooi en waar is (Meyer *et al.*, 1994:453).

- Houdingswaardes is die manier waarop die mens sy lot aanvaar, die moed waarmee swaarkry ervaar word en die waardigheid wat gehandhaaf word in tye van rampe - dit is die hoogste toets en meting van die mens se aktualisering (Schultz, 1977:113). Volgens Frankl is swaarkry 'n onbetwisbare deel van die lewe - sonder swaarkry kan die mens se lewe nie volledig wees nie.

#### 2.2.4.4 Siening van optimaliteit

Frankl verwys na psigologiese optimaliteit as **selftransendering** (Frankl, 1969:176-178). Volgens Frankl (1984:88) bereik slegs 'n paar mense volkome psigologiese optimaliteit. Psigologies optimale funksionering is gesetel in die "wil tot betekenis", wat impliseer dat die persoon aangespoor word deur vryheid van keuse en die aanvaarding van verantwoordelikheid. Die mens wat homself kan transendeer, besit wilsvryheid en verwesenlik die basiese motief, naamlik om na die sin in sy lewe te soek.

Die selftransenderende persoon word gekenmerk deur selfbepalende optrede, realistiese waarneming, humor, transendering, respek en waardering vir die uniekheid van ander en waardering van die goeie, mooie en egte (Frankl, 1978:14-43). Hy is verder na buite gerig en nie op homself nie, beskik oor toekomsgerigtheid, sien werk as 'n roeping en vind sin in lyding.

Selftransenderende persone streef na doelstellings wat die betekenis van die lewe laat blyk. Hulle word gedurig gekonfronteer met nuwe uitdagings om die sin van die lewe te vind. Hierdie uitdagings maak die lewe opwindend. Die selftransenderende persoon fokus nie op homself nie, maar beweeg weg van homself. Frankl het die volgende eienskappe van 'n transenderende persoon vasgestel (Schultz, 1977:115):

- hy is vry om sy eie rigting en gedrag vas te stel;
- hy is persoonlik verantwoordelik vir die manier waarop hy sy lewe voer;
- hy word nie deur kragte buite homself beheer nie;
- hy het 'n betekenis in die lewe gevind wat hom pas;
- hy is konstant in beheer van sy lewe;
- hy kan waardes (kreatief, eksperimenteel en houdings) handhaaf;
- hy het die beheptheid met homself getransendeer.

#### 2.2.4.5 Metodiek

Volgens Frankl moet die individu bewus gemaak word van sy vryheid om self te kies hoe hy in bepaalde situasies sal optree om psigologies gesond te wees, sowel as van die verantwoordelikheid wat gepaard gaan met keusevryheid (Schultz, 1977:110). Sin word nie aan die kliënt voorgeskryf nie; daar word net gepoog om sy aandag daarop te fokus.

#### 2.2.4.6 Toepassingsmoontlikhede

Die selftransenderende persoon (psigologies optimaal-funksionerende persoon) ervaar, volgens Frankl (1978:46-83), 'n vryheid van keuse en handeling om volgens sy eie verwagtinge selfregerend sy gedrag te kontroleer, sonder om aan magte buite homself uitgelewer te voel. Hy beleef lewensinvolheid.

Só 'n persoon is interpersoonlik in staat om diens te lewer, en liefde te gee en te ontvang. Dit impliseer die aanvaarding van die ander persoon se uniekheid, onvervangbaarheid, onmisbaarheid en potensiaal. So kan albei persone in die verhouding hulle potensiaal realiseer en ten volle mens word.

Volgens Frankl (1978:36-41) is die selftransenderende persoon toegewyd aan sy werk, beskik oor outonomie, stel belang in sy werk en verwelkom uitdagings.

#### 2.2.4.7 Beperkinge

Uit die oogpunt van die positivistiese wetenskapfilosofie kan daarop gewys word dat Frankl se teorie in baie opsigte nie aan die ideaal van die wetenskap voldoen nie (Meyer *et al.*, 1994:461). Dit is byvoorbeeld nie op wetenskaplike navorsing gebaseer nie, en dit kan nie maklik aan empiriese ondersoek onderwerp word nie. Verder kan daarop gewys word dat dit nie 'n volledige persoonlikheidsteorie is nie, aangesien dit feitlik uitsluitlik met die mens se motivering te make het.

### 2.2.5 Everett L. Shostrom

Die aktualiseringsterapie van Shostrom sal vervolgens bespreek word.

#### 2.2.5.1 Aannames

Shostrom se teorie beklemtoon die mens se progressiewe bewuswording van homself deur middel van 'n voortdurende groeiproses (Shostrom, 1976:1). Shostrom beskou die mens as 'n unieke wese wat na vervulling streef. Die mens bevind hom dus in 'n deurlopende proses om sy potensiaal te aktualiseer. In teoretiese terme, word menslike gedrag geopenbaar in aktiwiteite wat denke, gevoel en liggaamsuitdrukking behels (Shostrom, 1976:66).

Die aktualiseringsterapie van Shostrom huldig meer spesifiek die volgende aannames oor die mens (Shostrom, 1976:3-4):

- **Die uniekheid van die individu.** Elke mens is 'n unieke individu wat na selfvervulling streef, alhoewel elkeen ook 'n "menslike natuur" het wat in ooreenstemming met dié van ander mense is.
- **Hier-en-nou.** Die aktualiseringsbeginsel vind plaas in die oomblik-tot-oomblik groeiproses. Die hier-en-nou is die hooffokus van die proses maar die invloed wat die individu se verlede en toekoms op die hede het, word nie uitgesluit nie.
- **Vryheid.** Alhoewel 'n individu se gedrag deur sy verlede en kragte buite sy beheer bepaal word, veronderstel die aktualiseringsproses dat 'n persoon se toekoms nie voorspel word nie en dat hy oor verskeie opsies beskik wat hy kan uitoefen.
- **Verantwoordelikheid.** Die individu neem verantwoordelikheid vir sy eie aktualisering en sy eie lewe. Hy kan nie ander daarvoor blameer as groei nie plaasvind nie.
- **Leer.** Sosiale gedrag is aangeleer en gedragsverandering vind na 'n leergeleentheid by die individu plaas.
- **Sosiale interaksie.** Sosiale interaksie dra daartoe by dat die individu eerlik is oor sy gevoelens en bewus is van die self, sy vryheid om uitdrukking aan sy gevoelens te gee en vertroue in die self en ander te vestig. Hierdie aspekte kan tot aktualisering lei.

#### 2.2.5.2 Doel

Shostrom glo dat verandering in gedrag nie net 'n verandering van patologie na geestelike gesondheid is nie, maar eerder 'n verandering van 'n gevoel van leegheid na

een van vervulling en van 'n gevoel van doodsheid na lewenslustigheid (Shostrom, 1976:2). Die aktualiseringsterapie is dus so ontwerp dat dit kliënte motiveer om tot selfaktualisering te groei.

#### 2.2.5.3 Parameters

Die aktualiseringsterapie van Shostrom berus op die volgende uitgangspunte (Shostrom, 1976:7-8):

- **Omgee.** Dit dui op die terapeut se onvoorwaardelike aanvaarding van die kliënt en word geopenbaar deur warmte.
- **Egoversterking.** Dit dui daarop dat die terapeut die kliënt help om sy denke, gevoel en waargenome vermoëns te ontwikkel sodat hy beter met die daaglikse lewensituasies kan cope.
- **Ontmoetingsgeleenthede.** Dit verskaf aan die kliënt die ervaring van 'n aktiewe ontmoeting tussen hom en die terapeut.
- **Belewing van gevoelens.** Dit help die kliënt om moontlike bedreigende gevoelens in 'n sielkundig veilige omgewing te beleef.
- **Interpersoonlike analisering.** Dit behels die analisering van die kliënt se persepsies van die terapeutiese verhouding en ander interpersoonlike verhoudinge.
- **Patroonanalisering.** Dit behels die analisering van funksioneringspatrone wat nie pas nie en die verlening van bystand aan die kliënt in die ontwikkeling van toepaslike funksioneringspatrone.
- **Versterking.** Dit dui daarop dat die terapeut die gedrag wat groei ondersteun en sosiaal aanvaarbaar is, ondersteun en negatiewe gedrag straf.
- **Selfopenbaring.** Dit dui daarop dat die terapeut selfopenbarend optree en sodoende die kliënt tot dieselfde aksie aanmoedig.
- **Herlewing.** Dit help die kliënt om leergeleenthede van die verlede te herleef en die patologiese effek daarvan op sy huidige funksionering te bepaal.


#### 2.2.5.4 Siening van optimaliteit

Shostrom (1976:114-115) stel dat selfaktualisering deur 'n groeiproses plaasvind. Hierdie groeiproses tot aktualisering kan verstaan word deur Figuur 2.3 te bestudeer en

veral na die konsentriese sirkels op te let. Die sirkels verteenwoordig die vier vlakke van persoonlikheid.

- **Die aktualiseringsvlak.** Dit is die vlak van vryheid of uitdrukking van gevoelens in kontak met ander mense.
- **Die manipuleringsvlak.** Dit is die vlak van vryheid of uitdrukking van metodes om met andere in 'n verhouding te wees sonder om gevoelens te betrek. Sisteme of speletjies word gebruik om die omgewing vir ondersteuning te manipuleer.
- **Die karaktervlak.** Dit is die vlak van vryheid of uitdrukking wat essensieel bestaan uit negatiewe gevoelens wat uitdrukking vind in spierrigiditeit met die doel om ander gevoelens terug te hou.
- **Die kernvlak.** Dit is die vlak wat essensieel die middelpunt van 'n persoon se lewe vorm, en wat omvorm kan word in 'n veilige hawe van harmonie met die wêreld waar alle vlakke van gevoelens in die persoonlikheid deurgewerk is.

Die proses van selfaktualisering kan skematies soos volg voorgestel word (kyk Figuur 2.3) (Shostrom,1976:115):




Figuur 2.3 : Die proses van aktualisering

Shostrom glo dat die individu die proses van aktualisering in 'n interpersoonlike omgewing, in die aktualiseringsgroep, die ontmoetingsgroep of in groepsterapie moet oefen. Hierdie proses word volgens hom die primêre dryfkrag agter die groei tot aktualisering. Die kliënt leer hierdeur dat die groep die individu se ware self weerspieël (Shostrom, 1976:2).

#### 2.2.5.5 Metodiek

Volgens Shostrom (1976:139) moet die terapeut akkuraat waarneem, of hy moet reageer op die kliënt se denke, gevoelens of liggaamsuitdrukkings. Dit kan wees dat die kliënt slegs op een van hierdie drie aspekte fokus en dit is die terapeut se taak om hom bewus te maak van hierdie feit sowel as om hom bewus te maak van die ander twee aspekte. Die terapeut moet dus buigsaamheid aan die kliënt reflekteer.

#### 2.2.5.6 Toepassingsmoontlikhede

Die psigologies optimaal-funksionerende persoon is nuuskierig en ervaar 'n behoefte aan eksplorasie, stimulering en sensasie. Hierin ervaar hy al sy manifesterende emosies in 'n volle betrokkenheid 'n vars waarneming en besluit hy oor 'n verskeidenheid effektiewe coping-gedragsalternatiewe (Shostrom, 1976).

Die psigologies optimaal-funksionerende persoon is in beheer van sy lewe (Shostrom, 1976:68). Hy vertrou homself en ander, is responsief, handhaaf 'n oop houding, tree empaties op, het 'n interne lokus van evaluering en is onafhanklik. Die persoon leef in die hier-en-nou en is in staat om sy verlede en toekoms betekenisvol met sy hede in verband te bring (Shostrom, 1976:78).

#### 2.2.5.7 Beperkinge

Shostrom se aktualiseringsterapie beklemtoon die belangrikheid van die gebruik van papier- en potloodtoetse as meetinstrumente van terapeutiese groei. Die probleem hiermee is dat papier- en potloodtoetse slegs dit reflekteer wat 'n persoon tans van homself "dink" en geensins hoe 'n persoon homself "ervaar" nie (Shostrom, 1976:80)

Hierdie teorie toon verder ook min verband met die proses van psigoterapie (Shostrom, 1976:63).

### 2.2.6 Samevatting en bespreking

Uit die genoemde literatuur, asook uit die bespreking daarvan, blyk dit dat eensydigheid en subjektiwiteit in die individuele omskrywings van psigologiese optimaliteit voorkom. Nogtans bestaan daar 'n gemeenskaplikheid in die konseptualisering daarvan as iets veel meer as bloot die afwesigheid van patologie. Die verskillende humanistiese teorieë berus verder ook op 'n positiewe en hoopvolle mensbeskouing en onderskei tussen intra- en interpersoonlike kenmerke van die psigologies optimaal-funksionerende persoon.

Daar kan verskeie afleidings gemaak word rakende die intrapersoonlike en interpersoonlike kenmerke van 'n psigologies optimaal-funksionerende persoon. Vir die doel van hierdie navorsing word veral afleidings gemaak oor intrapersoonlike kenmerke. Wat die **intrapersoonlike kenmerke** van die psigologies optimaal-funksionerende persoon betref, kan die volgende afleidings gemaak word:

Die psigologies optimaal-funksionerende persoon se *kognitiewe kenmerke* word meer optimaal benut en hy beskik oor 'n goeie geheue. Die wêreld word objektief en rasioneel ervaar, en hy dink gedissiplineerd. Deurdagte, optimistiese kognitiewe evaluerings word gemaak, wat insig fasiliteer.

Wat die *emosionele kenmerke* van die psigologies optimaal-funksionerende persoon betref, blyk dit dat hy 'n groot mate van openheid, bewustheid en sensitiwiteit vir sy eie emosies, gevoelens en behoeftes toon. Verantwoordelikheid vir sy eie lewe word ook ten volle aanvaar, wat lei tot emosionele selfstandigheid, onafhanklikheid en 'n ryk emosionele lewe. Dit lei tot selfbegrip, kennis en insig, wat bydra tot die vorming van 'n realistiese selfbeeld, selfagting, selfrespek, waarde, liefde, vertroue en selfaanvaarding. Die psigologies optimaal-funksionerende persoon is ontvanklik vir ervarings en besit 'n konstruktiewe beskouing aangaande die mens.

Wat die *konatiewe kenmerke* van die psigologies optimaal-funksionerende persoon betref, blyk dit dat hy vanuit 'n interne lokus van evaluering optree, gekenmerk deur

verantwoordelikheid, selfregulering en rigtinggewendheid. Hy ervaar dus die vryheid van keuse sonder om aan magte buite homself uitgelewer te voel. Die psigologies optimaal-funksionerende persoon is in beheer van sy lewe, neem sy eie besluite en leef volgens vasgestelde waardes. Hy besit 'n realistiese kyk op die lewe en leef elke oomblik voluit.

Wat die **interpersoonlike kenmerke** van die psigologies optimaal-funksionerende persoon betref, kan die volgende afleidings gemaak word:

In die algemeen beskik die psigologies optimaal-funksionerende persoon oor 'n demokratiese gedragstyl, waarin hy met alle mense kan identifiseer en hulle met optimisme en hoop onvoorwaardelik kan aanvaar en respekteer.

Interpersoonlike verhoudinge word gehandhaaf wat gekenmerk word deur besorgdheid, empatie, vertroue en regverdigheid en die toon van 'n gesonde humorsin wat nie ten koste van ander is nie. Vanuit die literatuur kan hierdie aspek as *respek* gesien word, en dit behels naamlik die omgee vir die kliënt en onvoorwaardelike aanvaarding van sy vermoë om sy lewe ooreenkomstig sy sterk- en swakpunte te voer (Carkhuff, 1983:25).

Vanuit die literatuur word *empatie* beskou as begrip van die wêreld en ander persone. Die psigologies optimaal-funksionerende persoon is in staat om warmte en meegevoel aan andere te bied.

Die psigologies optimaal-funksionerende persoon ervaar 'n voorkeur vir intiemer, dieper interpersoonlike verhoudinge. Hierdie verhoudinge word gekenmerk deur verantwoordelike, spontane, natuurlike en egte optrede volgens eie gevoelens maar ook sensitiwiteit vir ander. Vanuit die literatuur behels *egtheid* dat die psigologies optimaal-funksionerende persoon werklik sy vrye en volle self is.

Samevattend kan daarop gewys word dat die psigologies optimaal-funksionerende persoon oor emosionele stabiliteit en kalmte beskik. Hy is assertief, uitgaande en entoesiasties en toon 'n afwesigheid aan agterdogtigheid, onsekerheid en depressie of enige ander neurotiese of angssimptome (Schulz, 1994:119). Sommige van die persoonlikheidskenmerke, soos deur die Sestien-Persoonlikheidsfaktorvraelys gemeet, van 'n psigologies optimaal-funksionerende persoon, blyk uit die literatuur

debatteerbaar te wees. Só vind Knapp (1965) en Doyle (1976) onder andere dat ekstroversie 'n kenmerk van die psigologies optimaal-funksionerende persoon is, terwyl die humaniste daarop wys dat só 'n persoon eerder 'n meer private mens is en glad nie 'n ekstrovert nie (vgl. Maslow, 1962:26). In 'n studie wat deur Osborne en Steeves (1981:997) onderneem is, is geen definitiewe bewyse egter vir enige van die bogenoemde argumente gevind nie.

Dit blyk dus dat die optimaal-funksionerende persoon neig om gesellig, uitgaande, sosiaal en spraaksaam te wees (Oakland *et al.*, 1978:83) en nie noodwendig 'n volslae ekstrovert of introvert nie. Verder is hy ook kreatief en selfgenoegsaam en handel vanuit 'n interne lokus van evaluering.

## 2.3 HOOFSTUKSAMEVATTING

In hierdie hoofstuk is die konsep psigologiese optimaliteit as 'n kenmerk wat deur die POI gemeet word, vanuit verskeie humanistiese persoonlikheidsteorieë gekonseptualiseer. Daar is verder gelet op die persoonlikheidskenmerke waaroor 'n psigologies optimaal-funksionerende persoon beskik.

Hiermee is die eerste twee spesifieke doelstellings, naamlik om vanuit die literatuur te bepaal wat psigologiese optimaliteit is en wat die verband tussen psigologiese optimaliteit en persoonlikheidsfunksionering is, afgehandel, en is die eerste twee navorsingsvrae beantwoord.

In Hoofstuk 3 word die empiriese ondersoek bespreek.

# HOOFSTUK 3

# EMPIRIESE ONDERSOEK

Hiermee is die empiriese ondersoek bereik. Dit sluit die volgende stappe in:

- Samestelling van die ondersoekgroep.
- Keuse en toepassing van die meetinstrumente.
- Statistiese ontleding van die data.
- Hipoteseformulering.
- Rapportering en bespreking van resultate.
- Gevolgtrekkings en aanbevelings.

In hierdie hoofstuk word die doel van die empiriese ondersoek, die ondersoekgroep, die meetinstrumente, die werkswyse, die navorsingsmetode, die statistiese verwerking en die hipoteseformulering bespreek.

## 3.1 DOEL VAN DIE EMPIRIESE ONDERSOEK

Die doel van die empiriese ondersoek is:

- om die betroubaarheid van die Persoonlike Oriëntasievraelys vir universiteitstudente te bepaal; en

- om die geldigheid van die Persoonlike Oriëntasievraelys vir universiteitstudente te bepaal.

## 3.2 ONDERSOEKGROEP

Die studiepopulasie word verteenwoordig deur universiteitstudente verbonde aan die Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe aan die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys. Die ondersoekgroep bestaan uit eksperimenteel-toeganklike studente in die eerste, tweede en derde jaar, wat Bedryf- en Personeel-

sielkunde of Bedryfsosiologie (Menseverhoudinge) as 'n vak by hulle kursus ingesluit het.

Deur van 'n beskikbaarheidsteekproef gebruik te maak, is 'n steekproef van 225 toetskandidate uit 'n populasie van 677 persone, gekies. Die steekproef is in vier strata verdeel naamlik blanke mans, blanke dames, swart mans en swart dames. Die gemiddelde ouderdom van die steekproef is 21 jaar. Die samestelling van die ondersoekgroep word in Tabel 3.1 ten opsigte van geslag uiteengesit:

TABEL 3.1 : GROOTTE VAN DIE ONDERSOEKGROEP TEN OPSIGTE VAN GESLAG

| **Geslag** | **Aantal respondente** | **Totale populasie** | **Persentasie** |
|---|---|---|---|
| Manlik | 74 | 306 | 24,18% |
| Vroulik | 151 | 371 | 40,70% |

Ten opsigte van ras kan die ondersoekgroep soos volg uiteengesit word (Tabel 3.2):

TABEL 3.2 : GROOTTE VAN DIE ONDERSOEKGROEP TEN OPSIGTE VAN RAS

| **Ras** | **Aantal respondente** | **Totale populasie** | **Persentasie** |
|---|---|---|---|
| Blankes | 177 | 576 | 30,73% |
| Swartes | 48 | 101 | 47,52% |

## 3.3 DIE METINGSBATTERY

Ten einde die betroubaarheid en geldigheid van die Persoonlike Oriëntasievraelys vas te stel, is 'n metingsbattery saamgestel.

Die verskillende meetinstrumente word vervolgens bespreek met verwysing na die rasionaal en ontwikkeling, beskrywing, afneem en nasien, interpretasie en die betroubaarheid en geldigheid daarvan. Die motivering vir die keuse van die betrokke meetinstrument word hierna verstrek.

### 3.3.1 Die Persoonlike Oriëntasievraelys (POI)

Die ontwikkeling en rasionaal, beskrywing, afneem, nasien, betroubaarheid en geldigheid van die POI word vervolgens bespreek.

#### 3.3.1.1 Ontwikkeling en rasionaal van die POI

Die POI is deur Shostrom vir die meting van terapeutiese groei ontwikkel (Shostrom, 1976:29). Die POI is 'n selfevalueringsinstrument, waarvan die skale saamgestel is uit die humanisties-eksistensiële persoonlikheidsteorieë van Maslow, Rogers, Shostrom en andere (Shostrom, 1976:29; Shostrom & Knapp, 1966:193). Met behulp van die POI kan die respondent se vlak van psigologiese optimaliteit geëvalueer word.

#### 3.3.1.2 Beskrywing van die POI

Die vraelysmateriaal van die POI bestaan uit 'n vraeboekie, antwoordblad, stel maskers en 'n profielblad. Die vraeboekie bevat 150 gepaarde, teenoorgestelde positiewe en negatiewe stellings as pare van 'n kontinuum (Knapp, 1976:2-3). Die antwoordblad bied ruimte vir die beantwoording van 150 vrae wat bestaan uit 'n A- en B-alternatief by elk. Daar is twaalf skale en elke skaal bevat tussen 9 en 127 vrae. Daar is twaalf maskers (een per skaal). Die profielblad dui die respondent se selfaktualisering aan, met positiewe eienskappe bo en negatiewe eienskappe onder aan die skaal.

Die twaalf skale waaruit die POI bestaan, word in twee hoof- en tien subskale verdeel (Shostrom, 1976:33-35). Die twee hoofskale is die volgende:

- **Die Tydratio (Tc).** 'n Hoë telling volgens hierdie skaal dui op die positiewe eienskap van tydsbevoegdheid, dit wil sê 'n realiteitsgeoriënteerde bewustheid in die hede, waarin ervaringe uit die verlede en toekomsverwagtinge in 'n betekenisvolle kontinuïteit bestaan. 'n Lae telling dui dus op die negatiewe eienskap, tydsonbevoegdheid. Dit hou in om in die verlede te leef, gepaard met ervaring van skuldgevoelens en spyt, of in die toekoms te leef, gepaard met verwagtinge of vrese.

- **Die Ondersteuningsratio (I).** 'n Hoë telling volgens hierdie skaal dui op die positiewe eienskap, reaksie vanuit die self. 'n Lae telling dui op uiterlike of

andergerigtheid. Reaksie vanuit die self dui daarop dat die respondent op 'n outonome wyse en vanuit geïnternaliseerde beginsels en motivering vir homself kan besluit. Hy integreer en transendeer beide na-binne- en andergerigtheid in 'n optimale ratio of balans. Uitsluitlike andergerigtheid dui op afhanklikheid en beïnvloeding deur eksterne magte en 'n soeke na aanvaarding, gekenmerk deur manipulering en 'n poging om van agter sy masker te beïndruk.

Die tien subskale is twee-twee in afdelings gegroepeer, naamlik waardes, gevoelens, selfpersepsie, sinergistiese bewustheid en interpersoonlike sensitiwiteit.

**Waardes**

- **Selfaktualiseringswaarde (Sav).** Hierdie skaal meet die bevestiging van primêre waardes by selfaktualiserende persone. 'n Hoë telling dui daarop dat die respondent volgens die waarde wat eie aan selfaktualisering is, leef. 'n Lae telling dui aan dat hierdie waardes verwerp word.

- **Eksistensialiteit (Ex).** Hierdie skaal meet die vermoë om in ooreenstemming met die eise van 'n situasie, dit wil sê eksistensieel, op te tree, sonder die rigiede handhawing van beginsels. 'n Hoë telling dui op buigsaamheid in die toepassing van waardes, en 'n lae telling op die neiging om rigied, kompulsief en dogmaties aan waardes vas te kleef.

**Gevoelens**

- **Gevoelsrefleksie (Fr).** Hierdie skaal meet die responsiwiteit ten opsigte van eie gevoelens en behoeftes. 'n Hoë telling dui op sensitiwiteit hiervoor en 'n lae telling op onsensititwiteit.
- **Spontaneïteit (S).** Hierdie skaal meet die vryheid om spontaan op te tree of om jouself te wees. 'n Hoë telling dui op die vermoë om gevoelens in spontane aksie uit te druk en 'n lae telling op vrees om gevoelens in optrede uit te druk.

**Selfpersepsie**

- **Selfagting (Sr).** Hierdie skaal meet die bevestiging van die self op grond van eie waarde of sterkte. 'n Hoë telling dui op die vermoë om van die self te hou as gevolg van hoë selfagting en 'n lae telling op gevoelens van lae selfwaarde.

- **Selfaanvaarding (Sa).** Hierdie skaal meet die bevestiging of aanvaarding van die self ten spyte van swakhede of tekortkominge. 'n Hoë telling dui op die aanvaarding van die self en eie swakhede en 'n lae telling op 'n onvermoë om swakhede te aanvaar.

**Sinergistiese bewustheid**

- **Mensbeskouing (Nc).** Hierdie skaal meet die mate waarin 'n konstruktiewe beskouing oor menswees gehuldig word. 'n Hoë telling dui daarop dat die respondent die mens as goed beskou en dat hy teenoorgesteldes soos goed-sleg, manlikheid-vroulikheid, selfsugtigheid-onselfsugtigheid kan oplos. 'n Lae telling dui daarop dat die respondent die mens as sleg beskou.

- **Sinergie (Sy).** Hierdie skaal meet die vermoë om sinergisties te wees - dit wil sê om teenoorgesteldes te transendeer en op 'n betekenisvolle wyse met lewensobjekte om te gaan. 'n Hoë telling dui op die vermoë om teenoorgesteldes in die lewe as betekenisvol met mekaar in verband te bring, dit wil sê om in te sien dat werk en speel, selfsug en selfloosheid nie teenoorgesteldes hoef te wees nie. 'n Lae telling dui daarop dat die respondent teenoorgesteldes as antagonisties ervaar.

**Interpersoonlike sensitiwiteit**

- **Aanvaarding van aggressie (A).** Hierdie skaal meet die vermoë om die eie natuurlike aggressiwiteit te aanvaar in teenstelling met ontkenning, verdringing en 'n verdedigende houding ten opsigte van aggressie. 'n Hoë telling dui op die vermoë om woede of aggressie in die self as natuurlik te aanvaar, en 'n lae telling dui op die ontkenning van sodanige gevoelens.

- **Kapasiteit vir intieme kontak (C).** Hierdie skaal meet die vermoë om betekenisvolle, intieme verhoudings met ander mense te ontwikkel, sonder verwagtinge en verpligtinge. 'n Hoë telling dui op die vermoë tot betekenisvolle verhoudings en noue kontak met ander mense, en 'n lae telling dui op probleme met warm interpersoonlike verhoudinge.

#### 3.3.1.3 Afneem en nasien van die POI

Die POI kan individueel of in groepverband afgeneem word. Die instruksies is in die vraeboekie uiteengesit, en die respondent lees dit self deur. Die respondent beantwoord die 150 items deur telkens te besluit watter een van die A- of B-stelling die beste op sy optrede van toepassing is.

Die antwoordblad word met behulp van die stel maskers nagesien en die routelling word op die antwoordblad aangedui. Die routellings word op die profielblad oorgedra, waarna die selfaktualiseringsprofiel met behulp van standaardtellings getrek word. Hierdie standaardtellings is volgens norme van Amerikaanse studente en volwassenes bereken (Shostrom, 1966).

#### 3.3.1.4 Interpretasie van die POI

Die twaalf POI-skale bied 'n gesamentlike beeld van die respondent se selfaktualisering, hoewel die skale afsonderlik geïnterpreteer moet word. 'n Hoë telling op 'n individuele skaal dui daarop dat dié eienskap van selfaktualisering sterk by die individu aanwesig is. Standaardtellings tussen 50 en 60 dui op selfaktualisering, terwyl tellings laer as 50 as ontwikkelingsareas beskou kan word. Tellings hoër as 60 dui op vervalsing van die POI deur die respondent.

'n Poging deur 'n respondent wat oor min kennis van selfaktualisering beskik om die POI in sy guns te vervals, sal blyk uit verhoogde tellings ten opsigte van selfwaarde en verlaagde tellings ten opsigte van selfaanvaarding en eksistensialiteit (vgl. Prescott *et al.*, 1977:116-119; Shostrom, 1966:20-22).

#### 3.3.1.5 Betroubaarheid van die POI

In Amerika lewer toets-hertoetsbetroubaarheidsondersoeke die volgende betroubaarheidskoëffisiënte (Oakland *et al.*, 1978:80):

- 0,91 vir tydratio (Tc) en 0,93 vir ondersteuningsratio ( I ) (skoolsielkundiges);
- 0,52 vir aanvaarding van aggressie (A) tot 0,82 vir eksistensialiteit (Ex) (studente);
- 0,40 vir sinergie (Sy) tot 0,74 vir eksistensialiteit (Ex) (verpleegstudente).

Schulz (1994:110) verkry die volgende betroubaarheidskoëffisiënte vir die verskillende POI-skale in 'n Suid-Afrikaanse toets-hertoetsbetroubaarheidsondersoek (kyk Tabel 3.3):

TABEL 3.3 : DIE TOETS-HERTOETSBETROUBAARHEID VAN DIE POI IN SUID-AFRIKA

| SKAAL | BETROUBAARHEIDSKOëFFISIëNT |
|---|---|
| Tydratio (Tc) | 0,73 |
| Ondersteuningsratio (I) | 0,82 |
| Selfaktualiseringswaarde (Sav) | 0,58 |
| Eksistensialiteit (Ex) | 0,68 |
| Gevoelsrefleksie (Fr) | 0,50 |
| Spontaneïteit (S) | 0,62 |
| Selfagting (Sr) | 0,50 |
| Selfaanvaarding (Sa) | 0,66 |
| Mensbeskouing (Nc) | 0,41 |
| Sinergie (Sy) | 0,63 |
| Aanvaarding van aggressie (A) | 0,47 |
| Kapasiteit vir intieme kontak (C) | 0,57 |

Dit blyk uit Tabel 3.3 dat die betroubaarheid van die meeste POI-skale aanvaarbaar is. Die uitsondering is die Nc-skaal, waarvan die betroubaarheid relatief laag is. Die rede hiervoor is, volgens Schulz (1994:111), dat respondente dikwels probleme daarmee ervaar om items wat op hierdie skaal voorkom te beantwoord. Ander redes wat

aangevoer kan word vir die lae betroubaarheid van sommige skale, is dat dit moontlik te min items bevat.

Betroubaarheidstudies wat deur middel van interne konsekwentheid gedoen is, het onder andere gevind dat die betroubaarheidskoëffisiënte wat op hierdie manier verkry is, oor die algemeen hoër op die Ondersteuningsratio (I) en laer op al die ander skale was, as wat met toets-hertoetsbetroubaarheidstudies verkry is (Wise, 1977:1000). So bevind Silverstein en Fisher (1973:33) dat die betroubaarheid van die POI op grond van interne konsekwentheid tussen 0,30 en 0,63 varieer. Hattie (1986:593) vind egter betroubaarheidskoëffisiënte van tussen 0,21 en 0,73. Hierdie lae betroubaarheids-resultate kan toegeskryf word aan die feit dat die latente veranderlikes wat die POI veronderstel is om te meet, te wyd gedefinieer is en dat die inhoud van die items te veel varieer (Silverstein & Fisher, 1973:34). Dit blyk dus dat verdere studies ten opsigte van betroubaarheid deur middel van interne konsekwentheid nodig is (vgl. Ray, 1984:755).

Met die afneem van die POI op swart studente in Amerika het Parham en Helms (1985:144) bevind dat die selfagtingskaal (Sr) 'n toets-hertoetsbetroubaarheids-koëffisiënt van 0,71 toon. In 'n verdere studie wat deur Wissing en Van Eeden (1997:16) gedoen is, is bevind dat swart kandidate lae betroubaarheidskoëffisiënte ten opsigte van tien van die twaalf skale op die POI verkry het.

#### 3.3.1.6 Geldigheid van die POI

Volgens Maslow (1971:28) meet die POI selfaktualisering soos dit gedefinieer is. Die POI beskik oor konstrukgeldigheid en onderskei duidelik tussen selfgeaktualiseerde en nie-selfgeaktualiseerde persone in 'n terapeutiese situasie (Shostrom & Knapp, 1966:193-202). Die studie van Leitschuh en Rawlins (1991:687-690) ondersteun die konstrukgeldigheid van die POI. Hulle bevind dat 'n hoë telling vir selfagting en selfaktualiseringswaarde ook verband hou met beter fisiese gesondheid van respondente.

In 'n ondersoek wat in Suid-Afrika onderneem is, bevind Schulz (1994:118) dat die POI wel oor konstrukgeldigheid beskik. Hy bevind dat die tydratio (Tc) en die ondersteuningsratio (I) positief korreleer met emosionele stabiliteit, ekstroversie,

selfgelding en entoesiasme (soos gemeet deur die Sestien-Persoonlikheidsfaktorvraelys). Negatiewe korrelasies is tussen die genoemde skale en angs, agterdog en depressie (wat die teenoorgestelde van selfaktualisering is) gevind. Soortgelyke bevindings is ten opsigte van die ander POI-skale verkry (Schulz, 1994:119).

Volgens Oakland *et al.* (1978:84) kan die POI 'n aanduiding van positiewe geestesgesondheid gee, maar die vraelysinligting kan nie sonder meer as 'n geldige aanduiding van selfaktualisering vertolk word nie. Hierdie kritiek lê waarskynlik op die vlak van semantiese verskille tussen die twee konstrukte positiewe geestesgesondheid en selfaktualisering.

In hulle ondersoek na die POI spreek Sicz en Forest (1980a:376-378) kritiek uit teen die toepaslikheid van norme vir die algemene populasie op spesifieke groepe. By gebrek aan verskeie normgroepe, soos tans in Suid-Afrika ervaar word, is die gebruik van die algemene norme nog die enigste oplossing ten opsigte van hierdie kritiek.

#### 3.3.1.7 Motivering vir die gebruik van die POI

Uit die rasionaal, beskrywing en betroubaarheids- en geldigheidsdata blyk dit dat die POI 'n geskikte meetinstrument is vir die meting van psigologiese optimaliteit. Shostrom (1976:13) en Knapp (1976:1) meen ook dat die POI hom uitstekend daartoe leen om psigologiese optimaliteit te meet.

Die kommer wat aangaande die gebruik van hierdie instrument in Suid-Afrikaanse omstandighede bestaan weens die gebrek aan voldoende studies oor die betroubaarheid en geldigheid, sowel as normtabelle vir die Suid-Afrikaanse samelewing (Ray, 1984:755; Sicz & Forest, 1980a:376-378), dien as verdere motivering vir die gebruik van hierdie instrument. Bogenoemde dien ook as motivering vir hierdie studie.

### 3.3.2 Die Sestien-Persoonlikheidsfaktorvraelys (16 PF)

Die ontwikkeling en rasionaal, beskrywing, afneem, nasien, interpretasie, betroubaarheid en geldigheid en motivering vir die keuse van die 16 PF word vervolgens bespreek.

#### 3.3.2.1 Ontwikkeling en rasionaal van die 16 PF

Die aanvanklike Sestien-Persoonlikheidsfaktorvraelys (16 PF) is deur R.B. Catell (1949) vir gebruik in Amerika, onder die outeursreg van die Institute for Personality and Ability Testing (IPAT) ontwikkel. Die Amerikaanse vraelys is met verloop van jare verskeie kere hersien en selfs uitgebrei. Die toets is ontwikkel met 'n stel geselekteerde gestruktureerde items om persoonlikheidsbeskrywings te doen om gedrag te voorspel (Rothmann, 1995:14).

Die rasionaal van die 16 PF is dat karaktertrekke wat op 'n wetenskaplike wyse uit 'n groot aantal persoonlikheidsbeskrywings blootgelê is, 'n betroubare en geldige meting van die ware persoonlikheidskonstrukte by die mens aanwesig, verskaf. Daar kan ook opgelet word dat die sestien primêre trekke ook in groepe saamgevoeg kan word om 'n aantal tweede-ordefaktore te vorm. Laasgenoemde wissel tussen vyf en agt, en word gewoonlik verkry deur 'n faktorontleding te doen van die korrelasiematriks van die sestien primêre faktortotale (Prinsloo, 1992:5).

Die 16 PF is opgestel vir die evaluering van sestien basiese eienskappe van die menslike persoonlikheid. Aan die hand daarvan word 'n geïntegreerde "persoonlikheidsbeeld" verkry en gedragsvoorspellings oor die toetsling gemaak.

#### 3.3.2.2 Beskrywing van die 16 PF

Daar bestaan verskeie vorms van die 16 PF, naamlik Vorm A en B, E en SA 92. Die onderskeie vorms word vervolgens bespreek.

- Die A- en B-vorms bevat elk 187 items en is bedoel vir volwassenes met 'n formele begripsvlak van minstens Standerd 10 of gelykwaardige opleiding. Aangepaste weergawes vir Suid-Afrika van beide hierdie vorms is tans met plaaslike norms in Suid-Afrika beskikbaar. Die A-vorm is op verskeie subgroepe gestandaardiseer en is bruikbaar in voorligting- en keuringsituasies. Die B-vorm is veral in na-sekondêre akademiese omgewings gestandaardiseer.

- Die E-vorm bevat 128 items en die taalgebruik, woordeskat en formaat is vereenvoudig sodat dit geskik is vir persone van 18 jaar en ouer met 'n formele

onderrigpeil van tussen Standerd 4 en Standerd 9. Hierdie vorm is aangepas en gestandaardiseer vir Suid-Afrikaanse gebruik.

- Die SA 92-vorm (wat in hierdie navorsing gebruik word) bevat 160-items en is 'n nuwe weergawe van die 16 PF. Die oogmerk is dat die nuwe SA weergawe van die 16 PF die ouer A- en B-vorms met verloop van tyd vervang. Daar is veral drie aanduidings ten gunste hiervan, wat inderdaad ook die behoefte aan die vrystelling daarvan weerspieël:

  - geslag- en etniese sydigheid is moontlik in items van die A- en B-vorms aanwesig;
  - elke teikengroep waarvoor norms in die twee vorige vorms vervat is, dit wil sê studente, personeel uit die bedryf en alle geslagte, word nou gesamentlik hanteer; en
  - meer vryheid is gedurende die navorsing toegelaat om items uit verskeie vorms te herrangskik en te selekteer, met die gevolg dat swak items op grond van die resultate van itemontleding weggelaat kan word, wat voorheen nie die geval was nie.

Die volgende sestien persoonlikheidstrekke (eerste-ordefaktore) word deur die 16 PF gemeet:

Faktor A - Warmte
Faktor B - Intelligensie
Faktor C - Egosterkte
Faktor E - Dominansie
Faktor F - Sorgvryheid
Faktor G - Superegosterkte
Faktor H - Vrymoedigheid
Faktor I - Sensitiwiteit
Faktor L - Agterdogtigheid
Faktor M - Verbeeldingrykheid
Faktor N - Skerpsinnigheid
Faktor O - Neiging tot skuldgevoelens
Faktor $Q_1$ - Radikalisme
Faktor $Q_2$ - Selfgenoegsaamheid

Faktor $Q_3$ - Selfbeheersing

Faktor $Q_4$ - Gespannenheid

Sekondêre faktore of tweede-orde dimensies:

- Introversie teenoor ekstroversie
- Aanpassing teenoor angs
- Gevoelsafhanklikheid teenoor kortikaliteit
- Onderworpenheid teenoor onafhanklikheid
- Natuurlikheid teenoor versigtigheid
- Koue realisme teenoor kwistige subjektiwiteit
- Lae intelligensie teenoor hoë intelligensie
- Lae superegosterkte teenoor hoë superegosterkte

Die sekondêre faktore is breë invloede of organiseerders wat bydra tot die primêre faktore, waardeur die korrelasies tussen laasgenoemde verklaar word. Die sekondêre tellings, gepaard met die primêre tellings, toon hoe die primêre faktore by 'n besondere persoon georganiseer is (Catell *et al.*, 1974:115-130; Golden, 1979:116-118; Maas, 1980:64-66).

Die 16 PF beskik verder oor 'n geldigheidskaal naamlik die Motiveringsdistorsieskaal (MD). Dit verwys na die poging van individue om hulself in 'n beter lig te probeer stel as wat hulle regtig is.

### 3.3.2.3 Afneem en nasien van die 16 PF

Die 16 PF kan individueel of binne groepsverband afgeneem word. Die 16 PF is 'n C-vlaktoets en kan binne 35 minute deur die toetsling ingevul word. Instruksies vir die beantwoording van die 16 PF verskyn in die herbruikbare toetsboekies. Die respondent beantwoord die 160 items deur telkens te besluit watter van die alternatiewe verteenwoordigend is van sy optrede in die algemeen.

Die 16 PF word met behulp van 'n nasienmasker nagesien. 'n Routelling word vir elk van die 16 dimensies verkry, waarna dit met behulp van normtabelle na stiene

omgeskakel word. Die tweede-ordefaktore en geldigheidstelling word deur middel van spesifieke kombinasies van bogenoemde stientellings bereken.

#### 3.3.2.4 Interpretasie van die 16 PF

Die response wat op die 16 PF verkry word, word só nagesien dat die patrone wat verkry word, op 'n stel van sestien eerste-orde- en vyf of meer tweede-ordefaktortellings sinvol geïnterpreteer kan word.

Die ontleding van spesifieke items lei tot die berekening van die sogenaamde respons-instellingstellings wat ook as eerlikheids-, geldigheids- of verdraaiingstellings bekend staan. Hieronder ressorteer die motiveringsdistorsieskale en 'n toevalligheidskaal wat beide 'n aanduiding gee van toetshoudings en dus van die geloofwaardigheid van die verkreë tellings.

Wanneer die 16 PF geïnterpreteer word, word die moontlikheid van oneerlikheid of verdraaiing by die beantwoording van die vraelys, eerstens oorweeg. Indien die tellings vir distorsieskale en die onverskilligheidskaal uitgewerk word, kan die volgende afsnypunte geld: 1-5 dui op eerlike beantwoording, 6-7 dui op moontlike distorsie en 8-12 dui op definitiewe distorsie.

Hierna word die tweede-ordefaktore van die 16 PF geïnterpreteer. Die tweede-orde-faktore is 'n tipe opsomming en integrasie van die belangrike gedragskenmerke. By die interpretasie van die tweede-orde faktore kan die volgende indikasies geld:

- 'n telling van 3 tot 8 dui op 'n gewone en normale gedragspatroon;
- 'n telling van 1 tot 2 en van 9 tot 10 is 'n aanduiding van besliste, kenmerkende gedragspatrone, byvoorbeeld óf meer introversief óf meer ekstroversief.

Laastens word gefokus op die sestien primêre faktore. Tydens die interpretasie van die sestien primêre faktore word tellings van 1 tot 3 (baie laag) en tellings van 8 tot 10 (hoog) veral oorweeg. Die tellings wat binne die sogenaamde gewone (normale) patroon val, naamlik 4 tot 7, is nie sonder betekenis nie. Tellings van 4 tot 7 kan reeds beskou word as neigings na die een of die ander kant.

### 3.3.2.5 Betroubaarheid van die 16 PF

Catell se toets-hertoetsbetroubaarheid het korrelasies van 0,58 tot 0,88 na twee-maande-hertoetsing getoon (Catell *et al.*, 1974:30-74). Halfverdelingsbetroubaarheids-koëffisiënte is verder deur Catell vir die verskillende faktore bereken (kyk Tabel 3.4). Hoewel die betroubaarheidskoëffisiënte betreklik laag is, is dit nogtans hoër as die koëffisiënte van baie van die toetse wat daagliks gebruik word (Smit, 1991:307-308).

TABEL 3.4 : HALFVERDELINGSBETROUBAARHEIDSINDEKSE VIR DIE 16 PF

| FAKTORE | r | FAKTORE | r |
|---|---|---|---|
| A | 0,90 | L | 0,77 |
| B | 0,86 | M | 0,88 |
| C | 0,93 | N | 0,79 |
| E | 0,91 | O | 0,85 |
| F | 0,84 | $Q_1$ | 0,71 |
| G | 0,85 | $Q_2$ | 0,79 |
| H | 0,83 | $Q_3$ | 0,76 |
| I | 0,76 | $Q_4$ | 0,88 |

Volgens Smit (1991:308) onderskei die 16 PF beduidend tussen normale en neurotiese persone ten opsigte van egosterkte (Faktor C), angs (Faktor I en O), en psigo-somatiese angs (Faktor Q4). Tydens vroeëre navorsing is bevind dat daar 'n verband tussen metings in die 16 PF en akademiese prestasie bestaan (Smit, 1991:309). Sorgvryheid korreleer beduidend negatief met die akademiese prestasie van studente in die BA-studierigting (r = 0,26), en pligsgetrouheid korreleer beduidend positief met die akademiese prestasie van studente in die B.Sc-studierigting (r = 0,50) en BA-studierigting (r = 0,36) en B.Com-studierigting (r = 0,22).

In Suid-Afrika het De la Rey (soos aangehaal deur Lourens, 1982:106) met behulp van die halveermetode elf van die faktore as betroubaar bewys. Die waarskynlikheidspeil wissel tussen 0,1%, 1% en 5%.

#### 3.3.2.6 Geldigheid van die 16 PF

Omdat die veranderlikes van die 16 PF op 'n faktorskaal bereken word (dit wil sê op faktoranalitiese gronde) en nie op grond van betekenis nie, word gesigsgeldigheid nie by die 16 PF vereis nie (Maas, 1980:44). Verder bestaan daar talle Amerikaanse ondersoeke wat op empiriese, inhouds- en voorspellingsgeldigheid van die 16 PF dui (soos gerapporteer deur Maas, 1980:46; Smit, 1981:254-255, Lourens, 1982:107-108).

#### 3.3.2.7 Motivering vir die gebruik van die 16 PF

Uit die vorige bespreking blyk dit dat die 16 PF 'n betroubare en geldige meting van die totale persoonlikheid gee. As die algemeen aanvaarde persoonlikheidsvraelys in Suid-Afrika, evalueer die 16 PF sestien basiese eienskappe van die menslike persoonlikheid. Na aanleiding van 'n studie wat deur Schulz (1994) gedoen is, word daarop gewys dat die 16 PF en die POI positief korreleer ten opsigte van sekere persoonlikheidskenmerke wat kenmerkend van 'n psigologies optimaal-funksionerende persoon is en dat hierdie twee meetinstrumente negatief korreleer ten opsigte van kenmerke wat die teenoorgestelde van selfaktualisering is, dit wil sê neurotisisme en angs.

Aangesien die psigologies optimaal-funksionerende persoon veral vanuit 'n interne lokus van evaluering optree, is dit veral in hierdie navorsing van belang om die intrapersoonlike kenmerke wat met psigologiese optimaliteit verband hou, te bepaal. Met die oog hierop word die 16 PF dus by die metingsbattery ingesluit. Dit is 'n betroubare meetinstrument vir kenmerke van die menslike persoonlikheid en kan ook gebruik word om te probeer vasstel watter intrapersoonlike kenmerke kenmerkend van psigologiese optimaliteit is.

### 3.3.3 Die Lokus van Beheer-vraelys (LVB)

Die ontwikkeling en rasionaal, beskrywing, afneem, nasien, interpretasie, betroubaarheid en geldigheid en motivering vir die keuse van die Lokus van Beheer-vraelys word vervolgens bespreek.

#### 3.3.3.1 Ontwikkeling en rasionaal van die LVB

Die rasionaal vir die ontwikkeling van die LVB is dat al die bestaande Lokus van Beheer-skale op die een of ander wyse aanvegbaar is (Schepers, 1995:6). Van die bekendste skale is Rotter se I-E-skaal, die Gesondheidslokus van Beheer-skaal van Wallston, Wallston, Kaplan en Maides (1976), die Multidimensionele Gesondheids-lokus van Beheer-skaal van Wallston, Wallston en De Vellis (1978), die Nowicki-Strickland-skaal van Nowicki en Strickland (1973), die Interne, Magtige Andere en Kansskale van Levenson (1974), die Ekonomiese Lokus van Beheer-skaal van Furnham (1986) en die Interne Beheer-indeks van Duttweiler (1984).

Die Gesondheidslokus van Beheer-skaal, die Multidimensionele Gesondheidslokus van Beheer-skaal en die Ekonomiese Lokus van Beheer-skaal, is goed ontwikkelde en betroubare skale, hoewel te spesifiek vir algemene gebruik. (Schepers, 1995:4).

Die skale van Rotter en van Duttweiler is goed ontwikkelde skale vanuit 'n inhoudelike oogpunt gesien. Albei is egter vanuit 'n psigometriese oogpunt beskou, te swak ontwikkel. Die grootste enkele probleem met Rotter se I-E-skaal is die feit dat die gedwonge keuse-itemformaat tot ipsatiewe meting lei terwyl die gebruiker dit ook op 'n normatiewe wyse wil gebruik ten einde inter-individuele verskille te bepaal (Clemens, 1956:52). Volgens Schepers (1995:6) is die skaal van Duttweiler (1984) teoreties goed gefundeer, maar die statistiese ontleding daarvan word bevraagteken. Schepers (1995:6) vind dat daar van 'n intensiteitskaal gebruik gemaak word, maar die skaaleenhede is nie gelyk nie, trouens dit is 'n ordinale skaal. Aansluitend hierby vind hy dat daar imet 28 items geëindig is na itemontleding en faktorontleding. Dit blyk dat die itemontleding met al die items gedoen is sonder dat die dimensionaliteit van die vektorruimte van die toetsitems vooraf bepaal is. Ten einde die dimensionaliteit van die skaal te bepaal, is daar van 'n hooffaktorontleding gebruik gemaak. Alhoewel daar agt waardes groter as een was, is slegs twee faktore geroteer. Daar is egter 'n sterk moontlikheid dat hierdie twee "faktore" eintlik twee bondels items is wat op dieselfde faktor laai. Die grondliggende probleem ten opsigte van die faktorontleding wat gedoen is, is die differensiële skeefheid van die items (Schepers, 1995:6).

Die aanvegbaarheid van alle bestaande meetinstrumente gerig op die meting van lokus van evaluering dien gevolglik as rasionaal vir die ontwikkeling van Schepers se Lokus van Beheer-vraelys.

#### 3.3.3.2 Beskrywing van die LVB

Die LVB is gefundeer in die attribusie- en sosiale leerteorie en bestaan uit 80 items wat aan drie skale toegeken is (Schepers, 1995:25). Die drie skale waaruit die vraelys bestaan is, die volgende:

- **Eksterne Beheer:** Hierdie skaal bepaal die mate waarin die respondent prestasie aan oorsake buite sy beheer (geluk, noodlot, omstandighede of invloedryke persone) toeskryf. Daar is 25 items wat na hierdie skaal verwys.
- **Interne beheer:** Hierdie skaal bepaal of die respondent prestasie aan oorsake binne sy beheer (vermoëns, gedrag, persoonlike eienskappe) toeskryf. Daar is 26 items wat na hierdie skaal verwys.
- **Outonomie:** Hierdie skaal bepaal of die respondent in staat is om in sy eie vermoëns te glo, met selfvertroue onafhanklik te kan handel en om self besluite en aksiestappe te neem wat tot probleemoplossing sal lei. Daar is 26 items wat na hierdie skaal verwys.
- **Algemene aspekte van situasies:** Daar is drie items wat inhoudelik nie onder genoemde drie skale ressorteer nie en wat meer op algemene situasies gerig is.

Soos lokus van evaluering deur die humaniste gekonseptualiseer is (soos in Hoofstuk 1 beskryf), blyk dit dat lokus van beheer, soos gemeet deur die LVB, ooreenstemming met bogenoemde konstruk toon.

#### 3.3.3.3 Afneem en nasien van die LVB

Die LVB is 'n selfinvulmeetinstrument wat op 'n sewe-puntskaal beoordeel word, waar:

1 = die respondent stem glad nie met die betrokke stelling saam nie
7 = die respondent stem in 'n groot mate met die betrokke stelling saam

Die vraelys handel oor verskeie faktore en omstandighede wat in 'n mindere of meerdere mate 'n invloed op 'n persoon se gedrag uitoefen. Daar is geen regte of verkeerde antwoorde op die vrae nie. Die vraelys bepaal in watter mate die verskillende faktore en omstandighede, wat in die vraelys gemeld word, die respondent se beoordeling van en besluitneming oor sake beïnvloed (Schepers, 1995).

Die respondent moet elke vraag in die vraelys noukeurig lees voordat besluit word in watter mate die bepaalde faktor (omstandigheid), wat in die stelling vervat is, gedrag beïnvloed. Ten einde dit te doen, moet die respondent op die beskrywings aan die eindpunte van die sewe-puntskaal let, wat by elke vraag voorkom, en dan op 'n skaal van een tot sewe sy respons met 'n kruisie merk. Dit is belangrik dat die respondent sy eerste indrukke weergee en daar moet so eerlik en spontaan moontlik op die vrae gereageer word. Alle vrae moet beantwoord word.

Die LVB kan individueel of in groepsverband afgeneem word. Die respondent word van 'n antwoorblad, vraeboekie en skryfmateriaal voorsien.

Die meetinstrument word deur middel van die volgende stappe nagesien:

- Die volgende sewe items in die vraelys is negatief gestel en moet omgekeer word sodat 'n hoër telling altyd gesonde beheer en oordeel kan beteken: 1, 15, 39, 59, 71, 72 en 73.

- Die telling op eksterne beheer word verkry deur die waardes van die volgende items bymekaar te tel: 4, 9, 11, 12, 20, 21, 34, 35, 36, 38, 41, 43, 45, 47, 51, 52, 53, 56, 57, 58, 65, 77, 78, 79 en 80.
  K = 25

- Die telling op interne beheer word verkry deur die waardes van die volgende items bymekaar te tel: 6, 7, 8, 10, 16, 18, 19, 25, 26, 27, 31, 32, 37, 40, 42, 48, 49, 54, 55, 59, 60, 61, 63, 69, 75 en 76.
  K = 26

- Die telling op outonomie word verkry deur die waardes van die volgende items bymekaar te tel: 1, 2, 3, 5, 13, 14, 15, 17, 22, 24, 28, 29, 30, 39, 44, 46, 62, 64, 66, 67, 68, 70, 71, 72, 73 en 74.
  K = 26

#### 3.3.3.4 Interpretasie van die LVB

Die interpretasie van die drie subskale van die LVB, naamlik eksterne beheer, interne beheer en outonomie behoort gesamentlik sowel as in logiese samehang gedoen te word. Hiervolgens sal 'n individu met hoë tellings op interne beheer en outonomie, en 'n lae telling op eksterne beheer, as 'n gesonde en goed aangepaste individu beskou word, wat in staat is om lewenseise effektief te hanteer en goed te presteer. Die teenoorgestelde is waar van 'n individu met lae tellings op interne beheer en outonomie en 'n hoë telling op eksterne beheer. 'n Individu met hierdie tellings kan geneig wees om eksterne faktore en die omgewing verantwoordelik te hou vir sake wat verkeerd loop en vir swak prestasie.

Schepers (1995:19) tref die volgende onderskeid tussen persone met 'n interne lokus van beheer en dié met 'n eksterne lokus van beheer (Tabel 3.5):

TABEL 3.5 : DIE ONDERSKEID TUSSEN PERSONE MET 'n INTERNE LOKUS VAN BEHEER EN DIÉ MET 'n EKSTERNE LOKUS VAN BEHEER

| **INTERNE LOKUS VAN BEHEER** | **EKSTERNE LOKUS VAN BEHEER** |
|---|---|
| Emosioneel stabiel | Emosioneel gevoelig |
| Volwasse, kalm | Onvolwasse, onseker |
| Selfgeldend | Minderwaardig |
| Onafhanklik | Afhanklik van goedkeuring |
| Onkonvensioneel | Konvensioneel, verkies die bekende |
| Avontuurlustig | Oorversigtig |
| Sosiaal vrymoedig | Inkennig, terughoudend |
| Onversetlik | Baie inskiklik, beïnvloedbaar |
| Verantwoordelik | Nalatig |
| Intelligent, goeie insig | Gebrekkige selfkennis |
| Selfversekerd | Onseker |
| Analities | Minder noukeurig |
| Vrydenkend | Tonnelvisie, beperkte insig |
| Ontspanne, rustig | Gespanne, gejaagd |

### 3.3.3.5 Betroubaarheid van die LVB

Die drie skale van die LVB is aan itemontleding onderwerp. Die betroubaarhede van die drie skale is met behulp van Cronbach se alphakoëffisiënt bepaal.

Die betroubaarhede (alphakoëffisiënt) van die drie subskale van die LVB is soos volg (Schepers, 1995:12):

- Eksterne beheer: 0,80
- Interne beheer: 0,77
- Outonomie: 0,80

Al die items beskik gevolglik oor aanvaarbare indekse van betroubaarheid.

### 3.3.3.6 Geldigheid van die LVB

Die konstrukgeldigheid van LVB word bevestig deur betekenisvolle korrelasies met die volgende meetinstrumente:

- **Die 16-Persoonlikheidsfaktorvraelys:** Persone met hoë tellings op Outonomie en Interne Beheer, en lae tellings op Eksterne Beheer kan beskryf word as emosioneel stabiel, volwasse, kalm, selgeldend, onafhanklik, onkonvensioneel, avontuurlustig, sosiaal vrymoedig, onversetlik, verantwoordelik, slim, selfversekerd, analities, vrydenkend, ontspanne en bedaard. Persone met lae tellings op Outonomie en Interne Beheer en hoë tellings op Eksterne Beheer val op die teenpool van al bogenoemde persoonlikheidseienskappe (Schepers, 1995:19).

- **Die Jung-Persoonlikheidsvraelys:** Persone met hoë tellings op Outonomie en Interne Beheer en 'n lae telling op Eksterne Beheer is meer ekstroversief en intuïtief as persone met lae tellings op Outonomie en Interne Beheer en 'n hoë telling op Eksterne Beheer wat meer introvertief is en meer op waarneming ingestel is (Schepers, 1995:20).

- **Die Persoonlike, Huislike, Sosiale en Formele Verhoudingsvraelys (PHSF):** Persone met hoë tellings op Outonomie en Interne Beheer en 'n lae telling op Eksterne Beheer is beter aangepaste persone as persone met lae tellings op Outonomie en Interne Beheer en 'n hoë telling op Eksterne Beheer ten opsigte van hulle persoonlike, huislike, sosiale en formele verhoudings. Daar is statisties beduidende verskille ten opsigte van die volgende faktore van die PHSF: selfvertroue; eiewaarde; senuweeagtigheid; gesondheid; persoonlike vryheid; sosialiteit-G; sosialiteit-S; morele inslag en formele verhoudings (Schepers, 1995:21).

- **Die Opname van Studiegewoontes en –houdings (OSGH):** Persone met hoë tellings op Outonomie en Interne Beheer en lae tellings op Eksterne Beheer toon goeie aanpassing binne onderwysverband. Hulle pas goeie studiegewoontes en werkmetodes toe, vermy uitstel en openbaar 'n positiewe gesindheid teenoor onderwys (Schepers, 1995:22).

- **Die Loopbaanontwikkelingsvraelys (LOV):** Persone met hoë tellings op Outonomie en Interne Beheer en lae tellings op Eksterne Beheer is oor die algemeen meer loopbaanvolwasse as persone met lae tellings op Outonomie en Interne Beheer en hoë tellings op Eksterne Beheer (Schepers, 1995:22-23).

- **Die 19-Veld-Belangstellingsvraelys (19VBV):** Persone met hoë tellings op Outonomie en Interne Beheer en 'n lae telling op Eksterne Beheer toon veral 'n hoë belangstelling in kreatiewe denke (Schepers, 1995:23).

Ten opsigte van die kriteriumverwante geldigheid van die Lokus van Beheer-vraelys is bevind dat die LVB met 'n saamgestelde kriterium van werksukses (r = 0,62) korreleer. Die interkorrelasies lyk soos volg (Schepers, 1995:16):

- Die skaal van Outonomie het 'n korrelasie van 0,49 met die skaal van Interne Beheer. Albei hierdie skale korreleer negatief met die skaal van Eksterne Beheer.
- Die skaal van Outonomie het 'n korrelasie van -0,26 met die skaal van Eksterne Beheer.
- Die skaal van Interne Beheer het 'n korrelasie van -0,17 met die skaal van Eksterne Beheer.

Interne Beheer en Eksterne Beheer is gevolglik nie bipolêr-teenoorgesteldes nie, maar is onafhanklike konstrukte. Albei hierdie skale lewer dus in eie reg 'n unieke bydrae (Schepers, 1995:16).

### 3.3.3.7 Motivering vir die gebruik van die LVB

Uit die literatuur blyk dit dat 'n psigologies optimaal-funksionerende persoon vanuit 'n interne lokus van beheer optree. Dit blyk verder uit bogenoemde bespreking dat die LVB 'n betroubare en geldige meetinstrument vir lokus van beheer is. Navorsing wat met behulp van Rotter se I-E-skaal en die POI gedoen is (Wall, 1970:282), het daarop gedui dat selfaktualisering, soos gemeet deur die POI, in 'n mate onafhanklik is van lokus van evaluering, soos gekonseptualiseer deur Rotter. Laasgenoemde studie se resultate word egter bevraagteken as gevolg van die ipsatiewe aard van die vraelys wat gevolglik nie die meetinstrument geskik maak vir normale statistiese verwerkings nie.

Vanuit die konseptualisering van psigologiese optimaliteit en lokus van beheer blyk dit dat daar egter wel 'n logiese verband tussen die twee konstrukte bestaan. In hierdie verband word die Lokus van Beheer-vraelys van Schepers in die metingsbattery ingesluit om vas te stel of lokus van beheer wel 'n kenmerk van psigologies optimaal-funksionerende persone is en om bogenoemde verband te bevestig, dit wil sê of die POI positief met die LVB korreleer.

## 3.4 NAVORSINGSMETODE

Die metingsbattery is deur die totale toetspopulasie onder gestandaardiseerde psigometriese toestande voltooi.

Om die betroubaarheid en geldigheid van die POI te bepaal, is die navorsingsmetode soos volg uitgevoer:

1. Die ondersoekgroep is deur die samewerking van hul dosente vir die afneem van die meetinstrumente gewerf.
2. Die meetinstrumente is tydens geskeduleerde tye in klasverband deur die ondersoekgroep onder gestandaardiseerde psigometriese toestande voltooi.
3. Die toetskandidate het na die afneem van die meetinstrumente, terugvoer oor die POI-resultate ontvang.
4. Die routellings wat op die meetinstrumente behaal is, is deur die Statistiese Konsultasiedienste van die PU vir CHO verwerk.
5. Om die betroubaarheid van die POI te bepaal, is van die interne konsekwentheids-metode gebruik gemaak, en is Cronbach se Alpha-koëffisiënte deur middel van die Kuder-Richardson Formule 21 bepaal.
6. Om die geldigheid van die POI te bepaal, is die LVB en die 16 PF as deel van die metingsbattery afgeneem.

## 3.5 STATISTIESE ONTLEDINGS

Statistiese verwerkings is met behulp van die SAS-rekenaarprogram (SAS Institute, 1985) gedoen. Beskrywende en inferensiële statistiek word ten opsigte van hierdie navorsing gebruik.

Beskrywende statistiek stel die navorser in staat om die data op 'n betekenisvolle wyse te organiseer (Burns & Grove, 1993:766). In hierdie navorsing word van rekenkundige gemiddeldes en standaardafwykings gebruik gemaak. Die rekenkundige gemiddelde behels die punt op 'n betrokke skaal wat verkry word deur die som van tellings te deel deur die aantal tellings. Die standaardafwyking (s) dui op die hoeveelheid waarmee 'n individuele waarde van die gemiddelde van gegewe verspreidings van data verskil. Hiervoor word vierkantswortels van afwykings gebruik, en die gemiddelde dien as bepaler van die verspreiding (De Wet *et al.*, 1981:176).

Om die betroubaarheid van die POI te bepaal, is Cronbach se alpha-koëffisiënt gebruik. Die alpha-koëffisiënt is 'n maatstaf vir interne konsekwentheid. Hierdie indeks dui die mate aan waarin al die items in die toets dieselfde eienskap meet (Huysamen, 1993:125). Dit impliseer dat die verskillende items in 'n meetinstrument so homogeen is dat elke item dieselfde veranderlike wat gemeet word, evalueer (De Wet *et al.*, 1981:145).

Om die alpha-koëffisiënt te bereken vereis 'n enkele toepassing van die toets op 'n groot verteenwoordigende steekproef. In hierdie navorsing is die alpha-koëffisiënt bereken met behulp van die Kuder-Richardson Formule 21.

Pearson se produkmomentkorrelasies is uiteengesit om die sterkte van die lineêre verwantskap tussen twee veranderlikes x en y (bv. tydsratio en eksterne beheer) vas te stel. Die omvang van hierdie verbande kan as sterk, middelmatig en baie swak of laag beskryf word, alhoewel die korrelasiekoëffisiënt nooit in 'n absolute sin geïnterpreteer moet word nie.

Die produkmomentkorrelasiekoëffisiënt varieer tussen -1,00 en +1,00. Hoe nader die absolute waarde van 'n korrelasiekoëffisiënt (r) aan -1,00 of +1,00 is, hoe akkurater is die voorspelling dat een veranderlike met 'n ander verband hou (Anastasi, 1988:111). Die volgende afbakenings word aan die waardes van r (ongeag die waardeteken daarvan) vir die doeleindes van hierdie navorsing toegeken :

- 0,80-0,99 : 'n hoë korrelasie
- 0,60-0,80 : 'n substansiële korrelasie
- 0,40-0,60 : 'n redelike (matige) korrelasie

- 0,20-0,40 : 'n lae korrelasie
- 0,00-0,20 : 'n baie lae of geen korrelasie (De Wet *et al.*, 1981:188).

Daar sal vir die doeleindes van hierdie navorsing slegs aandag gegee word aan korrelasies groter as 0,20 (dit wil sê lae tot hoë korrelasies).

## 3.6 HIPOTESEFORMULERING

Vir die doeleindes van hierdie navorsing word die volgende hipoteses geformuleer.

### 3.6.1 Navorsingshipoteses

H1: Die Persoonlike Oriëntasievraelys is ten opsigte van interne konsekwentheid 'n betroubare meetinstrument vir psigologiese optimaliteit vir universiteitstudente.

H2: Daar bestaan 'n beduidende verband tussen items van die POI en items van die Sestien-Persoonlikheidsfaktorvraelys.

H3: Daar bestaan 'n beduidende verband tussen die items van die POI en die items van die Lokus van beheer-vraelys.

## 3.7 HOOFSTUKSAMEVATTING

In hierdie hoofstuk is 'n navorsingsmetode uiteengesit ooreenkomstig die doel van die empiriese ondersoek, die beskrywing van die ondersoekgroep en van die metingsbattery. Verder is die navorsingsmetodiek en die statistiese verwerkings verduidelik en die hipoteses geformuleer.

In Hoofstuk 4 word die resultate van die empiriese hoofstuk uiteengesit en bespreek.

# HOOFSTUK 4

# RESULTATE VAN DIE EMPIRIESE ONDERSOEK

In hierdie hoofstuk word die resultate van die empiriese ondersoek gerapporteer en bespreek. Die resultate word aangebied aan die hand van die gestelde navorsingshipoteses (kyk paragraaf 3.6).

Eerstens word die beskrywende statistiek van die meetinstrumente gerapporteer en bespreek. Hierna word die resultate van die betroubaarheid- en die geldigheidstudie van die Persoonlike Oriëntasievraelys aan die hand van die gestelde hipoteses gerapporteer en bespreek.

## 4.1 BESKRYWENDE STATISTIEK VAN DIE MEETINSTRUMENTE

Die items, rekenkundige gemiddeldes ( $\bar{x}$ ), standaardafwykings (s) en die minimum en maksimum waardes vir die ondersoekgroep (N = 225) vir die POI word in Tabel 4.1 aangedui. Hierdeur kan 'n geheelbeeld van die datastel gevorm word en kan aangedui word hoe normaal die gegewens telkens versprei Is.

Die rekenkundige gemiddelde ( $\bar{x}$ ) is 'n beskrywende maatstaf van lokaliteit vir 'n steekproef van waarnemings. Dit gee 'n aanduiding van die middelpunt van die verdeling. Die standaardafwyking (s), as maatstaf van spreiding, meet die inherente variasie van die waarnemings in 'n datastel, dit wil sê hoe gekonsentreerd die waarnemings is (Steyn *et al.*, 1994:97).

Na aanleiding van Tabel 4.1 blyk dit dat die rekenkundige gemiddeldes ( $\bar{x}$ ) en die standaardafwykings (s) vir die skale van die POI goeie maatstawwe van lokaliteit en spreiding is. Ten opsigte van normaliteit is die gegewens in Tabel 4.1 skeef verdeel. Dit toon 'n positiewe skeefheid, dit wil sê die verdeling neig meer na links vir al die skale behalwe Eksistensialiteit (Ex), Selfaanvaarding (Sa) en Aanvaarding van aggressie (A). Hierdie drie skale toon 'n negatiewe skeefheid, dit wil sê die verdeling neig ten opsigte van normaliteit na regs.

'n Normale verspreiding kom voor indien die ondersoekgroep genoegsaam verteenwoordig is en die moeilikheidswaarde van die meetinstrument reg is (De Klerk, 1995:8). Die moelikheidswaarde van die items van 'n toets wys op die persentasie persone wat 'n bepaalde item korrek beantwoord het , byvoorbeeld as 70% van die ondersoekgroep 'n bepaalde item korrek beantwoord het, is die moeilikheidswaarde van die item 70%.

'n Positiewe skeefheid dui daarop dat die gemiddelde moeilikheidswaarde van die items van die onderskeie skale te hoog is om behoorlik tussen die toetskandidate te onderskei (Anastasi, 1988:207; De Klerk, 1995:9). Die gevolg hiervan is dat daar té veel lae tellings op die items verkry word, terwyl die tellings van toetskandidate in normaliteit goed versprei sou gewees het.

'n Negatiewe skeefheid dui daarop dat die gemiddelde moeilikheidswaarde van die items van die onderskeie skale te laag is. Die gevolg hiervan is dat toetskandidate hoër tellings op die skale behaal as wat toelaatbaar is. Toetskandidate kry byna perfekte tellings op die skale (Anastasi, 1988:208; De Klerk, 1995:9).

TABEL 4.1 : BESKRYWENDE STATISTIEK TEN OPSIGTE VAN DIE POI (N = 225)

| SKAAL | $\bar{x}$ | s | MINIMUM | MAKSIMUM |
|---|---|---|---|---|
| Tc - Tydratio | 49,44 | 9,32 | 25 | 71 |
| I - Ondersteuningsratio | 73,02 | 9,83 | 51 | 98 |
| Sav - Selfaktualiseringswaarde | 18,61 | 2,81 | 8 | 24 |
| Ex - Eksistensialiteit | 15,45 | 3,84 | 6 | 26 |
| Fr - Gevoelsrefleksie | 13,72 | 2,75 | 7 | 20 |
| S - Spontaneïteit | 11,41 | 2,24 | 5 | 16 |
| Sr - Selfagting | 11,61 | 2,00 | 5 | 15 |
| Sa - Selfaanvaarding | 13,02 | 3,30 | 5 | 23 |
| Nc - Mensbeskouing | 10,59 | 2,19 | 4 | 15 |
| Sy - Sinergie | 6,11 | 1,57 | 2 | 9 |
| A - Aanvaarding van aggressie | 13,96 | 3,16 | 7 | 22 |
| C - Kapasiteit vir intieme kontak | 15,40 | 3,55 | 6 | 24 |

Bevindinge met die huidige studie ten opsigte van die rekenkundige gemiddeldes en standaardafwykings vir die skale van die POI, soos getoon in Tabel 4.1, toon oor die algemeen gunstige verbande met die POI-profiel van universiteitstudente soos bevind deur Shostrom (1974:12). Dit is alleenlik ten opsigte van Tydratio dat daar 'n verskil tussen die resultate van Shostrom se studie en die huidige ondersoek voorkom.

Die items, rekenkundige gemiddeldes ( $\bar{x}$ ), standaardafwykings (s) en die minimum en maksimum waardes vir die faktore op die LVB word in Tabel 4.2 getoon.

TABEL 4.2 : BESKRYWENDE STATISITIEK TEN OPSIGTE VAN DIE LVB (N = 225)

| FAKTOR | $\bar{x}$ | s | MINIMUM | MAKSIMUM |
|---|---|---|---|---|
| Eksterne beheer | 86,15 | 17,66 | 45 | 148 |
| Interne beheer | 145,73 | 15,41 | 75 | 174 |
| Outonomie | 128,11 | 11,89 | 78 | 162 |

Na aanleiding van Tabel 4.2 blyk dit dat die rekenkundige gemiddeldes ( $\bar{x}$ ) en die standaardafwykings (s) vir die faktore van die LVB goeie maatstawwe van lokaliteit en spreiding is. Ten opsigte van normaliteit is die gegewens in Tabel 4.2 normaal verdeel. Dit is net ten opsigte van Interne Beheer dat die verspreiding effens na links neig, dit wil sê negatief skeef is. Die gemiddelde onderskeidings van die items van hierdie skaal blyk te laag te wees, met die gevolg dat die toetskandidate hoër tellings op hierdie skaal kry as wat toelaatbaar is.

Die items, rekenkundige gemiddeldes ( $\bar{x}$ ), standaardafwykings (s) en die minimum en maksimum waardes vir die faktore op die 16 PF word in Tabel 4.3 getoon.

TABEL 4.3 : BESKRYWENDE STATISTIEK TEN OPSIGTE VAN DIE 16 PF (N =225)

| FAKTOR | $\bar{x}$ | s | MINIMUM | MAKSIMUM |
|---|---|---|---|---|
| A - Warmte | 8,54 | 2,45 | 2 | 12 |
| B - Intelligensie | 8,14 | 1,94 | 3 | 12 |
| C - Egosterkte | 8,60 | 2,96 | 0 | 14 |
| E - Dominansie | 9,84 | 2,49 | 1 | 16 |
| F - Sorgvryheid | 8,92 | 2,35 | 2 | 12 |
| G - Superegosterkte | 10,10 | 2,78 | 3 | 15 |
| H - Vrymoedigheid | 7,42 | 2,87 | 0 | 12 |
| I - Sensitiwiteit | 10,65 | 2,54 | 3 | 16 |
| L - Agterdogtigheid | 9,12 | 3,16 | 1 | 18 |
| M - Verbeeldingrykheid | 9,95 | 3,11 | 2 | 18 |
| N - Skerpsinnigheid | 12,83 | 2,36 | 5 | 18 |
| O - Neiging tot skuld | 6,76 | 2,74 | 0 | 13 |
| $Q_1$ - Radikalisme | 8,83 | 2,81 | 1 | 15 |
| $Q_2$ - Selfgenoegsaamheid | 6,96 | 3,18 | 0 | 14 |
| $Q_3$ - Selfbeheersing | 9,72 | 2,76 | 2 | 14 |
| $Q_4$ - Gespannenheid | 6,95 | 2,57 | 1 | 14 |

Na aanleiding van Tabel 4.3 blyk dit dat die rekenkundige gemiddeldes ( $\bar{x}$ ) en die standaardafwykings (s) vir die faktore van die 16 PF goeie maatstawwe van lokaliteit en spreiding is. Ten opsigte van normaliteit is die gegewens in Tabel 4.3 skeef verdeel. 'n Negatiewe skeefheid kom voor by die Faktore M (verbeeldingrykheid), $Q_2$ (selfgenoegsaamheid) en $Q_4$ (gespannenheid). Ten opsigte van die res van die faktore van die 16 PF neig die verspreiding van die gegewens na links (positief skeef).

## 4.2 DIE BETROUBAARHEID VAN DIE POI

Die betroubaarheid van die POI is deur middel van die interne konsekwentheidsmetode vasgestel. Deur interne konsekwentheid word die mate waarin al die items in die toets dieselfde eienskap meet, bepaal (Huysamen, 1993:125). Dit impliseer dat die bepaling van die betroubaarheid van 'n toetsskaal gebaseer is op die aantal items in die toets en die gemiddelde interkorrelasie tussen die toetsitems.

As maatstaf van interne konsekwentheid, is die Cronbach-alpha-koëffisiënte deur middel van die Kuder-Richardson Formule 21 bereken. Die Cronbach-alpha-waardes wissel tussen 0 en 1. Hoe nader die waarde aan 1 is, hoe hoër kan die betroubaarheid van die vraelys beskou word. Hoë waardes is met ander woorde 'n aanduiding van die konstantheid van meting.

Die alpha-koëffisiënte wat in hierdie navorsing vir die totale ondersoekgroep ten opsigte van al die POI-skale verkry is, word in Tabel 4.4 uiteengesit.

TABEL 4.4 : DIE BETROUBAARHEID VAN DIE POI (N = 225)

| FAKTOR | ALPHA-KOËFFISIËNTE |
|---|---|
| Tydratio (Tc) | 0,75* |
| Ondersteuningsratio (I) | 0,75* |
| Selfaktualiseringswaarde (Sav) | 0,45 |
| Eksistensialiteit (Ex) | 0,58* |
| Gevoelsrefleksie (Fr) | 0,44 |
| Spontaneïteit (S) | 0,42 |
| Selfagting (Sr) | 0,40 |
| Selfaanvaarding (Sa) | 0,56* |
| Mensbeskouing (Nc) | 0,42 |
| Sinergie (Sy) | 0,24 |
| Aanvaarding van aggressie (A) | 0,51* |
| Kapasiteit vir intieme kontak (C) | 0,59* |

* Beduidende betroubaarheidskoëffisiënte ($\alpha \geq 0,50$)

Dit blyk uit Tabel 4.4 dat H1 op grond van bogenoemde resultate aanvaar kan word ten opsigte van Tydratio (Tc), Ondersteuningsratio (I), Eksistensialiteit (Ex), Selfaanvaarding (Sa), Aanvaarding van aggressie (A) en Kapasiteit vir intieme kontak (C). Ten opsigte van Selfaktualiseringswaarde (Sav), Gevoelsrefleksie (Fr), Spontaneïteit (S), Selfagting (Sr), Mensbeskouing (Nc) en Sinergie (Sy) word H1 verwerp. Die POI is dus slegs betroubaar vir sekere skale (soos hierbo genoem).

Na aanleiding van Tabel 4.4 blyk dit dat die betroubaarheidskoëffisiënte tussen 0,24 en 0,75 varieer. Die hoofskale, Tydratio (Tc) en Ondersteuningratio (I), toon elk 'n alpha-

waarde van 0,75. Hierdie resultaat stem ooreen met Schulz (1994) en Shostrom (1974) se navorsingsresultate. Ten opsigte van hierdie navorsing kan hierdie twee skale as hoogs betroubaar beskou word. Wise (1977:1000) noem dat dit veral Ondersteunings-ratio (I) is wat stabiel sowel as intern konsekwent is, veral omdat hierdie skaal oor die meeste items beskik, naamlik 127.

Daar is heelwat laer betroubaarheidskoëffisiënte vir die subskale verkry, met die laagste waarde 0,24 (Synergie) en die hoogste waarde 0,59 (Kapasiteit vir intieme kontak). 'n Moontlike verduideliking vir die laer alpha-waardes vir A (Aanvaarding van aggressie) (0,51) en Fr (Gevoelsrefleksie) (0,44), kan wees dat hierdie skale veranderlikes meet wat aksie-verwant is (Schulz, 1994:110). Die blootstelling wat die ondersoekgroep in hul studies aan soortgelyke meetinstrumente gekry het, sowel as die aanvanklike oriëntering van die toetskandidate, kon onder andere hul ingesteldheid teenoor die beantwoording van die vrae beïnvloed het. Dit kan beskou word as faktore wat 'n rol op die aksie-verwante veranderlikes gespeel het.

Die laer betroubaarheid van 0,42 op die Nc-skaal (Mensbeskouing) stem ooreen met vorige navorsingsbevindinge dat hierdie skaal nie 'n duidelike onderskeid maak tussen psigologies optimaal-funksionerende persone en nie-psigologies optimaal-funksionerende persone nie (Shostrom, 1974:24).

In vorige studies waar interne konsekwentheid as metode vir betroubaarheid gebruik is, is soortgelyke resultate bevind (vgl. Hattie, 1986:593; Schafer & Jones, 1977:1021; Silverstein & Fisher, 1973:33; Wise, 1977:1001). Veral die lae waarde op die Sinergie-skaal (Sy) word deur bogenoemde studies bevestig. Schafer en Jones (1977:1020) meen dat vorige betroubaarheidstudies met behulp van alpha-koëffisiënte veral negatief beïnvloed is deur die faktorheterogeniteit op die POI-skale. Die aantal items op sommige van die skale is te laag en dit kon moontlik 'n invloed op die laer interne konsekwentheidsresultate gehad het (Raanan, 1973).

'n Bykomstige rede vir die lae tot gemiddelde interne konsekwentheid kan toegeskryf word aan die breë veranderlikes wat die POI-skale veronderstel is om te meet. Die inhoud van die items in elke skaal varieer ook heelwat (Bloxom, 1972).

Die gebruik van die Kuder-Richardson Formule 21 (K-R 21) vir die bepaling van die alpha-koëffisiënte, kan as verdediging vir die lae betroubaarheidswaardes wat in hierdie studie verkry is, dien. Hierdie formule is gebaseer op die rekenkundige gemiddelde van interitemkorrelasies (Hattie, 1986:593). Indien die items binne elke skaal uit 'n aantal fasette met 'n minimum oortollige items bestaan, sal verwag word dat die interitemkorrelasies laag sal wees. Gevolglik sal die K-R 21 en die alpha-koëffisiënte ook laag wees. Aangesien dit die geval by die POI is, kan die gebruiker van die POI die routellings wat verkry word, met gemak gebruik ten spyte van die lae tot gemiddelde alpha-koëffisiënte (Hattie, 1986:593). Die betekenisvolheid waarmee die POI tussen groepe onderskei, tesame met die POI se identifiseerbare faktorstruktuur, dien as verdere motivering vir die gebruik van die POI.

Ten einde te bepaal of beter betroubaarheid verkry word indien ras in aanmerking geneem word, is die betroubaarheidskoëffisiënte vir die POI ten opsigte van blankes en swartes vervolgens bepaal (Tabel 4.5 en Tabel 4.6). Die betroubaarheidskoëffisiënte wat ten opsigte van ras verkry is, sal in 'n bykomstige kolom met die betroubaarheidskoëffisiënte van die totale ondersoekgroep vergelyk word. Die volgende maatstawwe sal vir hierdie vergelyking geld:

- **Beter** - Die betroubaarheidskoëffisiënt ten opsigte van ras is hoër as dié van die totale ondersoekgroep vir die betrokke skaal.
- **Soortgelyk** - Die betroubaarheidskoëffisiënt ten opsigte van ras is soortgelyk aan dié van die totale ondersoekgroep vir die betrokke skaal.
- **Swakker** - Die betroubaarheidskoëffisiënt ten opsigte van ras is laer as dié van die totale ondersoekgroep vir die betrokke skaal.

TABEL 4.5 : BETROUBAARHEID VAN DIE POI TEN OPSIGTE VAN BLANKE TOETS-KANDIDATE (N = 177)

| FAKTOR | ALPHA-KOËFFISIËNTE | RESULTATE |
|---|---|---|
| Tydratio (Tc) | 0,75* | Soortgelyk |
| Ondersteuningsratio (I) | 0,76* | Soortgelyk |
| Selfaktualiseringswaarde (Sav) | 0,50* | Beter |
| Eksistensialiteit (Ex) | 0,59* | Soortgelyk |
| Gevoelsrefleksie (Fr) | 0,47 | Beter |
| Spontaneïteit (S) | 0,47 | Beter |
| Selfagting (Sr) | 0,37 | Swakker |
| Selfaanvaarding (Sa) | 0,57* | Soortgelyk |
| Mensbeskouing (Nc) | 0,39 | Swakker |
| Sinergie (Sy) | 0,33 | Beter |
| Aanvaarding van aggressie (A) | 0,52* | Soortgelyk |
| Kapasiteit vir intieme kontak (C) | 0,57* | Soortgelyk |

* Beduidende betroubaarheidskoëffisiënte ($\alpha \geq 0{,}50$)

Na aanleiding van Tabel 4.5 blyk dit dat daar redelike ooreenstemming tussen die resultate van die blanke toetskandidate en dié van die totale ondersoekgroep is. Die hipotese H1 word ten opsigte van al die skale, soos vroeër genoem is, aanvaar. Dit is net Selfaktualiseringswaarde (Sav) wat by die hipotese ingesluit word. Ten opsigte van die skale Gevoelsrefleksie (Fr), Spontaneïteit (S), Selfagting (Sr), Mens-beskouing (Nc) en Sinergie (Sy) word H1 verwerp.

Na aanleiding van Tabel 4.6 blyk dit dat laer betroubaarheidskoëffisiënte op die POI-skale vir swart toetskandidate in vergelyking met die totale ondersoekgroep verkry is. Die navorsingshipotese H1 kan ten opsigte van die swart toetskandidate vir die POI-skale Tydratio (Tc), Ondersteuningsratio (I), Eksistensialiteit (Ex), Selfagting (Sr), Aanvaarding van aggressie (A) en Kapasiteit vir intieme kontak (C) aanvaar word. Ten opsigte van die res van die skale word H1 verwerp.

TABEL 4.6 : DIE BETROUBAARHEID VAN DIE POI TEN OPSIGTE VAN SWART TOETSKANDIDATE (N = 48)

| FAKTOR | ALPHA-KOËFFISIËNTE | RESULTAAT |
|---|---|---|
| Tydratio (Tc) | 0,67* | Swakker |
| Ondersteuningsratio (I) | 0,67* | Swakker |
| Selfaktualiseringswaarde (Sav) | 0,05 | Swakker |
| Eksistensialiteit (Ex) | 0,50* | Swakker |
| Gevoelsrefleksie (Fr) | 0,39 | Swakker |
| Spontaneïteit (S) | 0,12 | Swakker |
| Selfagting (Sr) | 0,51* | Beter |
| Selfaanvaarding (Sa) | 0,46 | Swakker |
| Mensbeskouing (Nc) | 0,38 | Swakker |
| Sinergie (Sy) | -0,19 | Swakker |
| Aanvaarding van aggressie (A) | 0,52* | Soortgelyk |
| Kapasiteit vir intieme kontak (C) | 0,62* | Beter |

* Beduidende betroubaarheidskoëffisiënte ($\alpha \geq 0,50$)

Die lae betroubaarheidskoëffisiënte wat vir swart toetskandidate op die POI-skale verkry is, kan volgens Wissing en Van Eeden (1997:16) toegeskryf word aan die feit dat die POI nie 'n bruikbare meetinstrument vir psigologiese optimaliteit vir Suid-Afrikaanse swartmense is nie. Psigologiese optimaliteit is nie 'n toepasbare konstruk in die swart kulture nie, veral omdat hulle eerder op 'n kollektivistiese waardesisteem fokus (Wissing & Van Eeden, 1997:16).

Die grootte van die ondersoekgroep, veral ten opsigte van die aantal swart kandidate, kon bygedra het tot die lae interne konsekwentheid. Die moontlikheid bestaan verder dat die POI nie psigologiese optimaliteit meet soos dit deur die humaniste gekonseptualiseer word nie (Wissing & Van Eeden, 1997:16). Dit blyk dus dat die resultate wat in hierdie navorsing bevind is die gebruik van die Ondersteuningsratio (I) alleenlik of 'n kombinasie van die routellings van die Ondersteuningsratio (I) en die Tydratio (Tc) as enigste maatstawwe van psigologiese optimaliteit bevestig (vgl. Wise, 1977:1002).

Samevattend kan gestel word dat die POI slegs betroubaar is ten opsigte van Tydratio (Tc), Ondersteuningsratio (I), Eksistensialiteit (Ex), Selfaanvaarding (Sa), Aanvaarding van aggressie (A) en Kapasiteit vir intieme kontak (C). Die hipotese H1 word ten opsigte van die res van die skale verwerp. Dit blyk verder dat die POI 'n meer betroubare meetinstrument vir psigologiese optimaliteit vir blankes as vir swartes is. Die swart toetskandidate het oor die algemeen laer betroubaarheidskoëffisiënte in vergelyking met die blankes verkry. Hiermee is die derde navorsingsvraag, soos geformuleer in Hoofstuk 1, beantwoord.

## 4.3 DIE GELDIGHEID VAN DIE POI

Om die korrelasies tussen die POI-skale en die faktore van die 16 PF en LVB te bepaal, is daar gebruik gemaak van Pearson se produkmomentkorrelasies. Die Pearson korrelasiekoëffisiënt sal 'n hoë positiewe waarde hê wanneer die twee veranderlikes wat met mekaar gekorreleer word 'n ooreenkomstige teken het. Albei is dus óf positief óf negatief (Anastasi, 1988:113). Wanneer een veranderlike positief is en die ander negatief, sal die korrelasie nader aan 0 wees.

Vir die doeleindes van hierdie navorsing sal korrelasies as beduidend beskou word as dit groter as 0,20 is (kyk 3.5). Daar sal dus slegs op hierdie korrelasies gefokus word.

Die korrelasies van die POI-skale met die dimensies, soos gemeet deur die 16 PF, sal eerstens bespreek word. Daarna sal die korrelasies van die POI-skale met die dimensies, soos gemeet deur die LVB, bespreek word.

### 4.3.1 Korrelasies tussen die POI en die 16 PF

In Tabel 4.7 word die korrelasies (r) van die POI-skale met die dimensies, soos gemeet deur die 16 PF, uiteengesit. As gevolg van die omvang van die data word die tabel in twee verdeel, naamlik die 16 PF-faktore A tot I en L tot $Q_4$.

TABEL 4.7 : KORRELASIES TUSSEN DIE POI EN DIE 16 PF BY DIE TOTALE GROEP (N = 225)

| | A | B | C | E | F | G | H | I |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **Tc** | -0,14 | -0,12 | -0,33* | -0,20* | -0,26* | 0,14 | -0,29* | -0,07 |
| **I** | 0,14 | 0,16 | 0,34* | 0,22* | 0,28* | -0,09 | 0,28* | 0,05 |
| **SAV** | 0,08 | 0,24* | 0,15 | 0,19 | 0,32* | -0,05 | 0,20* | 0,17 |
| **Ex** | 0,07 | 0,10 | 0,20* | 0,11 | 0,13 | -0,22* | 0,09 | 0,05 |
| **Fr** | 0,11 | 0,11 | 0,17 | 0,30* | 0,12 | -0,11 | 0,19 | 0,07 |
| **S** | 0,11 | 0,08 | 0,24* | 0,24* | 0,34* | -0,04 | 0,35* | 0,04 |
| **Sr** | 0,18 | 0,11 | 0,27* | 0,09 | 0,34* | 0,01 | 0,32* | 0,02 |
| **Sa** | 0,00 | 0,11 | 0,33* | 0,04 | 0,13 | -0,01 | 0,15 | -0,03 |
| **Nc** | 0,11 | 0,16 | 0,18 | 0,07 | 0,18 | 0,17 | 0,14 | 0,15 |
| **Sy** | 0,17 | 0,22* | 0,16 | 0,10 | 0,19 | 0,09 | 0,16 | 0,03 |
| **A** | 0,14 | 0,11 | 0,09 | 0,33 | 0,08 | -0,14 | 0,14 | -0,06 |
| **C** | 0,01 | 0,16 | 0,27* | 0,16 | 0,15 | -0,06 | 0,23* | 0,03 |

TABEL 4.7 : KORRELASIES TUSSEN DIE POI EN DIE 16 PF BY DIE TOTALE GROEP (N = 225) (vervolg)

| | L | M | N | O | $Q_1$ | $Q_2$ | $Q_3$ | $Q_4$ |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **Tc** | 0,17 | -0,15 | -0,15 | 0,33* | -0,21* | -0,08 | -0,16 | 0,22* |
| **I** | -0,17 | 0,14 | 0,18 | -0,36* | 0,17 | 0,10 | 0,15 | -0,23* |
| **SAV** | -0,23* | 0,16 | 0,20* | -0,19 | 0,07 | -0,02 | 0,13 | -0,11 |
| **Ex** | -0,09 | 0,20* | 0,04 | -0,13 | 0,18 | 0,15 | -0,07 | -0,09 |
| **Fr** | 0,04 | 0,04 | 0,10 | -0,14 | 0,15 | 0,15 | 0,13 | -0,05 |
| **S** | -0,16 | 0,11 | 0,09 | -0,28* | 0,16 | -0,07 | 0,13 | -0,18 |
| **Sr** | -0,18 | -0,01 | 0,25* | -0,36* | 0,09 | -0,09 | 0,25* | -0,35* |
| **Sa** | -0,08 | 0,10 | 0,13 | -0,34* | 0,04 | 0,09 | 0,14 | -0,20* |
| **Nc** | -0,31* | 0,09 | 0,17 | -0,16 | -0,02 | -0,06 | 0,15 | -0,20* |
| **Sy** | -0,18 | 0,09 | 0,15 | -0,18 | 0,06 | -0,01 | 0,16 | -0,19 |
| **A** | 0,08 | 0,09 | 0,15 | -0,13 | 0,24* | 0,21* | 0,12 | -0,04 |
| **C** | -0,08 | 0,13 | 0,15 | -0,24* | 0,14 | 0,12 | 0,15 | -0,19 |

* Korrelasie beduidend ($r \geq 0,20$)

Die navorsingshipotese H2 kan op grond van bogenoemde resultate aanvaar word. Dit is net ten opsigte van Faktor I (sensitiwiteit) op die 16 PF dat H2 verwerp word. Hierdie Faktor toon geen beduidende korrelasie met enige van die POI-skale nie.

Die korrelasies wat verkry is tussen die POI-skale en die dimensies van die 16 PF varieer tussen 0,00 en 0,36. Dit is tussen Selfaanvaarding (Sa) op die POI en Warmte (A) op die 16 PF en tussen Ondersteuningsratio (I) en Selfagting (Sr) op die POI en Neiging tot skuldgevoelens (O) op die 16 PF.

Vir meer duidelikheid het Schulz (1994:116) die resultate wat hy verkry het, in 'n gedetailleerde opsomming uiteengesit. Vervolgens sal 'n soortgelyke opsomming, met die belangrikste korrelasies wat in dié ondersoek verkry is, uiteengesit word. Daar sal verder aangedui word watter resultate volgens verwagting was en watter nie.

TABEL 4.8 : OPSOMMING VAN DIE KORRELASIES TUSSEN DIE POI EN DIE 16 PF

| **SHOSTROM (POI)** | **CATTELL (16 PF)** | |
|---|---|---|
| **Tc = Tydratio** | Egosterkte: | C = -0,33** |
| | Dominansie, Assertief: | E = -0,20** |
| | Sorgvryheid: | F = -0,26** |
| | Vrymoedigheid: | H = -0,29** |
| | Neiging tot skuldgevoelens: | O = 0,33** |
| | Radikalisme: | $Q_1$ = -0,21** |
| | Gespannenheid: | $Q_4$ = 0,22** |
| **I = Ondersteuningsratio** | Egosterkte: | C = 0,34* |
| | Dominansie, Assertief: | E = 0,22* |
| | Sorgvryheid: | F = 0,28* |
| | Vrymoedigheid: | H = 0,28* |
| | Neiging tot skuldgevoelens: | O = -0,36* |
| | Gespannenheid: | $Q_4$ = -0,23* |

* Volgens verwagting

** Nie volgens verwagting nie

| SHOSTROM (POI) | CATTELL (16 PF) | |
|---|---|---|
| **SAV=Selfaktualiseringswaarde** | Intelligensie: | B = 0,24* |
| | Sorgvryheid: | F = 0,32* |
| | Vrymoedigheid: | H = 0,20* |
| | Agterdogtigheid: | L = -0,23* |
| | Skerpsinnigheid: | N = 0,20* |
| **Ex = Eksistensialiteit** | Egosterkte: | C = 0,20* |
| | Superegosterkte: | G = -0,22* |
| | Verbeeldingrykheid: | M = 0,20* |
| **Fr = Gevoelsrefleksie** | Dominansie, Assertief: | E = 0,30** |
| **S = Spontaneïteit** | Egosterkte: | C = 0,24* |
| | Dominansie, Assertief: | E = 0,24* |
| | Sorgvryheid: | F = 0,34* |
| | Vrymoedigheid: | H = 0,35* |
| | Neiging tot skuldgevoelens: | O = -0,28* |
| **Sr = Selfagting** | Egosterkte: | C = 0,27* |
| | Sorgvryheid: | F = 0,34* |
| | Vrymoedigheid: | H = 0,32* |
| | Skerpsinnigheid: | N = 0,25* |
| | Neiging tot skuldgevoelens: | O = -0,36* |
| | Selfbeheersing: | $Q_3$ = 0,25* |
| | Gespannenheid: | $Q_4$ = -0,35* |
| **Sa = Selfaanvaarding** | Egosterkte: | C = 0,33* |
| | Neiging tot skuldgevoelens: | O = -0,34* |
| | Gespannenheid: | $Q_4$ = -0,20* |
| **Nc = Mensbeskouing** | Agterdogtigheid: | L = -0,31* |
| | Gespannenheid: | $Q_4$ = -0,20* |
| **Sy = Sinergie** | Intelligensie: | B = 0,22* |

* Volgens verwagting

** Nie volgens verwagting nie

| SHOSTROM (POI) | CATTELL (16 PF) | |
|---|---|---|
| **A = Aanvaarding van aggressie** | Dominansie, Assertief: | E = 0,33* |
| | Radikalisme: | $Q_1$ = 0,24* |
| | Selfgenoegsaamheid: | Q2 = 0,21* |
| **C = Kapasiteit vir intieme kontak** | Egosterkte: | C = 0,27* |
| | Vrymoedigheid: | H = 0,23* |
| | Neiging tot skuldgevoelens: | O = -0,24* |

* Volgens verwagting

** Nie volgens verwagting nie

Na aanleiding van Tabel 4.8 blyk dit dat Tydratio (Tc) en Gevoelsrefleksie (Fr) nie oor konstrukgeldigheid beskik nie. Hierdie twee skale het korrelasies met sekere faktore op die 16 PF getoon wat nie volgens verwagting was nie. Gevoelsrefleksie (Fr) wat die sensitiwiteit ten opsigte van eie gevoelens meet, korreleer positief met Faktor E (Dominansie) op die 16 PF. 'n Hoë telling op hierdie faktor dui op die teenwoordigheid van aggressiwiteit, vyandiggesindheid, opstandigheid en onversetlikheid, wat daartoe bydra dat 'n persoon onsensitief teenoor sy eie en ander se gevoelens kan optree.

Ten opsigte van Tydratio (Tc) is negatiewe korrelasies tussen Faktore C (egosterkte), E (dominansie), F (sorgvryheid), H (vrymoedigheid), $Q_1$ (radikalisme) en $Q_4$ (gespannenheid) verkry. Dit kan dui op 'n laer egosterkte, ernstigheid, skuldgeneigdheid en prikkelbaarheid. Hierdie korrelasies is teenstrydig met die verwagte persoonlikheidskenmerke van 'n psigologies optimaal-funksionerende persoon. Indien daar egter na die korrelasie van die Tc-skaal met die dimensies van die 16 PF sowel as dié van die LVB gekyk word, is dit opvallend dat hierdie skaal oor die algemeen negatiewe korrelasies met die meeste van die faktore verkry het. Die moontlikheid bestaan dat die ondersoekgroep in 'n sekere mate tydsonbevoeg optree, dit wil sê dat hulle óf vasgevang is in hul eie verlede óf dat hulle net vir hul toekoms leef. Die bestaan van die hede word dus nie erken nie.

Die Ondersteuningsratio (I) van die POI toon korrelasies met emosionele stabiliteit en kalmte, assertiwiteit, entoesiasme en ongebondenheid (vgl. Schulz, 1994:119). 'n Negatiewe korrelasie tussen Ondersteuningsratio en Neiging tot skuldgevoelens (O) is verkry. Dit is 'n aanduiding dat 'n persoon wat vanuit 'n interne lokus van evaluering optree, geneig sal wees om minder skuldgevoelens en bekommernisse te ervaar. Daar

is ook 'n negatiewe korrelasie met Gespannenheid ($Q_4$) verkry, wat kan dui op rustigheid.

Die positiewe korrelasie tussen Skaal A (Aanvaarding van aggressie) op die POI en Faktor E (Dominansie) op die 16 PF, dui daarop dat die respondent sy eie aggressie aanvaar en ook selfgeldend is. Eksistensialiteit (Ex) korreleer verder negatief met Superegosterkte (G). Hierdie korrelasie is 'n aanduiding dat 'n persoon wat minder rigied is betreffende die toepassing van waardes, verder ook oor 'n laer superegosterkte beskik. Hierdie laer superegosterkte word deur 'n hoë egosterkte in ewewig gehou. Hierdie balans blyk teenwoordig te wees na aanleiding van die positiewe korrelasie tussen Eksistensialiteit (Ex) en Egosterkte (C).

Verdere resultate van die korrelasies tussen die POI-skale en die 16 PF-dimensies kan verder verduidelik word deur na die korrelasiekoëffisiënt ten opsigte van ras, soos vervolgens aangedui word, te kyk.

In Tabel 4.9 word die korrelasie van die POI met die 16 PF ten opsigte van blanke toetskandidate aangedui. Die korrelasies wat ten opsigte van ras verkry is, sal met die korrelasies van die totale ondersoekgroep vergelyk word.

TABEL 4.9 : KORRELASIES TUSSEN DIE POI EN DIE 16 PF BY DIE BLANKE TOETSKANDIDATE (N = 177)

| | A | B | C | E | F | G | H | I |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Tc | -0,09 | -0,04 | -0,32 | -0,19 | -0,25 | 0,19 | -0,31* | 0,00 |
| I | 0,08 | 0,08 | 0,33 | 0,19 | 0,24 | -0,13 | 0,27 | 0,00 |
| SAV | 0,05 | 0,19 | 0,09 | 0,19 | 0,27 | -0,13 | 0,16 | 0,18 |
| Ex | 0,00 | 0,03 | 0,14 | 0,10 | 0,11 | -0,29* | 0,08 | 0,00 |
| Fr | 0,07 | 0,07 | 0,17 | 0,31* | 0,09 | -0,13 | 0,19 | 0,06 |
| S | 0,06 | -0,04 | 0,20 | 0,22 | 0,32 | -0,08 | 0,30 | 0,02 |
| Sr | 0,11 | 0,06 | 0,31* | 0,06 | 0,35* | 0,00 | 0,32 | 0,00 |
| Sa | 0,00 | 0,02 | 0,34* | 0,01 | 0,10 | -0,02 | 0,15 | -0,08 |
| Nc | 0,06 | 0,08 | 0,17 | 0,04 | 0,18 | 0,16 | 0,12 | 0,16 |
| Sy | 0,06 | 0,22 | 0,17 | 0,12 | 0,15 | 0,05 | 0,16 | 0,04 |
| A | -0,01 | 0,11 | 0,10 | 0,31 | 0,06 | -0,17 | 0,12 | -0,05 |
| C | 0,00 | 0,11 | 0,24 | 0,16 | 0,15 | -0,10 | 0,28* | -0,05 |

TABEL 4.9 : KORRELASIES TUSSEN DIE POI EN DIE 16 PF BY DIE BLANKE TOETSKANDIDATE (N = 177) (vervolg)

| | L | M | N | O | $Q_1$ | $Q_2$ | $Q_3$ | $Q_4$ |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Tc | 0,17 | -0,15 | -0,16 | 0,35* | -0,28* | -0,06 | -0,15 | 0,24* |
| I | -0,15 | 0,18 | 0,21* | -0,38* | 0,24* | 0,09 | 0,15 | -0,24* |
| SAV | -0,20 | 0,21* | 0,21* | -0,19 | 0,15 | 0,00 | 0,12 | -0,09 |
| Ex | -0,06 | 0,25* | 0,08 | -0,14 | 0,24* | 0,17 | -0,07 | -0,10 |
| Fr | 0,06 | 0,05 | 0,16 | -0,16 | 0,17 | 0,14 | 0,15 | -0,08 |
| S | -0,14 | 0,15 | 0,07 | -0,29* | 0,22* | -0,08 | 0,11 | -0,18 |
| Sr | -0,25* | 0,01 | 0,27* | -0,41* | 0,10 | -0,06 | 0,24 | -0,37* |
| Sa | -0,05 | 0,14 | 0,17 | -0,39* | 0,07 | 0,08 | 0,17 | -0,23* |
| Nc | -0,31 | 0,07 | 0,11 | -0,10 | 0,06 | -0,10 | 0,08 | -0,19 |
| Sy | -0,17 | 0,11 | 0,16 | -0,18 | 0,12 | 0,03 | 0,12 | -0,19 |
| A | 0,10 | 0,10 | 0,23* | -0,18 | 0,28* | 0,26* | 0,14 | -0,08 |
| C | -0,06 | 0,13 | 0,19 | -0,25* | 0,19 | 0,08 | 0,19 | -0,20* |

* Korrelasies is beduidend ($r \geq 0,20$) en hoër as dié in Tabel 4.7

Die korrelasies wat verkry is tussen die POI-skale en die dimensies van die 16 PF by blanke toetskandidate, varieer tussen 0,00 en 0,41.

Na aanleiding van Tabel 4.9 blyk dit dat die faktore op die 16 PF wat angs (neurotisisme) meet, ooglopend negatief korreleer met psigologiese optimaliteit. Hierdie faktore, nl. Agterdogtigheid (L), Neiging tot skuldgevoelens(O) en Gespannenheid ($Q_4$) toon negatiewe korrelasies met al die POI-skale behalwe Tydratio (Tc). Ten opsigte van die blanke toetskandidate blyk dit dat Tydratio (Tc) nie oor konstrukgeldigheid beskik nie. Die res van die POI-skale beskik wel oor konstrukgeldigheid.

Na aanleiding van die korrelasiekoëffisiënte wat in Tabel 4.9 verkry is, is van die persoonlikheidskenmerke waaroor 'n psigologies optimaal-funksionerende persoon beskik 'n gebrek aan agterdog, onnodige spanning en angs. Verder dui die positiewe korrelasies tussen sommige van die POI-skale en die 16 PF-faktore daarop dat só 'n persoon oor emosionele stabiliteit, assertiwiteit, entoesiasme, vrymoedigheid, kreatiwiteit en skerpsinnigheid beskik.

In Tabel 4.10 word die korrelasie van die POI met die 16 PF ten opsigte van swart toetskandidate aangedui.

TABEL 4.10: KORRELASIES TUSSEN DIE POI EN DIE 16 PF BY DIE SWART TOETSKANDIDATE (N = 48)

| | A | B | C | E | F | G | H | I |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **Tc** | -0,20* | -0,04 | -0,23 | -0,31* | -0,16 | 0,02 | -0,18 | -0,26* |
| **I** | 0,17 | 0,04 | 0,15 | 0,41* | 0,27 | -0,01 | 0,25 | 0,11 |
| **SAV** | -0,06 | 0,03 | 0,08 | 0,25* | 0,34* | 0,22* | 0,28* | -0,10 |
| **Ex** | 0,18 | 0,02 | 0,22* | 0,19 | 0,04 | 0,04 | 0,08 | 0,13 |
| **Fr** | 0,18 | 0,06 | 0,05 | 0,27 | 0,16 | -0,03 | 0,16 | 0,04 |
| **S** | 0,13 | 0,20* | 0,20 | 0,43* | 0,30 | 0,04 | 0,50* | 0,00 |
| **Sr** | 0,02 | 0,16 | 0,10 | 0,21* | 0,29 | 0,02 | 0,30 | 0,02 |
| **Sa** | 0,14 | 0,11 | 0,06 | 0,20* | 0,11 | -0,03 | 0,12 | 0,08 |
| **Nc** | -0,05 | 0,07 | -0,02 | 0,21* | 0,00 | 0,12 | 0,14 | -0,02 |
| **Sy** | -0,19 | 0,08 | -0,01 | 0,04 | 0,29* | 0,24* | 0,11 | -0,13 |
| **A** | 0,05 | 0,14 | 0,04 | 0,41* | 0,16 | 0,00 | 0,18 | -0,10 |
| **C** | 0,21* | 0,05 | 0,27 | 0,20* | 0,03 | 0,03 | 0,00 | 0,28* |

TABEL 4.10 : KORRELASIES TUSSEN DIE POI EN DIE 16 PF BY DIE SWART TOETSKANDIDATE (N = 48) (vervolg)

| | L | M | N | O | $Q_1$ | $Q_2$ | $Q_3$ | $Q_4$ |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **Tc** | 0,04 | -0,21* | -0,03 | 0,16 | -0,31* | -0,04 | -0,26* | 0,14 |
| **I** | 0,05 | 0,04 | -0,02 | -0,20 | 0,32* | 0,02 | 0,25* | -0,16 |
| **SAV** | 0,00 | 0,00 | 0,02 | -0,11 | 0,17 | -0,22* | 0,25* | -0,15 |
| **Ex** | 0,08 | 0,05 | -0,22* | 0,02 | 0,33* | -0,02 | 0,00 | 0,02 |
| **Fr** | 0,14 | 0,03 | -0,17 | -0,02 | 0,27* | 0,11 | 0,08 | 0,15 |
| **S** | 0,05 | -0,04 | 0,11 | -0,16 | 0,31* | -0,14 | 0,24* | -0,18 |
| **Sr** | 0,15 | -0,06 | 0,16 | -0,18 | 0,20* | -0,20* | 0,32* | -0,28 |
| **Sa** | 0,10 | 0,03 | -0,16 | -0,03 | 0,33* | 0,03 | 0,05 | -0,04 |
| **Nc** | -0,10 | 0,29* | 0,31* | -0,32* | 0,01 | -0,07 | 0,45* | -0,22* |
| **Sy** | -0,13 | 0,07 | 0,06 | -0,12 | -0,06 | -0,22* | 0,35* | -0,17 |
| **A** | 0,02 | 0,06 | -0,17 | 0,11 | 0,15 | 0,03 | 0,04 | 0,09 |
| **C** | 0,08 | 0,23* | -0,06 | -0,16 | 0,28* | 0,15 | 0,08 | -0,15 |

* Korrelasies is beduidend ($r \geq 0,20$) en hoër as dié in Tabel 4.7

Die korrelasies wat verkry is tussen die POI-skale en die dimensies van die 16 PF by swart toetskandidate, varieer tussen 0,00 en 0,50.

Na aanleiding van Tabel 4.10 blyk dit dat die faktore op die 16 PF wat angs (neurotisisme) meet, negatief korreleer met Mensbeskouing (Nc) en Sinergie (Sy). Hierdie negatiewe korrelasies beklemtoon die konstrukgeldigheid van die genoemde twee skale. Die res van die POI-skale toon negatiewe korrelasies met net enkele van die faktore wat angs meet. Tydratio (Tc), Eksistensialiteit (Ex) en Aanvaarding van aggressie (A) toon positiewe korrelasies met die faktore wat angs (neurotisisme) meet, wat 'n aanduiding is dat hierdie drie skale ten opsigte van die swart toetskandidate nie oor konstrukgeldigheid beskik nie.

Tydratio (Tc) korreleer in die geval van die swart toetskandidate negatief met dié 16 PF-faktore wat die persoonlikheidskenmerke van 'n psigologies optimaal-funksionerende persoon meet. Die tydsonbevoegdheid wat vroeër by die totale groep geïdentifiseer is, kom dus ook by die swart toetskandidate voor. Dié tydsonbevoegdheid kan herlei word tot die kultuurgroepe in Suid-Afrika (kyk 4.2) wat 'n rol by die afneem van psigometriese toetse speel. Die rol wat voorvadergeeste in die daaglikse bestaan van die swart kulture speel, kan hier as voorbeeld genoem word.

Na aanleiding van Tabel 4.10 toon die Spontaneïteit-skaal (S) korrelasies met waaghalsigheid en ongebondenheid, entoesiasme, selfgelding, assertiwiteit en radikalisme. Verdere korrelasies dui op die aanvaarding van aggressie, selfdissipline en emosionele stabiliteit. Negatiewe korrelasies is gevind ten opsigte van spanning, skuldgeneigdheid en groepafhanklikheid.

Sommige van die persoonlikheidskenmerke van 'n psigologies optimaal-funksionerende persoon, wat deur die 16 PF bepaal word en wat uit bogenoemde korrelasies voortvloei, is emosionele stabiliteit, kalmte, assertiwiteit, entoesiasme en 'n gebrek aan onnodige skuldgevoelens en agterdog.

Uit bogenoemde bespreking blyk dit dat die POI oor die algemeen meet wat dit veronderstel is om te meet, alhoewel sommige van die skale op die POI nie duidelik verband hou met die 16 PF-faktore waar verbande verwag word nie. Dit blyk dat H2 vir

die totale ondersoekgroep ten opsigte van Tydratio (Tc) en Gevoelsrefleksie (Fr) verwerp kan word en ten opsigte van die res van die POI-skale aanvaar kan word.

### 4.3.2 Korrelasies tussen die POI en die LVB

In Tabel 4.11 word die korrelasies van die POI-skale met die dimensies, soos gemeet deur die LVB, uiteengesit. Hierdie resultate sal weereens ten opsigte van die totale ondersoekgroep en ras bespreek word.

TABEL 4.11 : KORRELASIES TUSSEN DIE POI EN DIE LVB BY DIE TOTALE GROEP (N = 225)

| | Eksterne Beheer | Interne Beheer | Outonomie |
|---|---|---|---|
| **Tc** | 0,34* | -0,12 | -0,10 |
| **I** | -0,27* | 0,15 | 0,09 |
| **SAV** | -0,21* | 0,20* | 0,13 |
| **Ex** | -0,17 | 0,02 | -0,01 |
| **Fr** | -0,09 | 0,13 | 0,10 |
| **S** | -0,24* | 0,02 | 0,06 |
| **Sr** | -0,32* | 0,26* | 0,18 |
| **Sa** | -0,22* | 0,09 | 0,00 |
| **Nc** | -0,12 | 0,07 | 0,11 |
| **Sy** | -0,18 | 0,25* | 0,17 |
| **A** | -0,13 | 0,18 | 0,14 |
| **C** | -0,23* | 0,06 | 0,01 |

* Korrelasie beduidend ($r \geq 0,20$)

Die navorsingshipotese H3 kan op grond van die resultate in Tabel 4.11 aanvaar word. Dit is net ten opsigte van Outonomie op die LVB dat H3 verwerp word. Hierdie Faktor toon geen beduidende korrelasie met enige van die POI-skale nie.

Die korrelasies wat verkry is tussen die POI-skale en die dimensies, soos gemeet deur die LVB, varieer tussen 0,00 en 0,34. Dit is tussen Selfaanvaarding (Sa) op die POI en Outonomie op die LVB en tussen Tydratio (Tc) op die POI en Eksterne Beheer op die LVB.

Uit die literatuur (Hoofstuk 2) blyk dit dat die psigologies optimaal-funksionerende persoon in die hier-en-nou leef en vanuit 'n interne lokus van evaluering funksioneer. Die beduidend positiewe korrelasie tussen Tydratio (Tc) en Eksterne Beheer is gevolglik teen die verwagting in. Hierdie korrelasie dui daarop dat Tydratio (Tc) oor geen konstrukgeldigheid beskik nie.

Eksistensialiteit (Ex), Gevoelsrefleksie (Fr), Mensbeskouing (Nc) en Aanvaarding van aggressie (A) toon geen beduidende korrelasies met enige van die faktore op die LVB nie. Hierdie skale blyk dus ongeldig te wees. H2 kan dus op grond van die genoemde skale verwerp word.

Na aanleiding van Tabel 4.11 blyk dit dat daar veral negatiewe korrelasies voorkom tussen die POI-skale en Eksterne Beheer en positiewe korrelasies tussen die POI-skale en Interne Beheer. Die resultate kan gevolglik dien as 'n aanduiding van 'n interne lokus van evaluering, alhoewel die korrelasies nie beduidend is nie. 'n Interne lokus van evaluering behels onder andere eienskappe soos volwassenheid, emosionele stabiliteit, verantwoordelikheid en vrye denke.

Dit blyk verder uit Tabel 4.11 dat 'n persoon met 'n interne beheer 'n hoë selfagting het en volgens sy selfaktualiseringswaardes leef. 'n Persoon met 'n eksterne beheer is afhanklik van en word beïnvloed deur eksterne magte. Só 'n persoon toon 'n onvermoë om sy swakhede te aanvaar, is onsensitief teenoor sy eie gevoelens en ervaar probleme met interpersoonlike verhoudinge. Die persoon met 'n eksterne beheer is in 'n proses van voortdurende soeke na aanvaarding, gekenmerk deur manipulering en 'n poging om van agter sy masker te beïndruk.

Die korrelasies kan verder verduidelik word deur na die korrelasies tussen die POI en die LVB ten opsigte van ras te kyk. Die korrelasies wat ten opsigte van ras verkry is, sal met die korrelasies van die totale ondersoekgroep vergelyk word.

In Tabel 4.12 word die korrelasie van die POI met die LVB ten opsigte van blanke toetskandidate aangedui.

TABEL 4.12 : KORRELASIES TUSSEN DIE POI EN DIE LVB BY DIE BLANKE TOETSKANDIDATE (N = 177)

| | Eksterne Beheer | Interne Beheer | Outonomie |
|---|---|---|---|
| Tc | 0,34 | -0,19 | -0,10 |
| I | -0,28* | 0,25* | 0,12 |
| SAV | -0,21 | 0,27* | 0,13 |
| Ex | -0,15 | 0,12 | 0,04 |
| Fr | -0,12 | 0,14 | 0,09 |
| S | -0,24 | 0,04 | 0,05 |
| Sr | -0,36* | 0,23 | 0,08 |
| Sa | -0,22 | 0,23* | 0,09 |
| Nc | -0,11 | 0,11 | 0,06 |
| Sy | -0,21* | 0,27* | 0,12 |
| A | -0,18 | 0,28* | 0,24* |
| C | -0,26* | 0,20* | 0,06 |

* Korrelasies is beduidend (r ≥ 0,20) en hoër as dié in Tabel 4.11

Die korrelasies wat tussen die POI en die LVB by blanke toetskandidate verkry is, varieer tussen 0,04 en 0,36. Dit is tussen Spontaneïteit (S) en Interne Beheer en tussen Selfagting (Sr) en Eksterne Beheer.

Na aanleiding van Tabel 4.12 toon Outonomie 'n beduidende korrelasie met Aanvaarding van aggressie (A). Die navorsingshipotese H3 kan dus vir die blanke toetskandidate op grond van die resultate wat in Tabel 4.12 verkry is, aanvaar word.

Tydratio (Tc) korreleer by die blanke toetskandidate ook positief met Eksterne Beheer. Die gebrek aan konstrukgeldigheid van hierdie skaal word dus weereens deur hierdie korrelasie bevestig. Die res van die POI-skale toon verder negatiewe korrelasies met Eksterne Beheer en positiewe korrelasies met Interne Beheer.

Dit blyk uit Tabel 4.12 dat 'n persoon met 'n eksterne beheer gevoelens van lae selfwaarde toon tesame met 'n onvermoë om die teenoorgesteldes in die lewe as betekenisvol met mekaar in verband te bring. Die persoon met 'n interne beheer kan

self besluite neem, streef na optimaliteit, aanvaar homself met sy swakhede, aanvaar sy eie aggressie as natuurlik en is in staat tot intieme interpersoonlike verhoudinge.

In Tabel 4.13 word die korrelasie van die POI met die LVB ten opsigte van swart toetskandidate aangedui.

TABEL 4.13 : KORRELASIES TUSSEN DIE POI EN DIE LVB BY DIE SWART TOETSKANDIDATE (N = 48)

| | Eksterne Beheer | Interne Beheer | Outonomie |
|---|---|---|---|
| **Tc** | 0,29 | -0,04 | -0,15 |
| **I** | -0,16 | 0,03 | 0,07 |
| **SAV** | -0,13 | 0,18 | 0,21* |
| **Ex** | -0,13 | -0,17 | -0,19 |
| **Fr** | 0,03 | 0,14 | 0,14 |
| **S** | -0,16 | 0,04 | 0,15 |
| **Sr** | -0,20 | 0,36* | 0,38* |
| **Sa** | -0,14 | -0,20* | -0,21* |
| **Nc** | -0,05 | 0,10 | 0,26* |
| **Sy** | -0,03 | 0,31* | 0,35* |
| **A** | 0,04 | -0,06 | -0,12 |
| **C** | -0,10 | -0,17 | -0,07 |

* Korrelasies is beduidend ($r \geq 0,20$) en hoër as dié in Tabel 4.11

Die korrelasies wat tussen die POI en die LVB by swart toetskandidate verkry is, varieer tussen 0,03 en 0,38. Dit is tussen Gevoelsrefleksie (Fr) en Sinergie (Sy) en Eksterne Beheer en tussen Selfagting (Sr) en Outonomie.

Na aanleiding van Tabel 4.13 is die korrelasies wat ten opsigte van die LVB-faktore en Tydratio (Tc), Eksistensialiteit (Ex), Gevoelsrefleksie (Fr), Selfaanvaarding (Sa), Aanvaarding van aggressie (A) en Kapasiteit vir intieme kontak (C) verkry is, nie volgens verwagting nie. Hierdie korrelasies kan daarop dui dat die toetskandidate geneig kan wees om situasies buite hul beheer aan die omgewing toe te skryf. Dit blyk ook dat die persone nie in hul eie vermoëns glo nie en nie gewillig is om self besluite vir die oplos van probleme te neem nie. Verder ontken hulle die natuurlike bestaan van hul

eie aggressie. Die bogenoemde POI-skale blyk gevolglik ten opsigte van die swart toetskandidate ongeldig te wees.

Die korrelasie tussen Sinergie (Sy) en Interne Beheer en Outonomie is 'n aanduiding dat daar oor die vermoë beskik word om betekenisvol teenoorgesteldes met mekaar in verband te bring. Die negatiewe alpha-koëffisiënt wat egter op Sy ten opsigte van die swart toetskandidate verkry is, dien as 'n aanduiding dat hierdie skaal glad nie 'n betroubare meting gee nie. Dit het tot gevolg dat enige beduidende korrelasie wat met hierdie skaal verkry is, glad nie as betroubaar beskou kan word nie.

Verdere aspekte wat uit Tabel 4.13 na vore tree, is 'n hoë selfagting, 'n mate van selfaktualisering en verder die blamering van die buitewêreld vir die teenwoordigheid van aggressie.

Op grond van bogenoemde bespreking kan H2 (soos reeds in 4.3.1 aangedui) en H3 aanvaar word. Die POI kan gevolglik beskou word as 'n geldige meetinstrument vir psigologiese optimaliteit vir universiteitstudente. Hiermee is die vierde navorsingsvraag, soos geformuleer in Hoofstuk 1, beantwoord.

## 4.4 HOOFSTUKSAMEVATTING

In hierdie hoofstuk is die resultate van die empiriese ondersoek gerapporteer en bespreek. Daar is eerstens verslag gelewer oor die beskrywende statistiek van die onderskeie meetinstrumente. Daarna is die resultate van die betroubaarheid- en geldigheidstudie aan die hand van die gestelde hipoteses gerapporteer en bespreek.

Hiermee is die derde en vierde spesifieke doelstellings, naamlik om die betroubaarheid en geldigheid van die Persoonlike Oriëntasievraelys vir universiteitstudente te bepaal, afgehandel, en is die derde en vierde navorsingsvraag beantwoord.

In Hoofstuk 5 word die gevolgtrekkings van die empiriese ondersoek gebied, waarna die leemtes in die navorsing uitgewys en aanbevelings geformuleer sal word.

# HOOFSTUK 5

# GEVOLGTREKKINGS, LEEMTES EN AANBEVELINGS

In hierdie hoofstuk word die gevolgtrekkings wat op grond van die resultate van die empiriese ondersoek gemaak word, aangebied, die leemtes in die navorsing aangedui en aanbevelings geformuleer.

## 5.1 GEVOLGTREKKINGS

Die gevolgtrekkings word vervolgens op grond van die resultate van hierdie navorsing geformuleer.

Ten opsigte van spesifieke teoretiese doelstellings word die volgende gevolgtrekkings gemaak:

1. **Psigologiese optimaliteit** word beskou as 'n voortdurende ontwikkelingsproses in die optimalisering van fisieke, psigiese en geestelike potensiaal. Dit is 'n proses waartydens die individu duideliker selfkonsepte bekom deur terugvoer van die omgewing, toenemend bewus word van sy verantwoordelikhede en homself in sy werk, in sy interpersoonlike relasies en in sy religieuse verhouding transendeer. Die gevolg van psigologiese optimaliteit is 'n geheelwording van die psige, 'n interne lokus van evaluering, 'n vryheid van keuse en 'n realiteitsgeoriënteerde bewustheid van die hede.

2. Die **persoonlikheidskenmerke** van die psigologies optimaal-funksionerende persoon word in intrapersoonlike en interpersoonlike kenmerke onderverdeel. Die *intrapersoonlike kenmerke* waaroor die psigologies optimaal-funksionerende persoon beskik, is emosionele stabiliteit en kalmte, assertiwiteit, entoesiasme, kreatiwiteit en onafhanklikheid. Hy is verder selfgenoegsaam en tree op vanuit 'n interne lokus van evaluering. *Interpersoonlike kenmerke* behels respek, egtheid en empatie.

Ten opsigte van die spesifieke empiriese doelstellings word die volgende gevolgtrekkings gemaak:

1. Die **betroubaarheid** van die Persoonlike Oriëntasievraelys toon vir die meting van psigologiese optimaliteit ten opsigte van universiteitstudente lae tot hoë betroubaarheidskoëffisiënte wat deur middel van interne konsekwentheid bepaal is. Hierdie resultate is in ooreenstemming met vorige navorsing ten opsigte van die POI. Daar is veral ten opsigte van swart toetskandidate lae betroubaarheidskoëffisiënte verkry. Dit is 'n aanduiding dat die POI nie 'n betroubare meetinstrument van psigologiese optimaliteit by hierdie groep is nie. Oor die algemeen blyk dit dat die POI net ten opsigte van sekere skale betroubaar is naamlik Tydratio (Tc), Ondersteuningsratio (I), Eksistensialiteit (Ex), Selfaanvaarding (Sa), Aanvaarding van aggressie (A) en Kapasiteit vir intieme kontak (C). Die res van die POI-skale kan as nie-betroubaar beskou word.

2. Die **geldigheid** van die Persoonlike Oriëntasievraelys is deur middel van Pearson se produkmomentkorrelasies met die Sestien-Persoonlikheidsfaktorvraelys en die Lokus van Beheer-vraelys bepaal. Dit blyk dat die POI oor konstrukgeldigheid beskik, behalwe ten opsigte van Tydratio (Tc) en Gevoelsrefleksie (Fr). Die aanname kan gemaak word dat hierdie twee skale nie meet wat dit veronderstel is om te meet nie. Ten opsigte van die resultate van die swart kandidate blyk dit dat die POI oor heelwat skale beskik wat minder geldig is. Die lae betroubaarheidskoëffisiënte wat hierdie groep deur middel van interne konsekwentheid behaal het, moet egter hier in ag geneem word. Oor die algemeen blyk dit dat die POI nie 'n geldige meetinstrument van psigologiese optimaliteit vir swartes is nie.

## 5.2 LEEMTES IN DIE NAVORSING

Die volgende leemtes is ten opsigte van hierdie navorsing geïdentifiseer:

- Die empiriese ondersoek het slegs studente verbonde aan die Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe van die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys, ingesluit en is deur middel van 'n beskikbaarheidsteekproef verkry. Die bevindinge kan dus nie veralgemeen word om alle universiteitstudente in Suid-Afrika in te sluit nie.

- Daar was te min swart toetskandidate in die ondersoekgroep om die volle uitwerking van hul resultate op die betroubaarheid- en geldigheidstudie as betekenisvol te beskou.

- Die ondersoekgroep van 225 persone was te klein om 'n faktorontleding vir die bepaling van konstrukgeldigheid, op die Persoonlike Oriëntasievraelys te doen .

- Die meetinstrumente was net in Afrikaans en Engels beskikbaar, en daar is dus nie voorsiening gemaak vir ander taalvoorkeure nie. Hierdie aspek kon 'n invloed op die toetsresultate van die swart toetskandidate gehad het.

## 5.3 AANBEVELINGS

Die volgende aanbevelings kan ten opsigte van die gebruik van die Persoonlike Oriëntasievraelys as meetinstrument van psigologiese optimaliteit by universiteit-studente geformuleer word:

- Die gebruik van die POI in die bedryf en in 'n universiteitsomgewing kan steeds plaasvind, alhoewel die gebrek aan voldoende betroubaarheid- en geldigheid-studies in Suid-Afrika die toetsafnemer noodsaak om die resultate wat verkry word versigtig te hanteer en in samewerking met ander toetsresultate soos die 16 PF en die LVB, te interpreteer.

- Die gebruik van die POI, in sy huidige vorm, om psigologiese optimaliteit by swart persone te bepaal, moet versigtig hanteer word, veral omdat dit blyk dat die POI nie 'n betroubare meetinstrument vir hierdie konstruk by hulle is nie.

- Die POI moet vir die gebruik op alle kultuurgroepe en Suid-Afrikaanse omstandighede gestandaardiseer word. Die betroubaarheid en geldigheid van die POI kan sodoende verhoog word.

Die volgende aanbevelings kan ten opsigte van toekomstige navorsing geformuleer word:

- Verdere navorsing rakende die betroubaarheid en geldigheid van die POI by universiteitstudente moet onderneem word. Daar moet spesifiek van ewekansige steekproewe gebruik gemaak word, en gelyke verteenwoordiging van alle kultuurgroepe moet verkry word.

- Verdere navorsing oor die interne konsekwentheid, konstruk- en inhoudsgeldigheid van die POI by respondente buite 'n universiteitsomgewing is nodig.

- Normtabelle vir die gebruik van die POI op universiteitstudente moet vir Suid-Afrikaanse omstandighede vasgestel word.

Hiermee is die vyfde spesifieke doelstelling, naamlik om te bepaal watter aanbevelings ten opsigte van die gebruik van die Persoonlike Oriëntasievraelys op universiteitstudente gemaak kan word, bereik en die vyfde navorsingsvraag beantwoord.

## BIBLIOGRAFIE


ALLPORT, G.W. 1951. Personality: a psychological interpretation. New York : Henry Holt.

ALLPORT, G.W. 1956. Personality: a psychological interpretation. 2nd ed. London : Constable.

ALLPORT, G.W. 1961. Pattern and growth in personality. London : Holt, Rinehart & Winston.

ALLPORT, G.W. 1970. Pattern and growth in personality. 2nd ed. London : Holt, Rinehart & Winston.

ANASTASI, A. 1988. Psychological testing. 6th ed. New York : MacMillan.

BLOXOM, B. 1972. The Personal Orientation Inventory. ( In Buros, O.K., ed. The Seventh Mental Measurement Yearbook. New Jersey : Gryphon Press. p.290-292.)

BURNS, N. & GROVE, S.K. 1993. The practice of nursing research: conduct, critique and utilization. 2nd ed. Philadelphia, Pa. : Saunders.

CARKHUFF, R.R. 1983. The art of helping: trainer's guide. 2nd ed. Amherst, Mass. : Human Resource Development Press.

CATTELL, R.B., EBER, H.W. & TATSUOKO, M.M. 1974. Handbook for the Sixteen Personality Factor Questionaire (16PF). Illinois : IPAT Champaign.

CCS (CENTRAL STATISTICAL SERVICE). 1995. RSA statistics in brief. Cape Town: CTP Book Printers.

CILLIERS, F.V.N. 1984. 'n Ontwikkelingsprogram in sensitiewe relasievorming as bestuursdimensie. Potchefstroom : PU vir CHO. (Proefskrif - D.Phil.)

CILLIERS, F.V.N. 1985. Sensitiewe relasievorming as bestuursdimensie. (Referaat gelewer op 31 Oktober 1985 tydens die Derde Nasionale Kongres van die Sielkundevereniging van Suid-Afrika by die Universiteit van Pretoria.) Potchefstroom.

CILLIERS, F.V.N. 1988. Die konsep sielkundige optimaliteit in bestuur. IPM joernaal, 7(5):15 -18, Okt.

CILLIERS, F.V.N. 1994. Die selfaktualiseringsprofiel van UNISA toesighouers. Progressio, 16(2):96 -105.

CILLIERS, F.V.N. & WISSING, M.P. 1993. Sensitiewe relasievorming as bestuursdimensie: die evaluering van 'n ontwikkelingsprogram. Tydskrif vir bedryfsielkunde, 19(1):5-10.

CLEMENS, W.V. 1956. An analytical and empirical examination of some properties of ipsative measures. Psychometric monograph, 14.

COETZER, E.L. & SCHEPERS, J.M. 1997. Die verband tussen Lokus van Beheer en die werksprestasie van swart bemarkers in die lewensversekeringsbedryf. Tydskrif vir bedryfsielkunde, 23(1):34-41.

CULBERT, S.A., CLARK, J.V. & BOBELE, H.K. 1968. Measures of change toward self-actualization in two sensitivity training groups. Journal of counseling psychology, 15(1):53-57.

DAY, B. & MATTHES, W. 1992. A comparison of Jungian, Person-centered, and Gestalt approaches to personal growth groups. The journal for specialists in groupwork, 17(2):105-115, May.

DE KLERK, F.A.J. 1995. Psigometrie. Potchefstroom : PU vir CHO.

DE WET, J.J., MONTEITH, J.L.DE.K., VENTER, P.A. & STEYN, H.S. 1981. Navorsingsmetodes in die opvoedkunde: 'n inleiding tot empiriese navorsing. Durban : Butterworth.

DOYLE, J.A. 1976. Self-actualization, neuroticism and extraversion revisited. Psychological reports, 39:1081-1082.

DUNCAN, R.C., KONEFAL, J. & SPECHLER, M.M. 1990. Effect of neurolinguistic programming training on self-actualization as measured by the Personal Orientation Inventory. Psychological reports, 66:1323-1330, Jun.

DUTTWEILER, P.C. 1984. The Internal Control Index: a newly developed measure of locus of control. Educational and psychological measurement, 44:209-221.

ESTERHUIZEN, E. 1997. Die validering van 'n keuringsbattery vir sekuriteitsbeamptes in die Goudmynbedryf. Potchefstroom : PU vir CHO. (Skripsie: M.Comm.).

FOGARTY, G.J. 1994. Using the Personal Orientation Inventory to measure change in student self-actualization. Personality and individual differences, 17(3):435-439, Sep.

FOULDS, M.L. 1969. Self-actualization and level of counselor interpersonal functioning. Journal of humanistic psychology, 9(1):87-92, Spr.

FRANKL, V.E. 1967. The will to meaning: foundations and applications of logotherapy. New York : World Publishing.

FRANKL, V.E. 1969. Man's search for meaning. New York : Washington Square Press.

FRANKL, V.E. 1978. Waarom lewe ek? Kaapstad : HAUM.

FRANKL, V.E. 1984. Man's search for meaning. New York : Washington Square Press.

FURNHAM, A. 1986. Economic locus of control. Human relations, 39:29-43.

GOLDEN, C.J. 1979. Clinical interpretation of objective psychological tests. New York: Grune and Stratton.

GOLDMAN, J.A. & OLCZAK, P.V. 1981. Effect of test sensitization and knowledge about self-actualization on taking the Personal Orientation Inventory. Education and psychology measurement, 44:49-53.

HATTIE, J. 1986. A defence of the Shostrom Personal Orientation Inventory: a rejoinder to Ray. Personality and individual differences, 7(4):593-594.

HATTIE, J. & COOKSEY, R.W. 1984. Procedures for assessing the validities of tests using the "Known - Group" method. Applied psychology measurement, 8(5):295-305, Sum.

HERBST, T. 1998. Management competencies for the new millenium. People dynamics, 16(1):30-35, Jan.

HICKS, L.E. 1970. Some properties of ipsative, normative and forced-choice normative measures. Psychological bulletin, 74(3):167-184.

HUYSAMEN, G.K. 1993. Metodologie vir die sosiale en gedragswetenskappe. Halfweghuis : Southern Boekuitgewers.

ILARDI, R.L. & MAY, W.T. 1968. A reliability study of Shostrom's Personal Orientation Inventory. Journal of humanistic psychology, 8:68-72.

JONES, A. & CRANDALL, R. 1986. Validation of a short index of self-actualization. Personality and social bulletin, 12(1):63-73.

JORGENSEN, L.I. 1996. Die evaluering van 'n opleidingsprogram ten opsigte van interpersoonlike doeltreffendheid binne die Suid-Afrikaanse Polisiediens-Opleidings-kollege. Potchefstroom : PU vir CHO. (Skripsie: MA.).

KERLINGER, F.N. 1986. Foundations of behavioral research. 3rd ed. Fort Worth, Texas : Harcourt Brace & Company.

KIRSCENBAUM, H. & HENDERSON, V.L. 1989. The Carl Rogers reader. Boston, Mass. : Houghton Mifflin.

KNAPP, R.R. 1965. Relationship of a measure of self-actualization to neuroticism and extraversion. Journal of consulting psychology, 29:168-172.

KNAPP, R.R. 1976. Handbook for the Personal Orientation Inventory. San Diego, Calif. : Edits.

KNAPP, R.R. & SHOSTROM, E.L. 1976. POI outcomes in studies of growth groups: a selected review. Group and organisation studies, 1(2):187-202, June.

LEEDY, P.D. 1993. Practical research: planning and design. 5th ed. New York : Macmillan.

LEITSCHUH, G.A. & RAWLINS, M.E. 1991. Personal Orientation Inventory correlated with physical health. Psychological reports, 69(2):687-690, Oct.

LEVENSON, H. 1974. Activism and powerful others: distinctions within the concept of concept of internal-external control. Journal of personality assessment, 38:377-383.

LOUBRIS, S., CROUS, F. & SCHEPERS, J.M. 1995. Management by objectives in relation to optimal experience in the workplace. Journal of industrial psychology, 21(2):12 -17.

LOURENS, J.G. 1982. 'n Psigo-diagnostiese ondersoek na die waarde van die Tematiese Appersepsietoets vir Kleurlinge. Kaapstad : UP (Proefskrif - D.Phil.)

LOUW, D.A. & EDWARDS, D.J.A. 1993. Sielkunde: 'n inleiding vir studente in Suider-Afrika. Johannesburg : Lexicon.

LUNDIN, R.W. 1991. Theories and systems of psychology. 4th ed. Lexington, Mass.: Heath.

MAAS, F. 1980. Die persoonlikheidsteorie van Catell. Pretoria : RGN.

MADDI, S.R. 1976. Personality theories: a comparitive analysis. 3rd ed. Homewood, Ill. : Dorsey.

MASLOW, A.H. 1954. Motivation and personality. New York : Harper and Brothers.

MASLOW, A.H. 1962. Toward a psychology of being. New York : Van Nostrand.

MASLOW, A.H. 1970. Motivation and personality. 2nd ed. New York : Harper and Brothers.

MASLOW, A.H. 1971. The farther reaches of human nature. New York : Viking.

McCLAIN, E.W. 1970. Further validation of the Personal Orientation Inventory: assessment of self-actualization of school counselors. Journal of consulting and clinical psychology, 35(2):21-22.

MEYER, W.F. 1971. Persoonlikheidsielkunde: 'n Inleiding aan die hand van Allport se teorie. Pretoria : Van Schaik.

MEYER, W.F., MOORE, C. & VILJOEN, H.G. 1994. Persoonlikheidsteorieë van Freud tot Frankl. Johannesburg : Lexicon.

MOUTON, J. & MARAIS, H.C. 1992. Basiese begrippe: metodologie van die geesteswetenskappe. Pretoria : RGN.

MURPHY, K.R. & DAVIDSCHOFER, C.O. 1998. Psychological testing: principles and applications. 4th ed. Englewood Cliffs, N.J. : Prentice Hall.

NOWICKI, S. & STRICKLAND, B.R. 1973. A locus of control scale for children. Journal of consulting and clinical psychology, 40:148-154.

OAKLAND, J.A., FREED, F., LOVEKIN, A., DAVIS, J.P. & CAMILLERI, R. 1978. A critique of Shostrom's Personal Orientation Inventory. Journal of humanistic psychology, 18(2):75 -85.

OSBORNE, J.W. & STEEVES, L. 1981. Relation between self-actualization, neuroticism and extraversion. Perceptual and motor skills 53:996-998.

PARHAM, T.A. & HELMS, J.E. 1985. Attitudes of racial identity and self-esteem of black students: an exploratory investigation. Journal of college student personnel, 143-147, Mar.

PAYNE, T.J. 1981. Counselors' levels of self-actualization and prognoses for their clients: further support for the POI. Journal of drug education, 11(4):369-375.

PLUG, C., LOUW, D.A., GOUWS, L.A. & MEYER, W.F. 1997. Verklarende en vertalende sielkundewoordeboek. 3de uitg. Johannesburg : Heinemann.

PRESCOTT, M.R., CAVATTA, J.C. & ROLLINS, K.D. 1977. The fakability of the Personal Orientation Inventory. Counselor education and supervision, 17(2):116-119, Dec.

PRINSLOO, C.H. 1992. Handleiding vir die gebruik van die Sestien-Persoonlikheidsfaktorvraelys, Suid-Afrikaanse 1992-weergawe. Pretoria : RGN.

PRINSLOO, E. 1992. Selfaktualisering: 'n andragogiese en pedagogiese perspektief op enkele rigtinggewende teorieë. South African journal of education 12(4):433 -438, Nov.

RAANAN, S.L. 1973. Test review. Journal of counseling psychology, 20:477-478.

RASKIN, N.J. & ROGERS, C.R. 1989. Person-centered therapy. ( In Corsini, R.J. & Wedding, D., eds. Current psychotherapies. 4th ed. Itasca, Ill. : Peacock. p.155 - 196.)

RAY, J.J. 1984. A caution against use of the Shostrom Personal Orientation Inventory. Personality and individual differences, 5(6):755.

RAY, J.J. 1986. Perils in clinical use of the Shostrom POI: a reply to Hattie. Personality and individual differences, 7(4):591.

RIZZO, R. & VINACKE, E. 1975. Self-actualization and the meaning of critical experience. Journal of humanistic psychology, 15(3):19-30, Sum.

ROGERS, C.R. 1951. Client-centered therapy: it's current practice, implications and theory. Boston, Mass. : Houghton-Mifflin.

ROGERS, C.R. 1961. On becoming a person: a therapist's view of psychotherapy. Boston, Mass. : Houghton-Mifflin.

ROGERS, C.R. 1973. Client-centered therapy. London : Constable.

ROGERS, C.R. 1975. On becoming a person: a therapist's view of psychotherapy. London : Consable.

ROTHMANN, S. 1986. Bestuursgedragverskille tussen twee groepe middelvlak-bestuurders in die Suid-Afrikaanse Weermag. Potchefstroom : PU vir CHO. (Skripsie - M.Com.)

ROTHMANN, S. 1995. Personeelsielkunde. Potchefstroom : PU vir CHO.

ROTHMANN, S. 1996. Die samestelling en evaluering van 'n groepfasiliteringskursus. Potchefstroom : PU vir CHO. (Proefskrif - D.Phil.).

ROTHMANN, S. 1997. Handleiding vir BPK715. Potchefstroom : PU vir CHO.

SAS INSTITUTE. INC. 1985. SASR users guide: Statistics. 5th ed. Cary, N.C. : SAS Institute Inc.

SCHAFER, W.D. & JONES, J.R. 1977. A modified split-half approach to internal consistency estimates for the Personal Orientation Inventory. Psychological reports, 41(3. Pt1):1020-1021, Dec.

SCHEPERS, J.M. 1995. Die lokus van beheer-vraelys: konstruksie en evaluering van 'n nuwe meetinstrument. Johannesburg : RAU.

SCHEPERS, J.M. 1996. The development of a statistical procedure to correct the effects of restriction of range on validity coefficients. Journal of industrial psychology, 22(1):19-28.

SCHOLTZ, D.T. 1994. Die fasilitering van selfaktualisering. Pretoria : UNISA. (Skripsie: MA.).

SCHULTZ, D.P. 1977. Growth psychology: models of the healthy personality. New York : D. Van Nostrand Co.

SCHULTZ, D.P. & SCHULTZ, S.E. 1996. A history of modern psychology. 6th ed. Fort Worth : Harcourt Brace.

SCHULZ, G.M. 1994. Reliability and validity of the Personal Orientation Questionnare in South Africa. Pretoria : UNISA. (Dissertation: MA.).

SCHWAB, R. & HARRIS, T.L. 1981. Personal growth of counselor trainees. Counselor education and supervision, 20(3):219-222, Mar.

SHOSTROM, E.L. 1966. Manual for the Personal Orientation Inventory. San Diego, Calif. : Edits.

SHOSTROM, E.L. 1974. Manual for the Personal Orientation Inventory (rev. ed.). San Diego, Calif. : Edits.

SHOSTROM, E.L. 1976. Actualizing Therapy: Foundations for a scientific ethic. San Diego, Calif. : Edits.

SHOSTROM, E.L. & KNAPP, R.R. 1966. The relationship of a measure of selfactualization (POI) to a measure of pathology (MMPI) and to therapeutic growth. American journal of psychotherapy 20:193 -202.

SICZ, G. & FOREST, J. 1980a. Norms for the Personal Orientation Inventory profile sheet. Psychological reports, 46:376-378.

SICZ, G. & FOREST, J. 1980b. Subjects' perceived difficulties in the Personal Orientation Inventory. Perceptual and motor skills, 51:986.

SILVERSTEIN, A.B. & FISHER, G. 1973. Internal consistency of POI scales. Psychological reports, 32:33-34.

SMIT, G.J. 1981. Psigometrika. Pretoria : HAUM.

SMIT, G.J. 1991. Psigometrika: aspekte van toetsgebruik. Pretoria : HAUM.

STEYN, A.G.W., SMIT, C.F., DU TOIT, S.C.H. & STRASHEIM, C. 1994. Moderne statistiek vir die praktyk. Pretoria : Van Schaik.

TOSI, D.J. & HOFFMAN, S. 1972. A factor analysis of the Personal Orientation Inventory. Journal of humanistic psychology, 12(1):86-93, Spr.

WALL, J.B. 1970. Relationship of Locus of Control to self-actualization. Psychological reports, 27:282.

WALLSTON, K.A., WALLSTON, B.S. & DE VELLIS, R. 1978. Development of the Multidimensional Health Locus of Control (MHLC) Scale. Health education monographs, 6:160-170.

WALLSTON, K.A., WALLSTON, B.S., KAPLIN, G.D. & MAIDES, J.A. 1976. Development and validation of the Health Locus of Control (HLC) Scale. Journal of consulting and clinical Psychology, 44:580-585.

WEISS, A.S. 1987. Shostrom's Personal Orientation Inventory: arguments against its basic validity. Personality and individual differences, 8(6):895-903.

WISE, G.W. 1977. The Personal Orientation Inventory: a study of internal consistency. Psychological reports, 40(3. Pt1):1000-1002, Jun.

WISSING, M.P. & VAN EEDEN, C. 1997. Psychological well-being: a fortigenic conceptualization and empirical clarification. (Paper delivered at the 3rd Annual Congress of the Psychological Society of South Africa, 10 -12th September 1997.) Durban.